DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

4 Augustus 1989 Tel: (011) 836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)





Politieke teater in jou eie huis - 9



EKSKLUSIEF! Soetlief en die Ondier: die volledige bandopnames - 7






Protes by die Johannesburgse Hospitaal

# Vlok-plan val plat



**Elsabé Wessels en Charles Leonard**

**DIE regering se pogings om die protes van die breë demokratiese beweging tot 'n sentrale verkiesingskwessie te verhef met voorspooksels van bloedvergieting, het geboemerang en nou vir hom 'n yslike verleentheid geword.**

*Die regering moes Woensdag gedweë toekyk hoe apartheid openlik deur swart en wit Suid-Afrikaners geminag word.*

Daar was nie 'n enkele voorval van geweld nie en hospitaaldienste is nie ontwrig nie. Die protes word nou verder uitgebrei.

Leiers van die breë demokrateise beweging het dit gister as 'n "klinkende en strategiese oorwinning" beskryf.

Die openlike minagting van "slegs blankes"-bordjies by hospitale landwyd het die verswakte posisie van die regering om apartheid in stand te hou, op dramatiese wyse gedemonstreer, sê dié leiers.

Die protes het plaasgevind ondanks die omvattende maatreëls onder die huidige noodtoestand, padblokkades wat in Pretoria opgestel is en dreigemente dat die polisie sal toeslaan.

Op een dag is 260 siek swartmense in blanke hospitale in die Transvaal en Natal behandel. Niemand is egter opgeneem nie.

Met dié historiese minagting van apartheid in hospitale het die breë demokratiese beweging ten aanskoue van buitelandse diplomatieke verteenwoordigers en die internasionale pers 'n omvattende versetveldtog van stapel gestuur wat nog maande lank op verskeie fronte gaan voortduur.

"Ons wil nie mense skrik op die lyf jaag nie. Ons probeer om skanse tussen alle Suid-Afrikaners af te breek," sê een van die leiers.

Die leierskap van die breë demokratiese beweging verwag egter nie dat die regering handdoek gaan ingooi nie.

Verskeie hospitaalowerhede het laat blyk dat hulle hul nie sal laat "intimideer" nie. Maar die breë demokratiese beweging het dit onomwonde gestel dat alle hospitale van Woensdag af as oop vir almal beskou word.

Monitorgroepe is aangestel om seker te maak dat niemand behandeling geweier word nie.

Die Demokratiese Party se woordvoerder

*vervolg op bladsy 2*

# SA kry stil-stil nóg 'n 'Berlynse muur'

**Jacques Pauw en Charles Leonard**

DIE "Berlynse Muur" op Suid-Afrika se noordgrens - 'n dodelike en haas ondeurdringbare geëlektrifiseerde draadheining met 'n skokkrag van 20 000 volt - is stilstil deur die weermag met 'n verdere 24 kilometer verleng om nou ook die Botswana-grens af te kamp.

Die nuwe heining, wat pas teen 'n koste van R200 000 per kilometer voltooi is, bring mee dat Suid-Afrika geëlektrifiseerde heinings op sy grense met Mosambiek, Zimbabwe en nou ook Botswana het.

Die Konserwatiewe Party en die Demokratiese Party het vandeesweek skerp gereageer teen die nuwe heining en die koste om dit op te rig. Hoewel die weermag sê die oprigting daarvan is nooit geheim gehou nie, is nie een van die partye se woordvoerders oor verdediging daarvan in kennis gestel nie.

'n Woordvoerder van die weermag in Pretoria, kmdt Riaan Louw, het vandeesweek bevestig dat die nuwe heining by die samelope van die Limpopo- en Shashiriviere op die Botswanagrens opgerig is. Dit is 23,6 kilometer lank en het R4,8 miljoen gekos.

Intussen verneem Vrye Weekblad dat daar ernstige onmin tussen sekere grensboere en die weermag oor die oprigting van die heining bestaan. Die weermag is glo voornemens om die heining verder te verleng en van die boere is daarteen gekant.

Daar word glo vroeg volgende week 'n ontmoeting tussen van die boere en die weermag gehou om hulle probleme te bespreek. Een van die beswaardes, prof Johan Swart, wou nie kommentaar op die boere se klagtes lewer nie omdat die saak te "sensitief" is.

Die eerste geëlektrifiseerde heining van 12 kilometer is in 1985 op Suid-Afrika se grens met Zimbabwe naby Messina opgerig. Verskeie mense wat die grens wou oorsteek en talle diere wat by die rivier wou uitkom, is die afgelope jare daar doodgeskok.

Die tweede geëlektrifiseerde heining, ook 24 kilometer lank, is in 1986 ondanks hewige kritiek op Suid-Afrika se grens met Mosambiek naby Komatipoort opgerig.

Dié heining het die Sjangaanbevolking van Suider-Afrika in twee verdeel en die hoop van

*vervolg op bladsy 2*

Wie en wat is die 'breë demokratiese beweging'? - 5

*Vervolg van bladsy 1*

## Suid-Afrika se eie skandmuur

duisende verhongerde en ontredderde Mosambiekers verydel om 'n veilige heenkome in Suid-Afrika te bereik.

Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, het in Augustus verlede jaar gesê dat 31 mense, almal vermoedelik Mosambiekers, in die eerste jaar van die bestaan van dié draad doodgeskok is.

Soldate en polisiemanne wat die grensgebied patrolleer, verwys na die geëlektrifiseerde heinings as die "kaiingdrade". Die elektriese stroom is só sterk dat hy 'n mens kan doodskok nog voor hy aan die draad raak. Die nuwe heining is soortgelyk aan die ouer twee.

Louw sê die weermag het besluit om voort te gaan met die oprigting van die heining aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens omdat dié gebied 'n belangrike deurgangsroete van "terroriste" is. Hy sê die heining moet veral boere in die grensgebiede teen terreuraanvalle beskerm.

Die heining is deur die kontrakteursfirma M en R-omheinings opgerig wat ook die onderhoud sal doen. Die heining sal egter deur die weermag gepatrolleer word.

Louw sê geen mense is al deur die heining doodgeskok nie, maar 'n paar diere wel.

Die DP se woordvoerder oor verdediging, Dave Dalling, het die heining veroordeel en gesê dit is 'n Berlynse Muur wat opgerig word met die doel om mense dood te skok.

"Ek is baie ongelukkig met die wyse waarop belastingbetalers se geld al weer spandeer word. So 'n heining is geweldig duur en daar bestaan talle vrae oor die werklike effektiwiteit daarvan.

"Ek het niks van die nuwe heining geweet nie en is nooit daaroor ingelig nie. Ek weet nie wat die weermag nou probeer doen nie. Dit sal belaglik wees as hulle gaan probeer om die hele noordgrens met 'n geëlektrifiseerde heining toe te span," het Dalling gesê.

Die KP se woordvoerder oor verdediging, Koos van der Merwe, het gesê die KP is versigtig om die weermag oor veiligheidsaangeleenthede te kritiseer, maar dit lyk asof "iets eienaardigs" hier aan die gang is. Van der Merwe is 'n lid van die Parlement se staande komitee oor verdediging en is ook nie oor die heining ingelig nie.

"Die KP sukkel geweldig om iets uit generaal Malan te kry. Ek moes vanjaar 'n beroep op die staatspresident doen om in te gryp sodat ek behoorlike voorligting oor verdedigingsake kon kry.

"Dit is moeilik om iets oor die heining te sê omdat ek min daarvan weet. Daar is natuurlik twyfel of dit werklik werk," het Van der Merwe gesê.



**Die geëlektrifiseerde heining op die grens tussen Suid-Afrika en Mosambiek. 'n Soortgelyke heining is ook nou op die Botswana-grens opgerig.**

# Veldtog om rebelle-toer te kelder

**Charles Leonard**

DIE versetveldtog van die breë demokratiese beweging gaan uitgebrei word om die voorgenome Engelse rebelletoer na Suid-Afrika te kelder.

Die beweging dreig ook nou om sy versetveldtog uit te brei na die toer van die wêreldrugbyspan wat later vandeesmaand in Suid-Afrika aankom vir 'n toetsreeks teen die Springbokke.

## Engelse

Die breë demokratiese beweging en die nie-rassige National Sports Congress (NSC) het gister in Johannesburg hul planne bekend gemaak om die voorgenome rebellekriekettoer na Suid-Afrika stop te sit.

Krish Naidoo van die NSC sê dat hulle die toer eers in Londen gaan probeer stopsit. Hulle is van plan om 'n afvaardiging na die 16 Engelse spelers te stuur om hulle te probeer oortuig om van hul planne af te sien om oor ses maande in Suid-Afrika te kom toer.

Ook gaan alle moontlike druk deur ander lande en anti-apartheidsgroepe oorsee, met die hulp van Suid-Afrikaanse groepe, uitgeoefen word.

## Vreedsaam

Hazy Sibanyoni van Cosatu het 'n beroep op die internasionale gemeenskap, veral Statebondslande, gedoen om alles in hul vermoë te doen om die toer te keer.

Die Statebondspele, wat volgende jaar in Nieu-Seeland plaasvind, word deur die kriekettoer in gevaar gestel.

Die president van die nie-rassige Suid-Afrikaanse Krieketraad en lid van die NSC, Krish Mackerdhuj, het verseker dat die verset vreedsaam sal wees.

Industriële optrede word nie uitgesluit nie, het die algemene sekretaris van die National Union of Metalworkers (Numsa), Moses Mayekiso, gesê.

Die aksie sal veral teen die tot dusver onbekende borge van die toer gerig wees.

Dr Ali Bacher, besturende direkteur van die SA Krieketunie en argitek agter die kriekettoer, is ook genooi om gister se perskonferensie by te woon, maar het nie opgedaag nie.

## Ontwrig

Hy is skerp gekritiseer deur verteenwoordigers van die breë demokratiese beweging en NSC.

"Bacher moes eers met die breë demokratiese beweging onderhandel het voordat hy die toer gereël het," het Mayekiso gesê. "Ons gaan alles in ons vermoë doen om die toer te ontwrig."

*Vervolg van bladsy 1*

oor wet en orde, Tiaan van der Merwe, het vroeër in die week gewaarsku: "Ek wil 'n beroep doen op die minister van Wet en Orde om nie 'n protes te probeer ombou tot 'n gewelddadige oogmerk nie.

"Dit skep 'n soort oorlogpsigose en mense neem dit dikwels ernstig op en neem die wet in eie hande. Dit is 'n eeue-oue taktiek wanneer 'n regering geen visie het om aan te bied nie of sy rekord mistroostig is, om die aandag van die kieserspubliek op iets anders te vestig. Dit is waarmee die minister besig is."

* Paardekraal-hospitaal in Krugersdorp sal waarskynlik as een van die monumente in die breë demokratiese beweging se versetveldtog teen apartheidswette onthou word.

By die ingang tot Paardekraal-hospitaal was Woensdag - met die begin van die veldtog - streng beheer deur lede van hospitaaldienste se sekuriteitsafdeling uitgeoefen.

Nagenoeg twintig siek swartmense is deur die veiligheidswagte weggewys by die hospitaal se ingang.

Dit het gebeur terwyl die verteenwoordigers van dié beweging en persmense in die hospitaal se komiteekamer 'n perskonferensie met die superintendent en adjunk-superintendent gehou het.

Die konferensie is bygewoon deur twee lede van die polisie in siviele klere, wat deur die hospitaalpersoneel as sulks geïdentifiseer is.

Daar het die adjunk-superintendent, dr Noel Hurrell, gesê die hospitaal het 200 beddens, waarvan net 100 gebruik word.

Die rede wat hy daarvoor aangevoer het, is dat daar 'n nypende tekort aan verpleegpersoneel is. Leratong, die swart hospitaal in Krugersdorp, het 700 beddens wat almal beset is.

Hurrell het gesê dat hulle enige noodgeval, wat die persoon se ras ookal is, sal behandel. Nadat die persoon se toestand genoeg verbeter het, sal hy of sy na die hospitaal oorgeplaas word wat aan hul rassegroep toegedeel is.

Die hoofsekretaris van Cosatu, Jay Naidoo, het aan dié dokter gevra of sy lojaliteit as geneesheer by sy eed lê om na siek mense om te sien, of om apartheidswette, wat siek swartmense belet om sy hospitaal te gebruik, te gehoorsaam.

Die superintendent, dr P Van Heerden, het hierop geantwoord en gesê dat hulle nie besluite mag neem sonder om met "hoofkantoor" te onderhandel nie.

Hurrell het gesê dat swartmense wat moontlik vir behandeling by Paardekraal sal aankom, eers ondersoek sal word om te sien of hulle werklik 'n noodgeval is en dan besluit sal word of hulle by dié wit hospitaal opgeneem kan word vir behandeling.

Hurrell het erken dat die hele opset van aparte hospitale "herdink" moet word.

Na die nuuskonferensie het die verteenwoordigers van dié beweging, waaronder Naidoo, Mohammed Valli Moosa, Chris Dlamini en Sydney Mafumade, na die ingang gegaan en die siek swartmense wat nie deur die veiligheidswagte verjaag is nie, gaan haal en vergesel na die hospitaal. Dit alles is deur 'n video-span van die polisie, wat die heel tyd op die toneel was, verfilm.

Die mense is in die hospitaal toegelaat, waar een behandel is.

'n Verteenwoordiger van die breë demokratiese beweging, Thami Luphoko van die West Rand Action Committee, het gesê: "Van vandag af beskou ons dié hospitaal as oop vir alle rasse. Ek sal siek mense aanmoedig om hierheen te kom. Nie net noodgevalle nie, maar alle siek mense."

Die man wat behandel is, die 44-jarige Petrus Nelane, sukkel met sy bene nadat hy 'n ruk gelede deur 'n motor omgery is.

Die dokter wat hom ondersoek het, het hom ingespuit en pille gegee.

"Toe ek vir hom sê dat ek nie die R5 het wat ek vir die behandeling moes betaal nie, het hy gesê ek kan kom betaal as ek geld het. Hy het ook gesê ek moet terugkom as my pille klaar is," het Nelane gesê.

Mohammed Valli Moosa het na afloop van dié dag se optrede gesê: "Beide Adriaan Vlok en die hospitaalowerhede het 'n situasie van vrees en intimidasie geskep.

"As jy net rondloop op die hospitaalgronde, is dit duidelik dat dit omring is met sekuriteitspersoneel én ons het die veiligheidspolisie hier wat ons oral vergesel.

"Dit is duidelik vir almal om te sien dat dit 'n nie-gewelddadige veldtog is. Almal wat aanmeld as pasiënte is werklik siek - nie politieke aktiviste nie. Wat ek dink Vlok die meeste vrees, is gedissiplineerde, nie-gewelddadige optrede aan ons kant."

**The New Nation**

**requires the services of a part-time rewrite person.**

This is an ideal position for a retired sub-editor or English teacher.

**Please phone Bongi at 23-2721/5 x 225 for an appointment.**

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Regter verdoem polisie-optrede

**Jacques Pauw**

STERK kritiek teen offisiere van die polisie se moord-en-roofafdeling en 'n landdros wat 'n bekentenis by 'n beskuldigde moes afneem, is verlede week deur 'n Pretoriase regter in 'n appèluitspraak gelewer. Die prokureur-generaal ondersoek nou kriminele klagtes teen die polisiemanne.

Die saak draai rondom 'n ernstig beseerde beskuldigde in 'n roofsaak aan die Oos-Rand wat 'n week lank van mediese behandeling weerhou is, 'n ander wat aangerand is en 'n landdros wat nie ag geslaan het op 'n beskuldigde wat aangedui het dat hy onder dwang 'n bekentenis gemaak het nie. Dit het daartoe gelei dat vier vermeende rowers, Solomon Maluma, Ronald Mbatha, Jeremiah Tsakala en Lukas Mahlanga, se skuldigbevinding op roof met verswarende omstandighede en hul vonnis van tien jaar tronkstraf in die Pretoriase Hooggeregshof ter syde gestel is. Regter E Bertelsmann sê in sy uitspraak: "Ek is daarvan oortuig dat die inhoud van die bekentenisse die loutere waarheid is en kan net my spyt uitspreek dat geharde misdadigers op dié wyse op vrye voet gelaat moet word."

Die vier beskuldigdes is verlede jaar in die Brakpanse streekhof weens roof skuldig bevind nadat hulle in September 1987 'n drankwinkeleienaar, Oliver Msiza, van R7 500 sou beroof het.

Msiza het met behulp van familie en vriende sy eie soektog na die booswigte op tou gesit, die vier beskuldigdes aangekeer en aan die polisie oorhandig. Hy het egter eers Mahlanga se linkerarm in die elmboog gebreek en hom met 'n kierie geslaan. Hy het bebloed by die polisiestasie aangekom.

Mahlanga, met beserings en al, is saam met sy drie makkers in 'n sel gegooi. Hy is later die dag na 'n distriksgeneesheer geneem wat aanbeveel het dat hy onmiddellik in 'n hospitaal opgeneem moet word.

Die polisie het hom teruggeneem selle toe waar Mahlanga vir nog vyf dae sonder behandeling aangehou is. In die voorvalleboek is aangeteken dat hy geen beserings gehad het nie.

Toe hy uiteindelik hospitaal toe geneem is, is hy vir tien dae opgeneem en moes 'n operasie ondergaan.

Die ander beskuldigdes is gedreig dat indien hulle sou weier om 'n bekentenis aan die polisie te maak, hulle soos Mahlanga sou lyk. Die landdros wat Tsakala se bekentenis afgeneem het, het gemerk dat hy 'n wond op sy voorkop en beserings aan sy rug gehad het.

Bertelsmann sê in sy uitspraak dit is 'n "ontstellende toedrag van sake" waarvoor die polisie geen verduideliking probeer gee het nie. Die landdros het dit ook nie nodig geag om op Mahlanga se behandeling kommentaar te lewer nie.

"Neem 'n mens in aanmerking dat Mahlanga klaarblyklik tydens die eerste week wat hy in aanhouding was, uit die selle verwyder is omder omstandighede wat daarop dui dat hy aan verdere ondervraging onderworpe was, kan die verantwoordelike polisiebeamptes se optrede nie sterk genoeg afgekeur word nie.

"Dit sou 'n kwade dag wees indien ons howe 'n growwe vergryp van dié aard nie ernstig sou aanspreek nie. Daar behoort ten minste dissiplinêre stappe gedoen te word," het Bertelsmann gesê. Hy het gelas dat sy uitspraak na die prokureur-generaal verwys word vir verdere ondersoek.

Bertelsmann het ook kritiek gehad teen ene landdros JJ Henning van Springs wat Tsakala se bekentenis moes afneem. Tsakala het aan die landdros te kenne gegee dat hy die bekentenis nie uit vrye wil doen nie en aangerand is toe hy in hegtenis geneem is.

Henning het nie Tsakala se klagtes volledig ondersoek nie en voortgegaan om die verklaring af te neem.

Die ander drie beskuldigdes se verklarings voor polisie-offisiere is ook deur Bertelsmann verwerp. Omdat die staat se saak uitsluitlik op die bekentenisse van die beskuldigdes berus het, is hulle vrygespreek.



'n Jeugdige van Manenberg buite Kaapstad, met 'n seuntjie op sy skouers, hardloop weg nadat 'n massavergadering deur die polisie met traangas opgebreek is. Die Kaapse Vlakte was die afgelope week die toneel van konfrontasie tussen jeugdiges en die polisie. Skoliere en sommige onderwysers het van die skool af weggebly as deel van 'n protesveldtog teen die verkiesing, wat die meeste Suid-Afrikaners uitsluit. *(Foto: Benny Gool)*

# Nie-rassig en demokraties - met 'n Afrikaanse karakter

**Max du Preez**

'N GROEP meerendeels Afrikaanssprekendes het dié week 'n beweging gestig wat hom vir 'n nie-rassige demokrasie en bande met die breë demokratiese beweging sal beywer.

Die groep is Donderdagaand in Johannesburg geloods ná verskeie vergaderings waarin belangstellendes geraadpleeg is. Dit is ook informeel met leiersfigure van die breë demokratiese beweging bespreek.

By die ter perse gaan het die groep nog nie op 'n naam besluit nie, maar dit sou Donderdagaand gefinaliseer word.

Die deelnemers het dit benadruk dat dit nie 'n eksklusiewe beweging is nie, en dat enigiemand welkom is om aan te sluit. Lidmaatskap van die groep sluit ook nie lidmaatskap van ander organisasies uit nie.

Dit sal egter wel 'n Afrikaanse karakter hê, juis omdat daar 'n behoefte by Afrikaanssprekendes is om makliker toegang te hê tot die aktiwiteite van die breë demokratiese beweging, het een van die sameroepers gister gesê.

Daar sou ook gisteraand aandag geskenk word aan voorstelle dat die beweging landwyd uitgebrei word.

By verlede week se vergadering het 'n groep van die sameroepers hulle geskaar by die versetveldtog van die breë demokratiese beweging. "Ons vra vir die oopstelling van alle openbare dienste, insluitende gesondheidsdienste en openbare geriewe, en ondersteun die reg van alle Suid-Afrikaners om vreedsame protes aan te teken teen die weerhouding van sódanige dienste op grond van ras."

Onderteken deur Marietjie Joubert, Stefan Maré, Esté Heydenrych, Wilhelm Liebenberg, Jeanette Minnie, Ena Jansen, Marlene van Niekerk, Charles van Niekerk, Anton Steenkamp, Elsie Cloete, Irna van Zyl, Linde Dietrich, Antoinette Wilkinson, Pierre Minnie en Elsabé Wessels.

## *Toestande in Namibia bespreek*

'N OPENBARE vergadering om Suid-Afrikaners in te lig oor toestande in Namibia word Dinsdag, 8 Augustus in Johannesburg gehou.

Die adjunk-hoof van die Christelike Raad van Namibia en direkteur van van die Kerklike inligting- en monitordiens, Vezera Kandetu, sal die inligtingsvergadering wat deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Namibia Solidariteitskomitee gereël is in kamer CB 38 op die Wits-kampus toespreek.





Met 'n keuse tussen vooraanstaande handelsname soos: Snowflake meelblom, Iwisa en Impala mielieprodukte, Epic olie, Blossom margarien, Kraft margarien en slaaisouse, Epol troeteldierkos en veevoer, Peck's Anchovette en Redro Vissmeer, Mama's pasteie, Nice 'n Easy geriefskos en Blue Ribbon brood, sal u winkelmandjie beslis propvol prima-gehalte Premier-produkte gelaai wees.

Nogtans is dit vir ons hier by Premier nie genoeg om bloot die hoogste standaarde te handhaaf nie. Deur middel van verskeie vindingryke programme, streef ons voortdurend daarna om hierdie standaarde te verhoog, sodat ons u selfs beter waarde kan bied.

En selfs dít is nie vir ons voldoende nie. Ons verbintenis tot die verhoging van standaarde strek verder as ons produkte. By Premier is ons toegewy aan die verbetering van die lewensgehalte van ons personeel en die gemeenskap as 'n geheel.

Want slegs een ding is vir ons so belangrik soos voedselgehalte – en dit is lewensgehalte.

Premier Food Industries

HUNT LASCARIS TBWA

# Spogbuurt wil nie Oukasie-gesig sien nie

**Jacques Pauw**



DIE bittere vete tussen die mense van Oukasie net buite Brits en die owerhede het vandeesweek 'n nuwe wending geneem toe die inwoners van dié probleemgeteisterde "noodkamp" 'n dringende aansoek in die Pretoriase Hooggeregshof gebring het wat die staat sal verhoed om hulle te verskuif.

Indien die aansoek slaag, kan dit verreikende gevolge inhou vir die sewentig gemeenskappe en sowat 250 000 mense in Suid-Afrika wat "hervestig" moet word.

Tientalle inwoners van Oukasie - die naam beteken letterlik ou lokasie - het Woensdag die hofsaak bygewoon waartydens Oukasie se status as 'n "noodkamp" beveg en bevraagteken is. Ingevolge dié regulasie is al die inwoners van Oukasie "haweloos" en hoef geen dienste aan hulle gelewer te word nie.

Vandeesweek se hofsaak is die jongste skote in 'n skietgeveg tussen die inwoners en die staat wat in Oktober 1986 begin het toe Oukasie as swart dorp "afgeskaf" is. Kort hierna is huur buitensporig verhoog, dienste ingekort en 'n reeks noodkampregulasies afgekondig.

Die stryd rondom Oukasie draai om twee aspekte: eerstens is daar sowat twintig kilometer buite Brits 'n nuwe township, Lethlabile, aangelê. Die staat sê daar is 'n tekort aan grond vir uitbreiding in Oukasie en boonop is dit 'n krotbuurt. Mense moet dus Letlhabile toe verhuis.

Daar is egter 'n tweede en baie belangrike aspek. Die nuwe luuksebuurt van Elandsrand op Brits is 'n hanetreetjie van Oukasie af.

Die spoghuise teen die koppie kyk neer op die sinkhuisies van Oukasie.

Oukasie is weer eens, soos met die vorige verkiesings, 'n strydvraag in die regse politiek op Brits. Die KP beskuldig die regering daarvan dat hy al in 1960 gesê het dat hy dié seeroog gaan verskuif, maar nog niks daaraan gedoen het nie.

Indien die 7 500 inwoners van Oukasie in hul aansoek slaag, sal die voortbetsaan van die dorp byna verseker wees.

Hulle hoop dat die owerhede uiteindelik sal instem om Oukasie op te gradeer - wat volgens berekenings sowat R3 tot R4 miljoen sal kos.

Die hofsaak kan ook die huurdispuut op Oukasie tot 'n einde bring. Die huur is onlangs - ondanks die ineenstorting van dienste - met sowat veertig persent verhoog. Volgens die noodkampregulasies kan inwoners wat nie die verhoogde huur betaal nie, se verblyfpermitte opgeskort word.

Die inwoners sê in hul aansoek volgens wet word 'n noodkamp afgekondig ten einde "daklose persone te huisves". Die inwoners van Oukasie is en was nog nooit, ondanks 'n veldtog van die staat om leë of vakante huise plat te slaan, haweloos nie.

Die meeste bly al veertig jaar lank in goedgeboude huise. Hulle glo die afkondiging van die noodkamp is bloot 'n poging om die oorblywende inwoners te dwing om na Letlhabile te verskuif.

Die staat ontken dat hy Oukasie om verborge motiewe as noodkamp verklaar het. Hy sê die huise waarin die inwoners woon, is so swak dat dit nie ingevolge die bepalings van die wet as "huis" beskou kan word nie.

Die noodkampregulasies maak voorsiening vir die staat om alternatiewe verblyf te verskaf aan mense wat nie enige ander plek het om wettig te bly nie.

# *Laat kinders vry, vra Menseregte-kommissie*

**Anton Steenkamp**

NEGE kinders, tussen 14 en 17 jaar oud, is in Junie en Julie vanjaar in Durban aangehou, sê die Menseregte-kommissie in 'n verklaring wat dié week uitgereik is.

Die Kommissie sê in sy verklaring die aanhouding van dié kinders onder die noodregulasies is 'n flagrante oortreding van mense- en kinderregte, en vra vir hul onmiddellike en onvoorwaardelike vrylating.

Die Kommissie vind dit jammer dat kinders nog steeds aangehou word nadat die meeste van die "duisende kinders" wat in 1986 onder die noodtoestand aangehou is, vrygelaat is.

"Van die aangehoudenes wat vanjaar vrygelaat maar ingeperk is, was ten minste 39 jonger as 18 jaar toe hulle aangehou is.

"Op die oomblik word 66 mense nog aangehou, van wie nege jonger as 18 jaar is," lui die verklaring.

Die nege, almal van Durban af, is tussen 20 Junie en 26 Julie vanjaar aangehou. Hulle is: Cyril Mkhize, 14, Themba Mkhize, 17, Jimmy Mhlongo, 16, Sipho Mhlongo, 17, Phelelani Ximba, 14, Emmanuel Hlongwane, 17, Xolani Nhlangulele, 17, Leonard Makhaye, 17 en Christopher Shinga, 17.


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

## Voorgraadse Toelating: 1990

Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan UK in 1990.

### Studierigtings

UK bied 'n groot verskeidenheid voorgraadse programme aan. Dit sluit in:

- **Algemene grade in die Lettere, Handel, Wetenskap en Sosiale Wetenskappe:** UK bied 50 hoof-studierigtings aan wat oor 'n wye spektrum strek, met inbegrip van programme vir studente wat verder wil studeer in die Opvoedkunde en die Regte.
- **Loopbaan-gerigte voorgraadse programme:**

| | | |
|---|---|---|
| Arbeidsterapie | Elektrotegniese Ingenieurswese | Musiek |
| Argitektuur | Fisioterapie | Primêre Onderwys |
| Ballet | Landmeting | Rekeningkunde |
| Biblioteekwese | Logopedie | Sakewetenskap |
| Boubestuur | Materiele Ingenieurswese | Siviele Ingenieurswese |
| Bourekene | Medisyne | Skone Kunste |
| Chemiese Ingenieurswese | Meganiese Ingenieurswese | Sosiale Werk |
| Drama | | Verpleegkunde |

### Sluitingsdatums vir aansoeke

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **30 September 1989.** Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan, by die betaling van 'n bykomende heffing, tot 31 Oktober 1989 ingedien word, en tot 15 Januarie 1990 vir alle ander Fakulteite. Alle applikante word egter aangeraai om voor 30 September 1989 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:
Tot 30 September R30
Tot 31 Oktober R60
Tot 15 Januarie R110

### Studentebehuising

UK is in staat om aan 20% van sy studente huisvesting te verskaf (in koshuise, woonstelle en huise). Aansoekers wat in Kaapstad huisvesting verlang, moet nie later as **31 Oktober 1989** daarom aansoek doen nie. Laat aansoeke vir huisvesting kan nie oorweeg word nie.

### Finansiële Steun

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik aansoek te doen om finansiële steun. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, beurse en lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1989.** Laat aansoeke om finansiële steun kan nie oorweeg word nie.

**Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar by:**
**Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch, 7700.**
**Telefoon: (021) 650-2128.**

Bates Wells Werwing Kaap 910C


# Plantdiewe laat die broodboom uitsterf

**Victor Munnik**

**DIE dolomiticus-broodboom het waarskynlik pas uitgesterf, het die direkteur van Natuurbewaring in die Transvaal, dr PFS Mulder, in 'n persverklaring gesê.**

**Een van die heel laaste kolonies van dié pragtige plant - wat die hoogste beskermde status geniet het - is deur plantdiewe uit die veld geroof.**

**Ander broodboomsoorte word ook bedreig.**

**'n Desperate aksie gaan egter geloods word om die spesie te red deur hulle kunsmatig van dolomiticus-plante in privaattuine te kweek. Lede van die publiek met hierdie broodbome in hul tuine word versoek om met die Transvaalse Direktoraat Natuurbewaring in verbinding te tree om met die aksie te help.**

**Al 28 inheemse soorte het die status van bedreigde spesies. Die probleem is dat verskeie spesies nie meer genoeg plante in die natuur oor het om voort te plant nie.**

**Daar word gevrees dat die spesies Encephalartos heenanii, E inopinus, E latifrons, E arenarius, E eugene maraisii en E middelburgensis ook uitwissing in die gesig staar.**

**Broodbome - wat as "lewende fossiele" beskryf word - word teen 'n ontstellende tempo uit hul natuurlike habitat verwyder. 'n Voorbeeld daarvan is dat 'n kwart van die totale bevolking inopinus-plante in 'n enkele privaattuin in die Transvaal staan. Daar is meer inopinus-plante in privaattuine as in die natuur.**

**Broodboomkoors is so hoog dat plante gesteel word, uit die veld, uit privaattuine en selfs uit botaniese kwekerye.**

**Swaar strawwe word al meer deur die howe opgelê. 'n Man is onlangs gevonnis tot 'n boete van R20 000 asook drie jaar opgeskorte tronkstraf vir die diefstal van 27 broodbome. Hy moes ook 'n verdere R20 000 skadevergoeding aan die eienaar van die bome betaal.**



**Afbeelding van die Waterberg-broodboom (Encephaslartos eugene maraisii). Die dolomiticus-broodboom lyk baie dieselfde, en is eers onlangs van die eugene marais onderskei**

**Verenig onder die naam "breë demokratiese beweging" het 'n strategiese alliansie van politieke drukgroepe Woensdag op geweldlose wyse die Nasionale Party-regering en sy beleid van rasse-segregasie tromp-op gekonfronteer.**

**Nog nooit in die land se politieke geskiedenis het só 'n breë alliansie van politieke versetgroepe hulself teen die regering gemobiliseer nie. Skielik het die SAUK in byna elke bulletin gepraat van die BDB of die MDM (mass democratic movement) en was dié afkortings op elke koerant se voorblad. Die beweging is gelykgestel aan die UDF, die ANC en alles wat gevaarlik is, maar niemand het ooit verduidelik wie en wat hierdie nuwe beweging is wat so opslae maak nie. ELSABé WESSELS het aan leiersfigure dié vrae gaan stel.**



Mohamed Valli Moosa
*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*

# Wat is die 'breë demokratiese beweging'?

VANDAG is die breë demokratiese beweging die omvattendste front nog om teen rassediskriminasie en politieke uitgeslotenheid te mobiliseer en hulself regstreeks vir die daarstelling van 'n ten volle verteenwoordigende, nie-rassige, demokratiese en verenigde Suid-Afrika te beywer.

Daardeur is nuwe lewe gegee aan tientalle politiek groepe wat sedert die begin van die noodtoestand in 1985 aan bande gelê en deur die aanhouding van hul leiers ontwrig is.

Maar wie en wat is die breë demokratiese beweging?

In sy hoedanigheid as 'n woordvoerder van die breë demokratiese beweging het die waarnemende sekretaris van die UDF, Mohammed Valli Moosa, die beweging as 'n nuwe verskynsel beskryf.

## Drukgroep

Moosa maan dat die beweging nie gesien moet word as 'n eufemisme vir die UDF nie. "Dit is veel breër as die UDF en waar die UDF bepaalde strukture het, is die breë demokratiese beweging 'n strategiese alliansie wat organies van aard is."

Volgens Moosa het die breë demokratiese beweging 'n politieke drukgroep geword wat daarop gerig is om soveel mense as moontlik, ongeag van ras of klas, onder een vaandel te verenig.

Die hoofslagaar van die beweging lê egter in die swart gemeenskap. "Die stryd teen apartheid en 'n wit minderheidsregering is 'n volkstryd en nie net die totstandbring van 'n opposisieparty of 'n anti-apartheidskoalisie nie," sê Moosa.

## Oorsprong

Hoewel die breë demokratiese beweging nie alle anti-apartheidsgroepe verteenwoordig nie, verteenwoordig hul standpunte en doelstellings 'n ongeëwenaarde wye front van organisasies deur deelname aan 'n gemeenskaplike politieke program. Die term breë demokratiese beweging het blykbaar geen definitiewe oorsprong nie. Dit is nie gestig of van stapel gestuur nie. Maar in die loop van 1988 is die begrip spontaan gebruik om 'n groeiende verenigde front te beskryf. Die vrylating van aktiviste ná maande se aanhouding sonder verhoor in Februarie het ook 'n nuwe stukrag aan die beweging verleen.

## Groeiproses

Die groeiproses van die beweging moet egter teen die agtergrond van die stigting van die United Democratic Front (UDF) in Augustus 1983 en die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) in Desember 1985 gesien word.

Hoewel die UDF nie onder die noodtoestand verbied is nie, is enige politieke aksie onder sy vaandel ingevolge die noodmaatreëls verbied en mag ampsdraers nie namens die UDF verklarings uitreik nie.

Maar dit was veral die inperking van leiersfigure van beide die UDF en Cosatu wat die mobilisering van openbare steun ernstig gekortwiek het. Landwyd het massa-aanhoudings sonder verhoor talle politieke groepe so te sê lamgelê. Dié proses is stelselmatig omgekeer ná die vrylating van die meeste aangehoudenes vroeër vanjaar.

In teenstelling met die breë demokratiese beweging het die UDF en Cosatu elkeen sy eie duidelike organisatoriese karakter en duidelik gestruktureerde besluitnemingstrukture soos 'n nasionale uitvoerende bestuur en streeksbesture. Affiliate skaar hulle onder die sambreel deur hulle tot die grondwet van die betrokke liggaam te verbind.

## Ongestruktureerd

Daarenteen is die breë demokratiese beweging veel breër en ongestruktureerd van aard. Daar is geen grondwet nie en daar is geen opgetekende lidmaatskap nie. Daar is geen nasionale of streeksbestuursliggaam nie en daar is geen ampsdraers nie.

Affiliate van die UDF en Cosatu vorm tans die "kern" van wat lyk na 'n "vae" struktuur. Maar buiten dié twee nasionale liggame het 'n groot aantal nuwe organisasies hulself spontaan onder die vaandel van die breë demokratiese beweging onder die informele slagspreuk "eenheid in aksie" begin skaar.

Hoewel woordvoerders hoofsaaklik leiersfigure binne die UDF en Cosatu is, tree verteenwoordigers van ander organisasies ook as woordvoerders vir die breë demokratiese beweging op.

## Organies

Organisasies wat in die laaste twee jaar tot stand gekom het - soos Actstop, wat hom teen die Groepsgebiedewet beywer; Nadel, 'n organisasie onder regslui; Namda, met lidmaatskap in die gesondheidsdienste; en kultuurorganisasies soos die Soweto Cultural Forum en die South African Musicians Union - is nie verbonde aan die UDF of Cosatu nie, maar wat betref politieke strategie en filosofie aktief betrokke binne die raamwerk van die breë demokratiese beweging.

Eksponente van die beweging beklemtoon egter sy "organiese" karakter. Die organiese proses het sy oorsprong in die nouer samewerking van die UDF en Cosatu wat die laaste twee jaar posgevat het nadat konflikpunte uit die weg geruim is.

In die wit gemeenskap dien organisasies soos die Johannesburg Democratic Action Committee, die Five Freedoms Forum en die Kaapse Demokrate as spreekbuise vir die breë demokratiese beweging.

Die oorvleueling van doelstellings, strategie en politieke programme vergemaklik uiteraard gesamentlike optrede.

Volgens Moosa moet die beweging nie as bloot 'n breë anti-apartheidsfront beskou word nie. 'n Kenmerk van groepe binne die breë demokratiese beweging is hulle aanvaarding van die bepalings van die Vryheidsmanifes.

Die rol van die ANC word ook duidelik deur woordvoerders aangestip. "Ons is nie 'n front vir die ANC nie, maar lede van die breë demokratiese beweging erken dat die ANC die politieke steun van die meerderheid Suid-Afrikaners geniet en dat hulle 'n leidende rol in die breë bevry-dingsfront in Suid-Afrika speel."

## ANC

Volgens Moosa is daar min verskille tussen die breë demokratiese beweging en die ANC. Hy beklemtoon egter dat waar die ANC ook 'n gewapende stryd voer, die breë demokratiese beweging absoluut verbind is tot 'n "geweldlose strategie".

Wat hul verhouding met die ANC betref, sê Moosa dat hulle nie deur die ANC voorgeskryf word nie. Die ANC neem sy eie besluite en so ook die breë demokratiese beweging. Maar wat politieke beleid betref, skaar die twee groepe hul bymekaar.

Binne eie geledere word die breë demokratiese beweging nie gesien as 'n taktiese alliansie op die kort termyn nie, maar as 'n alliansie met langtermyn-doelstellings.

Volgens Moosa moet die breë demokratiese beweging nie onderskat word as 'n "tydelike reaksie" teen die noodtoestand nie. 'n Langtermyn-plan van geweldlose aksie om die regering tot magsoorname te dwing, is in die vooruitsig gestel.

Binne dié raamwerk was die UDF en Cosatu die hoofpilare van die wegbly-aksie van drie dae in protes teen die nuwe arbeidswetgewing asook die boikot teen die munisipale verkiesing op 7 Mei verlede jaar. Dieselfde geld die huidige versetveldtog waarby honderde organisasies hul skaar.

## Klemverskille

Hoewel die kerke nie deel is van die breë demokratiese beweging nie, het die land se bekendste kerkleiers en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke nog elke keer die standpunt van die breë demokratiese beweging ondersteun.

Daar word ook ruimte gelaat vir "klemverskille" tussen individuele organisasies, maar wat die "essensie" betref, is daar geen verskille nie. Volgens Moosa kan die breë demokratiese beweging nie besluite op enige individuele groep afdwing nie. Op die laaste vlak behou elke organisasie sy eie individuele beleid en strategie.




Liebermann Pottery



**BESONDERSE EETGEREI**

EETSTELLE, KERRIESTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE, BORDE, OONDSKOTTELS, SOPBAKKE, ENS IN VYF PRAGTIGE KLEURE

Veilig vir oond, mikrogolf en opwasmasjien.

Beskikbaar by meer as 300 winkels landwyd.

**VIR NAVRAE, BEL (011) 786-1050**

**VIR JOU NAASTE WINKEL**

# Kernfisikus is 'n skoolmeester wat kinders vertrou

**Dr Neil McGurk is sedert 1976 skoolhoof van die nie-rassige Sacred Heart College in Johannesburg. Hy was een van die eerste skoolhoofde wat sy skool oopgestel het vir alle rasse en is intens betrokke by die onderwyskrisis in Suid-Afrika. ANTON STEENKAMP het met hom gesels.**



**Neil McGurk**
*(Foto: Steve Hilton-Barber, Afrapix)*

Dr Neil McGurk lyk nie na 'n onderwyser nie. Sy curriculum vitae laat klink hom ook nie na een nie.

Ná sy hoërskoolloopbaan aan Marist Brothers College is hy Australië toe om teologie te studeer. Toe begin hy belangstel in kernfisika, en verwerf uiteindelik sy PhD (cum laude) aan Unisa in dié vakgebied.

Aan Fordham-universiteit het hy filosofie, teologie en sosiale analise bestudeer. Toe kom hy terug Suid-Afrika toe en word 'n skoolhoof.

Hoekom?

"Ek is nie 'n akademikus nie," antwoord McGurk beskeie. "Ek verkies om onder op die grond te werk, met die gemors en al, eerder as om in die lug te sit en praat. Die opvoedkundige gebied in Suid-Afrika is op die oomblik hoogs interessant en uitdagend."

Sy toewyding tot die onderwys, wat hy uit 'n Christelik-filosofiese wyse benader, is duidelik.

Sacred Heart College was oorspronklik 'n suiwer Rooms-Katolieke, blanke elite-privaatskool.

## Oop

Ná die skole-onrus in 1976 het McGurk die groot stap geneem om die skool oop te stel vir alle rasse.

Vandag is daar swart, wit, Indiërkinders, Engels, Afrikaans, Zoeloe, Sotho, Rooms-Katoliek, Protestant, Hindoe en Moslem in die skool.

Toe hy besluit het om die skool oop te stel, was daar groot teenkanting van regeringskant.

Die destydse administrateur van Transvaal, Sybrand van Niekerk, en die minister van Onderwys, Piet Koornhof, het gedreig om die skool te de-registreer en toe te maak.

Maar McGurk het volgehou, twee jaar lank met die Transvaalse Onderwysdepartement samesprekings gevoer, en uiteindelik het hulle hom laat begaan. Hy het nog steeds probleme, veral met subsidies, maar die skool is oop en dis 'n sukses.

Die sielkundige en kulturele aspekte van integrasie veroorsaak probleme, gee hy geredelik toe. Stereotipes moet geleidelik afgebreek word - dit gebeur nie oornag nie.

Aanvanklik, toe swart skoliere begin registreer het, is hulle opgeneem in die tradisionele blanke onderwyspraktyk.

Toe die swart skoliere tal 30 persent oorskry het (vandag is dit 50-50), het dinge begin verander.

Hulle het die werkswyse van blanke skole binne dié apartheidstelsel begin bevraagteken en nuwe doelwitte is gevorm.

## Elite

"Die materialistiese tradisie van Engelse skoliere, en die kultuur van 'n politieke en ekonomiese elite onder Afrikaanse skoliere, is omgedop deur die invloed van swart skoliere met hul eie nasionalistiese bevrydingsaspirasies.

Aan die ander kant is die swart skoliere by Sacred Heart deur die militante comrades van elitisme beskuldig, veral gedurende die skole-onrus van 1985/86.

Dit het gelei tot 'n massavergadering by die skool in April 1986, waar die comrades uit Soweto gekom het en met Sacred Heart se skoliere, wit en swart, gepraat het oor hul griewe.

Hulle het 'n kompromie bereik, daar was geen verdere intimidasie nie, en van die comrades het selfs die volgende jaar kom inskryf - en uiteindelik prefekte geword.

## Uitbalansering

Dit alles bring noodwendig politieke skuiwe mee, maar hoewel die skool op nie-rassige, demokratiese beginsels bedryf word - die skoliere word geken in alle belangrike besluite - is daar geen simplistiese ideologiese verbintenis met enige groep nie.

McGurk het inderdaad 'n afkeer aan ideologie. Juis die uitbalansering van verskillende idees en aspirasies laat 'n geïntegreerde skool werk, sê hy.

Die skoliere vorm persoonlike vriendskappe, wat uiteindelik ideologiese grense oorsteek, stereotipes verbreek en mense sensitief maak vir mekaar se gevoelens.

McGurk probeer om, wat hy 'n "gesamentlike simboliese heelal" noem, in die skool tot stand te bring - 'n samelewing in die kleine met gedeelde waardes, waar die kulturele verskeidenheid erken en uitgebou word, maar gesamentlik 'n nasie gevorm word.

Hoewel Nkosi Sikelel'iAfrika as 'n gesang en as volkslied gesing word, het die kinders daarop aangedring dat Die Stem ook bespreek word onder volksimbole.

## Geskiedenis

Dit strook met die sienswyse van die National Education Crisis Committee (NECC).

Dit word ook in die curriculum weerspieël. 'n Sterk politieke klem word deur die kinders self verwerp, omdat dit persoonlike verhoudings benadeel.

In plaas daarvan word vakke geïntegreer met spesifieke temas in die curriculum en word verskillende sienswyses bespreek.

In 'n bespreking van die geskiedenis van Johannesburg, byvoorbeeld, is die kinders gevra hoe hulle in Johannesburg beland het.

Hulle het huis toe gegaan en hul ouers gevra, en sodoende is die geskiedenis van verskillende groepe vertel, en die mondelinge tradisie het herleef.

Die skool het 1 150 skoliere, van graad 1 tot by matriek. 'n Kleuterskool is ook aan Sacred Heart verbonde.

## Willie

Die kleuters dink glad nie in terme van kleur nie, vertel McGurk. Daar was byvoorbeeld 'n swart seuntjie, Willie, in die kleuterskool. 'n Paar maande later sluit 'n blonde, Afrikaanse seuntjie by die kleuterskool aan - ook Willie.

Om hulle te onderskei, het die onderwyser oorspronklik gepraat van "Wit Willie" en "Swart Willie". Vir die kinders was hulle bloot "Ou Willie" en "Nuwe Willie".

Ook in die skoliere se godsdiensbelewing poog McGurk, 'n Rooms-Katoliek, om aan hulle die geleentheid te bied vir hul eie uitdrukking.

## Tradisie

In 'n gebedsbyeenkoms op 16 Junie het die skoliere wat uit 'n Rooms-Katolieke tradisie kom, gebid en hul eie simbole gebruik, wat hulle aan die ander kinders verduidelik het.

Die Protestante het ook deelgeneem, en gebid volgens hul eie tradisie. Die wit en bruin Afrikaanse kinders het saam Afrikaanse poësie voorgelees.

Die Moslems en Hindoes, geklee in hul tradisionele drag, het vredesofferandes skool toe gebring en aan die Christene verduidelik wat dit vir hulle beteken.

## Horisonne

"Ons kan op die kinders vertrou om hul eie sosialiseringsprosesse te verstaan, dit met mekaar te versoen en die regte oplossings te vind," sê McGurk.

"Sodoende verbreed almal hul horisonne en vind 'n nuwe gemeenskap."

Hy verduidelik dit met die staaltjie van 'n Moslem-skolier, Adnan, wat van Vrededorp af gekom het en nou 'n mediese student by Wits is.

Toe Adnan na 'n jaar of wat weer vir dr McGurk raakloop, het hy gesê: "Voordat ek Sacred Heart toe is, was ek 'n Moslem van Vrededorp.

"Ek is dit nog steeds, maar ek woon nie meer in 'n vaatjie nie."


Kies 'n hoërskool wat jou kind méér gee as net 'n eersteklas opvoeding




Phuthing is 'n onafhanklike meer-rassige, gemengde dag/kosskool met 'n besondere filosofie: leer kinders om saam te werk en speel, dan bou hulle 'n toekoms saam.

'n Ongekompliseerde beginsel, maar ons wéét dit werk. In die teorie en praktyk. Phuthing se susterskool in Natal, Uthongathi, is al verby die eksperimentele stadium en ná drie jaar is sy akademiese en sportprestasies indrukwekkend.

Phuthing beskik oor die modernste fasiliteite en van die beste leerkragte in Suid-Afrika.

Aangesien Staatsubsidie ontbreek, vra ons skoolgelde. Maar ons glo nie ekonomiese oorwegings behoort die skoolkeuse van 'n toekomstige geslag te beïnvloed nie. Daarom is studiebeurse beskikbaar vir toegewyde skoliere.

Kandidate moet 'n toelatingstoets slaag. Die volgende toets word binnekort by die skool afgeneem. Voltooi die koepon vir meer inligting. Of bel die Skoolsekretaris by (011) 464-1905 vir 'n afspraak.

Gee jou kind al die voordele van Phuthing bo en behalwe 'n eersteklas opvoeding.

**Pos dié koepon aan: Die Skoolsekretaris, Posbus 68704, Bryanston 2021.**

JA, ek wil hê my kind moet al die voordele van Phuthing geniet, bo en behalwe 'n eersteklas opvoeding.
(Merk asb. toepaslike blokkie).

☐ Stuur my asb. 'n brosjure met meer inligting oor Phuthing se filosofie.

☐ Bel my asb. vir 'n afspraak om die skool te besigtig en die Hoof/Vise-hoof te ontmoet.

Naam: ____________________
Titel: ____________________
Adres: ____________________
____________________ Kode ______
Tel (K) __________ (H) __________
Kind se naam: __________ Ouderdom: ______
Huidige Skool: ____________________
____________________
Standerd vanjaar: ____________________

PHUTHING NEST

Setwerk en Reproduksie geborg deur Beith Process and Phototype

Ogilvy&Mather Direct 001225

**•DIE VOLK MOET WEET**

# Soetlief en die Ondier: die volledige bandopnames



## Band Een, Kant Een

Darlinkie! Gisteraand was vir my so móói ek het vir jou 'n gedig geskryf. Maar ek gaan dit nie vir jou lees as jy my nie terugbel nie. Bel tog, my muchacho'tjie! Die Here weet, dis alleen hier. En hier is nie eens iets om te drink nie. OK. Bel my. So long. As jy my nie gou bel nie, skryf ek sommer nog 'n gedig. OK. (Sug) So long, Jani Allan. (Sug) (Sug) (Sug) Bel my of ek (vloekwoord uitgehaal) en (vloekwoord uitgehaal) tot jy (obsene verwysing uitgehaal). OK? (Sug) Dis jóú gedig, bokkie. Net joune. OK? (Sug) Hoekom wil jy dit nie hoor nie? Dink jy miskien Afrikaans is 'n (vloekwoord uitgehaal) taal, of wat? Here, bel my tog. Dis so alleen hier. En die (drie vloekwoorde uitgehaal) van Aquila het al my brandewyn uitgesuip. Die (twee vloekwoorde uitgehaal). (Sug) OK? OK. (Onhoorbaar) (Sug) (Onhoorbaar.) OK. OK. So long. Bel my, die gedig is vir jou. Ek wil dit vir jou lees. Niemand het nog ooit so iets moois vir jou geskryf nie. Die (godslastering uitgehaal) weet. (Sug) Dis so alleen hier. (Sug) OK, muchacho. So long. OK? Los my maar laat ek vrek hier. Ek beteken mos (vloekwoord uitgehaal) vir niemand. (Sug) Hoekom? (Onhoorbaar) Hoekom? (Sug) Almal wil mos hê ek moet in my (vloekwoord uitgehaal) vlieg. En as ek dit doen, sal jy die eerste een wees wat huil. OK? Hoekom wil jy nie my gedig hoor nie? Hoekom? (Sug) So long, Jani Allan. Jy sal nog kruip en (obseniteit uitgehaal) agter my (obseniteit uitgehaal) aan. (Onhoorbaar) (Sug) Bel my. OK? OK. Dan lees ek vir jou. My darlinkie. My (vloekwoord uitgehaal). (Onhoorbaar) So long. OK? (Sug)

(Einde boodskap)

*My dearest baardbekkie. Where are thee? I need to hear your rich, deep voice now. Talk to me. I need to smell your sweat, I need to smell the nicotine in your beard and see the dirt under your nails. I don't think I will be able to sleep tonight. I'm scared of life without you. You're so strong. So wonderfully strong and big. (Onhoorbaar) Weet jy wat ek graag vannag sou wou doen? (Onhoorbaar) I'm serious. (Onhoorbaar) I don't think I will be able to sleep at all before I have heard your poem. Niemand het nog vir my 'n gedig geskryf, behalwe op skool when a boy wrote me a dirty poem. (Onhoorbaar) How can you think I don't want to hear your poem? Ek mos verstaan Afrikaans. Oh my, it's time for my medicine. I'll call again in the morning. (Onhoorbaar) Sweetness. (Onhoorbaar) Bye-bye liefie.*

(Einde boodskap)

## Kant Twee

Jani, Jani, Jani. It's me. Praat met my. Ek bel uit die Noord-Transvaal. Ek moet nou met jou praat. (Sug) Hoekom moet ek met hierdie blikding praat as ek jou engelstem aan die ander kant verwag? (Onhoorbaar) Jy maak my (vloekwoord uitgehaal) mal. Dis al vyfuur in die oggend, en ek kry jou nie uit my (obseniteit uitgehaal) kop nie. (Vloekwoord uitgehaal) (Sug) Wat gaan aan? Ag, (vloekwoord uitgehaal) (Sug)

(Einde boodskap)

***Die Terre'Blanche-Allan-sage het nou 'n saak van nasionale belang geword. Die volk wil weet: was dit 'n fyn-beplande set om 'n volksleier te diskrediteer; was dit dalkies prostaat-probleme; of het ons hier te make met twee patetiese, deurmekaar siele wat mekaar deur en deur verdien?***

***Om dié vrae te help beantwoord het Vrye Weekblad die volledige bandopnames van albei partye se gesprekke die laaste paar weke bekom, en plaas ons dit met slegs enkele snitte waar anti-Semitiese, anti-Afrikaanse, godslasterlike of obsene woorde of sinsnedes gesensor is. Omdat die twee skynbaar nie die laaste paar weke regstreeks met mekaar gepraat het nie, is die transkripsies van die antwoordmasjiene gedoen.***

My muchacho. Weer ek. Dis 'n uur later. Jammer oor netnou se lelik praat. Dis van alleen wees teen die hele (vloekwoord uitgehaal) wêreld dat ek so word. En nou jy ook nog. (Sug) Hoekom? Hoekom? (Sug) Oh my (godslastering uitgehaal). Oh my (godslastering uitgehaal) (Onhoorbaar) Help my! (Sug) Hoekom moet ek alleen veg? (Gerinkel van ys in glas in agtergrond) (Sluk) (Onhoorbaar) My liewe (vloekwoord uitgehaal). (Gerinkel van ys) (Sluk) OK. OK. Ek begin agterkom wie en wat jy is. OK? OK. (Sug) Nou is dit net ek en my eer. Die hele wêreld kan in sy (vloekwoord uitgehaal) gaan. (Sug) Nou's dit net ek. (Gerinkel van ys) (Sluk) En Wagter. (Sluk) En Poon. (Sluk) En Wagter se drie kleintjies. (Sug) (Sluk) (Gerinkel van ys) En die liewe (godslastering uitgehaal) weet, hier sit ek en roer in my siel om vir jou 'n gedig te skryf. (Sluk) En jy (vloekwoord uitgehaal) seker die hele (vloekwoord uitgehaal) rond. (Sug) (Sluk) (Onhoorbaar) Ek bel netnou weer, miskien is jy dan in. (Sluk) Anders (sluk) weet ek nie hoe ek die (sluk) son vandag (gerinkel van ys) in die (sluk) (vloekwoord uitgehaal) oë gaan kyk nie. Ciao baby. OK? OK. Ons praat weer. (Sluk) (Sluk) (Sug) So long. OK? Here, ek is op my eie. So long. Jy gaan nog (sluk) (vloekwoord uitgehaal) jammer wees hieroor. (Sluk) Ek is sommer lus en skeur die (vloekwoord uitgehaal) gedig op. Jy's dit nie werd nie. (Sluk) Nee, nou praat (sluk) ek sommer (vloekwoord uitgehaal). (Sluk) So long, muchacho. So Long. (Sluk) OK? OK. So long. (Sluk) (Sluk) (Sug) (Sluk) OK? OK. (lang stilte) So long. (Sluk) Ten minste sal ek kan slaap vanaand. So long. (Sluk)

(Einde boodskap)

*Genie! Dis ek! Ek so jammer is ek jou gemis het. Why are you so sad? You know I'm always here, even if I'm not here. You sounded so lonely. It is because you carry such a heavy burden, my baardbekkie. My (onhoorbaar). Jy altyd moet weet jou mense and me are behind you. We know who you are. I had a dream about you. It was all about (onhoorbaar) and oh my (godslastering uitgehaal) was it (onhoorbaar). You looked so magnificent in your khaki. I even (onhoorbaar). But I know it will happen again. I hope you slept well. You need so much strength. (Onhoorbaar) I promise. And I will call you at the office tomorrow. Just tell those bloody (anti-Afrikaanse verwysings uitgehaal) to put it through, even if you are in a meeting. I don't want to waste my time talking to (vloekwoord uitgehaal) (anti-Afrikaanse verwysing uitgehaal). OK, dearie. I have had my medicine and I feel sleepy. Ek van jou sal droom. In your khaki with your beard (onhoorbaar). Bye.*

*(Einde boodskap)*

## Band Twee, Kant Een

This cannot go on any longer. Ek is tot die dood toe moeg. (Sug) Wat het ek gedoen om dit te verdien? Bel my. OK? Of gaan jy my ook in die rug steek soos my ander (vloekwoord uitgehaal) kamerade? Hê? Oh my (godslastering uitgehaal). Skop my wanneer ek lê. (Anti-Semitiese verwysing uitgehaal). Skop skop skop skop. (Sug) Bel my, jou (onhoorbaar) Ek kan nie sonder jou nie. (Sug) OK? OK? OK. (Sug) Bel my, Jani. Please, God, please speak to me. Ek is besig om dood te gaan. (Sug) OK? So long. OK? (Sug)

(Einde boodskap)

*Listen, you schmuck. How dare you call me (vloekwoord uitgehaal). What is more, I'm getting very (onhoorbaar) bored with your nagging calls. Pull yourself together, you pathetic little fascist. And the next time you sleep on my doormat I'll (onhoorbaar).*

(Einde boodskap)

My enigste darlinkie. Jy is so mooi as jy kwaad is. Ek het sommer (onhoorbaar) toe ek jou hoor skel. 'n Sterk vrou is soos 'n wilde perd wat vra om getem te word. (Sug) (Gerinkel van ys in 'n glas) Dis net jammer jy vernietig jouself so. (Sluk) En my ook in die proses. (Sluk) Kry jy lekker om my te skop as ek op die (vloekwoord uitgehaal) grond lê? (Sluk) Kry jy lekker om my te hoor bedel en smeek? (Sluk) (Sluk) Hm? (Sluk) Hmmm? (Sluk) Wag, hier kom iemand. Ek bel netnou weer. Ciao, machacho.

(Einde boodskap)

Jani. Hier's ek weer. (Sluk) Dit was daardie simpele (vloekwoord uitgehaal) (onhoorbaar) wat hier ingestap het. Sy hele ou (vloekwoord uitgehaal). Hy is die enigste dom (vloekwoord uitgehaal) wat nog agter my staan. (Sluk) Jy is nooit tuis nie. (Sluk) Wil jy dalk nie meer met my praat nie? Weet jy dat jy jou rug draai op die skoonste en edelste liefde wat daar ooit was? (Sluk) Wie anders is mal genoeg om jou lief te hê? (Sug) (Sluk) (Sluk) Wie anders gaan vir jou sulke mooi gedigte skryf? (Sluk) Ek gaan dit vir jou lees. (Sluk) Dit gaan so: (Sluk)

My blondekop-merrie
met maanhaar soos 'n leeu
en lippies soos granate
Ek bemin jou
(sluk)
oor jou voel ek
soos 'n hond met volmaan
(sluk)

Is dit nie die mooiste wat jy al (sluk) gehoor het nie? (Sluk) O, Jani, jy maak die dier in my wakker. (Sluk) (Gerinkel van ys in glas) (Sluk) Kom terug in my lewe in, darlinkie! (Sluk) Ek is op pad na êrens, en ek wou jou so graag saamvat. (Sluk) Ek wens net ek het geweet waarheen. (Sluk) (Sluk) (Sluk) Maar nee, duisend maal nee, ek is alleen. (Sluk) Alleen en met 'n honderd dolke in my rug sal ek die stryd teen die lewe voortsit. (Sluk) OK? So long. (Sluk) So long. (Sluk) (Snik) (Sluk) (Snik) Ciao. (Sluk)

(Einde boodskap)

*TerreBlanche, if you call me again I'll (vier vloekwoorde uitgehaal) Go (vloekwoord uitgehaal) yourself.*

(Einde boodskap)

My naam is Eugene TerreBlanche. Nou's ek rêrig in my moer. Ek werk al my lewe lank om daar uit te kom. It shows you what a successful politician I am. En weet jy hoe siek is ek daarvan om skoon Coke te drink? Ciao, muchacho. (Sug)

(Einde boodskap)

*(Kopiereg: Duimsuig Produksies)*



# Namakwalanders verenig om grond terug te kry en kultuur te bevorder

**Anton Steenkamp**

DIE Namakwalandse Burgersvereniging (NBV), wat volgens sy grondwet "deel is van die nasionale stryd om bevryding", is twee weke gelede op Steinkopf gestig.

Die gemeenskappe van Steinkopf, Nababeep, die Richtersveld, Leliefontein, Ebenezer, Kommagas en Port Nolloth het verteenwoordigers op die vereniging, wat veral stry om die behoud van die burgers se grond.

Die NBV sal volgens sy grondwet poog om die politieke, ekonomiese en sosiale welvaart en vooruitgang van Namakwalandse burgers en inwoners te bevorder en om die kulturele en geestelike ontwikkeling van die gemeenskap aan te help.

Die stigtingskongres, wat deur ds M Damon met skriflesing en gebed geopen is, is onder andere toegespreek deur Nanna Abrahams, president van die Federation of South African Women (Fedsaw), Martin Bezuidenhout van die National Union of Mineworkers (NUM), ds Paul Grove van die Namakwalandse Raad van Kerke, ds G Green van die Metodistekerk, Nosipho Ntwananipi van die United Democratic Front (UDF) en John Shaetonhodi, president van die National Union of Namibian Workers (NUNW).

Tussen die toesprake deur is kongresgangers vermaak deur 'n Namakoor, die Leliefontein- en Ebenezer-kore, die Steinkopf-snaarorkes en die Evangeliese Boodskappers.

'n Mosie dat die driekamerparlement onverteenwoordigend is en nie die burgers ken in sake rakende hul grond nie, is op die kongres aanvaar.

Die kongres onderneem in die mosie dat "die NBV navorsing sal laat doen in die belang van die grond vir beter benutting van alle burgers," en dat "die NBV sal poog om alle vervreemde gronde van ons burgers terug te kry en aan die regmatige burgers te oorhandig".

Die gedagte om die gemeenskappe van Namakwaland in 'n gesamentlike struktuur te verenig het ontstaan toe die inwoners van Leliefontein in Mei 1988 suksesvol die privatisering van hul grond beveg het. In Februarie vanjaar het die inwoners van die gebiede op 'n gesamentlike vergadering besluit om die NBV te stig.

Die voorsitter van die kongres, Paul Cloete, het gesê 'n lang stryd lê voor om die Namakwalanders se strewe na grondbesit te bevredig.

Die ondervoorsitter, Willie Taylor van Ebenezer, het gesê: "Ons sal die Bybel as basis gebruik. Ons moet 'n gees van kameraadskap ontwikkel om ons doel te bereik."

Ds Grove het gesê die mense van Namakwaland is oor die afgelope 300 jaar stelselmatig van hul grond beroof. Dit het nou tyd geword om dit terug te eis, het hy gesê.

• Intussen het Die Suid-Afrikaan bekend gemaak dat hulle besig is met 'n intensiewe opleidingsprogram vir joernaliste om 'n gemeenskapskoerant vir Namakwaland op die been te bring.

Ses persone word oor 'n tydperk van 18 maande opgelei en sal vanaf Desember 1990 die hele proses, van nuusinsameling tot die finale produksie van 'n gemeenskapskoerant, self behartig.




Paul Cloete, die verkose voorsitter van die Namakwalandse Burgersvereniging (NBV), praat tydens die stigtingsvergadering van dié organisasie. *(Foto: Paul Grendon - Afrapix)*

# Tien in 'n kamer in wit Jeppe

**Anton Steenkamp**

**MANS KOSHUIS WOLHUTER, lees die opskrif by die ingang na wat algemeen bekend staan as Jeppe-hostel in Wolhuterstraat, in die nywerheidsgebied van Jeppe in "blanke" Johannesburg.**

**Amptelik woon hier 3 500 mense, maar dis waarskynlik nader aan 4 000. Swartmans - met ouderdomme wat wissel van 16 tot oor die 60 jaar oud - wat in die nywerhede en vir sake-ondernemings in Johannesburg werk, woon hier.**

**Hulle kom van oral oor - Venda, Lebowa, Gazankulu, KwaZulu, selfs Transkei; al dié gebiede met wisselende grade van tuislandstatus en onafhanklikheid waar dit nie so maklik is om 'n lewe te maak nie.**

**Hulle werk in Johannesburg en gaan kuier gewoonlik een keer per jaar by hul vrouens en kinders by die huis. Dié wat nader woon, in die Transvaalse platteland, kan soms naweke huis toe gaan.**

**Party van hulle is ongetroud en ontmoet meisies in die stad. Privaatheid is 'n probleem - vroue word glad nie in die hostel toegelaat nie, nie eens dié wat van ver af kom om hul mans te besoek nie.**

**Nie dat daar juis plek of privaatheid in die kamers is nie. In elke kamer, wat omtrent agt by ses meter groot is, is tien beddens.**

**Eenkant in die hoek staan 'n geprakseerde tafeltjie - 'n blad op bakstene - met eetgerei op. Al tien bewoners van die kamer eet by die tafel.**

**Die inwoners kan kos kook in 'n kombuis wat sowat 200 mense moet gebruik. Daar is 16 gasplate.**

**In die oorvol kamer, wat verbasend netjies is, staan 'n swart staaltrommel bokant elke bed. Hierin kan die inwoners se paar waardevolle besittings toegesluit word.**

**Onder die beddens, wat op bakstene staan, is nog trommels en kartondose.**

**Bokant een bed hang die afgelope week se koerante aan draadhangers. Dié ou lees gebalanseerd - van Beeld tot New Nation.**

**Teen die mure pryk plakkate van meisies en sokkerspanne - Kaizer Chiefs, Wits, Orlando Pirates.**

**"Ons het ons eie sokkerspan hier," vertel Jimmy Ndwando. Hy kom van KwaZulu af.**

**Vier van die nege ander jongmans wat saam met hom die kamer deel, speel vir die span, Roman Aces. Hulle oefen in 'n park in Jeppe. Teen die een muur hang wat lyk na die hele span se wit en blou sokkertrui aan draadhangers.**

**Hulle was die klere buite in die groot vierkant. "Maar ons kan dit nie stryk nie. Ek het 'n elektriese strykyster, maar hier is geen kragpunte nie," sê Jimmy.**

**In elke blok van 26 kamers is daar 'n badkamer met agt wasbakke en tien storte sonder stortkoppe. Dit word deur 260 mense gebruik.**

**Langsaan is die toilette - nege spoelbakke langs mekaar, sonder enige afskortings.**

**Die hostel bestaan uit twaalf drieverdieping-blokke wat in 'n reghoek gebou is.**

**In die vierkant is daar groot bedrywigheid aan die gang toe ons teen sewe-uur die aand daar aankom.**

**Oral stal venters hul ware uit en verkoop dit aan die mense wat by die hek instroom van die werk af - vleis, mieliemeel, sigarette, melk, batterye.**

**"Tot onlangs is dié mense nog weggejaag as hulle hier kom verkoop het," vertel Samuel Sithole. "Nou laat die superintendent hulle toe."**

**Sithole kom van Gazankulu af, waar hy nog gereeld sy vrou en vier kinders besoek om vir hulle die geld te gee wat hy as drywer verdien. Vir sy bed in die hostel betaal hy R27 per maand.**

**Aan weerskante van die vierkant is 'n televisiestel hoog teen die muur. Net twee mense staan en kyk. Daar is geen stoele nie.**

**Eenkant staan 'n lekepredikermet 'n Bybel onder die arm en preek. Niemand stel belang nie.**

**"Dis baie moeilik om dié mense te bearbei," vertel Josiah Nyati, 'n evangelis van die NG Kerk in Afrika.**

**"Hulle kom hier aan uit stamgebonde gebiede, verloor hul animistiese geloof, en kry baie moeilik vatplek aan die Christelike geloof."**

**Ons trap oor die vuil poele afvalwater in die vierkant, hek se kant toe. Tientalle afleweringsfietse staan buite die hostel geparkeer. So dís waarheen die bodes in die stad saans teruggaan...**

**By die hek groet ons die superintendent. Langs die hek is 'n kennisgewing: "If any liquor of any kind is found in any room, all the beds in that room will be cancelled."**

**Ja, daar is groot probleme met dronkenskap, sê Nyati. Baie van die mense is ongeletterd, baie is werkloos, die meeste is saans verveeld. Daar is nie veel anders om te doen as om na die biersaal langs die hostel te gaan nie.**

**Gelukkig is daar nie meer soveel mense wat dodelike brousels soos "kill-me-quick" drink nie - as jy eers daarop is, het jy net 'n jaar oor.**

# Volgende vertoning: die Pik en Denis-show?


Denis Worrall


Pieter Mulder


Stoffel van der Merwe


Louis Nel

# Pasop Dallas, hier kom politieke teater!

**Max du Preez**

'N MENS is amper lus en gaan betaal jou agterstallige TV-lisensie, so 'n lekkerte was die politieke debatte dié week op Netwerk.

Maar 'n mens wonder of die Nasionale Party steeds dink dié debatte - die eerste van sy soort op SAUK-TV - is 'n goeie idee. Want hulle kom elke keer die slegste daarvan af, en terwyl Suid-Afrika al meer 'n TV-nasie soos Amerika word, moet 'n mens aanvaar dit kan 'n wesenlike impak hê op 6 September se uitslag.

Partykeer het dit natuurlik gegrens aan die absurde - soos die Nasionale Party en die Konserwatiewe Party wat baklei het oor wie is minder rassisties as die ander.

'n Mens kan maar net hoop dis nie waar dat die SAUK al meer outoritêr in sy aanslag raak nie. Maandag se debat, dié tussen Con Botha van die NP en Tian van der Merwe van die DP, was lekker los en het goed gevloei. Clarence Keyter het die manne net gelos om te stry, en dit was goed.

Dinsdagaand was dit Denis Worrall van die DP en die minister van Inligting en die SAUK, Stoffel van der Merwe. André le Roux, soos ons hom al leer ken het, wou diktator speel en het skermutselinkies tussen die debatteerders kru onderbreek.

Woensdag is al die spontaneïteit uit die debat gehaal met Keyter wat stophorlosies aan en af gesit het en die KP se Pieter Mulder en die NP se Louis Nel wat mekaar nie eens in die rede kon val nie.

Maar dit bly goeie teater en 'n goeie stap nader aan volwasse TV. En Woensdag het Pik Botha gesê hy is ook bereid om teen enigiemand - "insluitende dr Worrall" - te debatteer. Dallas sal moet spring om by te hou! (Dit is seker te veel gevra om te verwag dat ons binnekort 'n debat tussen Allan Boesak en FW de Klerk gaan sien!)

## Standpunt

Ons kyk na grepe uit die debatte. Eers Botha en Van der Merwe, wat oor die breë demokratiese beweging (ook na verwys as die BDB of MDM) en die omstrede versetveldtog gepraat het.

Van der Merwe: "Dit is vir ons fundamenteel dat die reg van protes aan mense toegeken word. In die breë geniet lede van die MDM tans nie daardie reg nie. Terselfdertyd is die DP se standpunt ten opsigte van geweld ook baie duidelik: ons duld geen geweld as 'n vorm van politieke optrede of politieke protes nie."

Botha: "Ons sien die sogenaamde BDB as net nog 'n frontorganisasie van die UDF wat nou 'n geleentheid soek om meer vryelik te opereer omdat hulle self aan sekere beperkinge onderhewig is, en op hulle beurt is hulle weer net 'n handlanger van die ANC. Ons glo die DP, deur daardie organisasies te erken as politieke bewegings, gee aan hulle en hulle pogings geloofwaardigheid.

"Ons het probleme met die DP se standpunt dat hy sê dat 'n beweging erken moet word net omdat hy 'n sogenaamde gewaande ondersteuning het. Hierdie organisasies waarvan ons praat, ten spyte van die feit dat hulle die woord demokraties gebruik, is hoegenaamd nie demokraties in hul opset nie. Hulle het geen manier om te bewys hoeveel mense hulle verteenwoordig nie.

"Ek glo dat om met hulle om te gaan op die manier waarop die DP met hulle omgaan gee jy geloofwaardigheid en skep jy die indruk dat hulle 'n massa-beweging is wat hulle inderdaad nie is nie. Dit is 'n betreklike klein groepie militantes en daar is geen bewys van die teendeel nie."

Botha het gesê die DP se medeleier, Zach de Beer, het vroeër gesê die DP en die BDB het dieselfde doelwitte. Daarom behoort die BDB-lede bloot by die DP aan te sluit.

"Hoekom regverdig u dan nog omgang met dié organisasies op 'n buite-parlementêre basis? U as 'n parlementêre politieke party skenk net geloofwaardigheid aan 'n proses wat buite die politiek plaasvind."

Van der Merwe: "Hoe sou u wou suggereer moet die swart lede van die MDM hulself tans polities laat geld?"

Botha: "Wil u sê dat daar nie swart lede in u party is nie? U sê dan u party is 'n party wat alle Suid-Afrikaners verteenwoordig."

Van der Merwe: "Ek vra hoe moet die swart lede van die MDM hulle grondwetlik laat geld - deur blanke strukture? U weet goed daar bestaan geen strukture nie."

Botha: "As u argument geldig is, moet hulle eenvoudig by u party aansluit en dan vir hulle politieke regte deur u party en deur die parlementêre kanale wat vir hulle oop is, hulle beywer. Maar u gee aan 'n alternatiewe vorm van politieke aktivisme 'n geloofwaardigheid."

Van der Merwe: "U suggereer dus dat 'n swartman sy politieke standpunt laat geld deur middel van blanke verteenwoordiging in 'n blanke volksraad. Dis mos belaglik, dis mos 'n belediging vir enige swart Suid-Afrikaner."

## Koelkop

Die vonke het begin spat toe die twee begin praat het oor die versetveldtog. Botha het gesê sy party glo dit is onverantwoordelik om 'n verkiesingsproses te probeer verongeluk.

Van der Merwe het gesê daar is 'n groot twis oor wat die BDB presies gesê het oor die veldtog. "Hierdie debat vind nie plaas vanweë die standpunt wat die MDM ingeneem het nie. Dit vind plaas vanweë die minister van Wet en Orde se poging, en dis 'n desperate poging, om die Suid-Afrikaanse kiesers die skrik op die lyf te jaag en om hierdie verklaring om te bou en voor te stel as 'n fisiese dreigement teen die veiligheid van mense. Terwyl dit my voorkom daar is geen bewyse daarvoor nie.

"Om die waarheid te sê, die MDM het die minister 'n openbare leuenaar genoem en hom uitgedaag om hulle hof toe te neem vir laster. So om die minste te sê, hier is tog 'n wanvoorstelling van wat daar beoog is.

"Ek sou 'n beroep wou doen op Suid-Afrikaners om koelkop te reageer op die hele situasie. Ek wil ook 'n beroep doen op die minister om nie protes te probeer ombou tot 'n gewelddadige oogmerk nie. U weet dié soort ding het al tot probleme in Suid-Afrika gelei. Dit skep 'n soort van 'n oorlogspigose en mense neem dit dikwels ernstig op en neem die wet in eie hande. Dit is net 'n stemvangfoefie."

## Verskoning

Botha het gesê die ervaring oor drie dekades het hul geleer dat die polisie altyd reg is in hulle inligting oor dié soort sake, en Van der Merwe verkwalik dat hy die polisie en die minister se inligting betwyfel.

Van der Merwe het gesê daar was al herhaaldelik geleenthede waar die minister in die parlement verskoning moes maak weens verkeerde inligting wat die polisie aan hom verskaf het.

"Maar in hierdie geval is dit nie 'n beskuldiging teen die polisie nie, dit is 'n beskuldiging teen die minister self dat hy besig is om hierdie ding op te blaas tot 'n skrikmaakveldtog. Dit is 'n eeue-oue politieke taktiek wanneer 'n regering geen visie het om aan te bied nie, of wanneer sy rekord mistroostig is, dan moet die aandag van die kieserspubliek op iets anders gevestig word. Dit is waarmee die minister hier besig is."

Van der Merwe was ongetwyfeld die wenner van al die rondtes. Botha het te veel soos 'n fat cat Nat oorgekom. Van der Merwe was rasioneel, oortuigend en seker van sy saak. Dit is wat so verfrissend is van die DP: hulle vra nie meer verskoning vir hul beleid of probeer dit afwater sodat regse kiesers dit meer aanvaarbaar vind nie. Dit was met Worrall ook die geval.

Worrall en Stoffel van der Merwe se debat oor groepsregte was nog lewendiger, en dit was sommer van vroeg af duidelik dat Worrall baie meer aggressief is as wat hy gewoonlik op die verhoog is.

Van der Merwe het gesê as alle diskriminerende wetgewing dadelik geskrap word, dit tot chaos sou lei. "Daarom moet dit 'n proses wees van 'n uitfasering van diskriminasie op 'n ordelike wyse, en soos jy diskriminasie uitfaseer, faseer jy die handves van menseregte in."

## Waghonde

Worrall het die aanstelling van 70 waghonde wat die toepassing van die Groepsgebiedewet moet monitor, aangeval en gesê die mense wat nou deur die regering genooi word om te kla, "is die mees reaksionêre, agterlike en rassistiese mense in ons gemeenskap. Ons is terug in die 1950's, dr Van der Merwe. Na die situasie waar mense sê daardie mens het 'n bruin vel, hy mag nie hier wees nie, hy het kroeshare, hy mag nie hier bly nie."

Van der Merwe: "Die oorgrote meerderheid wit Suid-Afrikaners verkies om tussen mense van hulle eie soort te lewe. Solank as wat die Groepsgebiedewet op die wetboek is, moet dit toegepas word.

"Maar dit moet op 'n beskaafde wyse toegepas word. Ons sê in ons vyfjaarplan dat dié hele kwessie van die sosiale orde iets is wat onderhandel moet word deur al die leiers van Suid-Afrika."

Worrall: "Mnr Van der Merwe, jy is besig om die program oor te neem."

André le Roux: "Ek sal daaroor beslis, meneer. Ek sal besluit wie die program oorneem."

Worrall: "Jy sê jy wil dit onderhandel. Mnr Heunis het agt jaar lank gesukkel om dit te onderhandel. Mnr Heunis het afgetree uit die politiek. Hy het heeltemal misluk. Dit reflekteer die punt dat die NP as die party van apartheid en van die verlede bloot net nie die toekoms kan onderhandel nie.

"Julle het nie die geloofwaardigheid nie, julle het nie die emosionele hulpbronne om dit te doen nie, en julle het ook nie die politieke wil nie want elke stap nader aan 'n post-apartheid Suid-Afrika is 'n stap weg van NP-gedomineerde politiek."

## Aksieplan

Van der Merwe het gesê dis nie waar dat die NP die party van die verlede is nie, want met elke regering kom daar verandering. "Nou het ons weer 'n nuwe leier, 'n nuwe span, 'n nuwe benadering, 'n nuwe aksieplan (Worrall giggel in die agtergrond). Alhoewel daar 'n deurlopendheid van beleid is, is dit heeltemal anders as 15 jaar gelede."

Worrall: "Jy is reg. Julle plaas die klem op nuwe aksie en 'n nuwe leier. Maar in der waarheid hardloop julle dat dit klap van julle rekord af.

"Want julle rekord van nie net die laaste 41 jaar nie, maar van die laaste drie jaar is een van moordende belasting, stygende pryse, inflasionêre kostes en korrupsie. Dit is 'n rekord waarvoor jy skaam is."

## Vertroetel

Worrall het gesê die NP se fout is dat hy alles in wit minderheidsterme wil definieer. "Julle dink as witmense. Julle maak presies dieselfde foute as wat die wit Rhodesiërs gemaak het. FW de Klerk, as hy tot president verkies gaan word, gaan in der waarheid Suid-Afrika se Ian Smith wees.

"Want julle definieer belange, wit belange, in wit terme. Ons sê vir die mense: julle kan deel wees van die meerderheid. Want die dinge wat vir jou belangrik is, is vir miljoene swartmense belangrik. Ons wil doen wat Dirk Mudge gedoen het."

En as 'n mens aan die begin gewonder het of Worrall die minister se intellektuele meerdere is en of hy net 'n beter saak het om te stel, het jy teen die einde geweet: albei.

In Woensdag se debat oor rassisme het Louis Nel gesê daar is net twee soorte KP-LP's: dié wat rassistiese uitsprake maak en rassisties optree, en dié wat die soort optrede "vertroetel". Hy het daarop gewys dat 'n hof bevind het dat uitsprake deur die KP-LP Clive Derby-Lewis rassisties was, en dat 'n ander LP, Arrie Paulus, geweier het om swart parlementslede se hand te skud.

Mulder het gesê Paulus het ook nie Nel se hand geskud nie, so miskien was daar 'n ander rede.

Hy het gesê die woordeboek se definisie van rassisme kom daarop neer dat een groep glo hy het die reg om oor 'n ander te regeer. "En as dit waar is van rassisme, dan moet ek u eerlikwaar sê dan dink ek dit kan op die Nasionale Party van toepassing gemaak word. As ek na die driekamerstelsel kyk, waar die Kleurling en die Indiër ingetrek is, maar die blanke uiteindelik nog die beheer het. Volgens die woordeboek se definisie is dit rassisme."

## Magstryd

Die KP, sê Mulder, is teen rassisme en wil juis wegbeweeg van rassisme deur skeiding.

Nel: "Die NP is besig om te groei en te ontwikkel uit enige moontlike beskuldiging van rassisties te wees. Maar rassisme is inherent in die KP se beleid."

Mulder het ook van Nel se vroeëre toesprake aangehaal, veral een waar Nel gesê het swart meerderheidsregering sal lei tot 'n magstryd en lei tot bloedvergieting tussen wit en swart. Die KP wil juis hiervan wegbeweeg.

Mulder het vir Nel gevra of PW Botha 'n rassis was omdat hy vir Allan Hendrickse aangespreek het omdat hy by 'n wit strand geswem het, of dit nie rassisme is dat daar skeiding is tussen die drie kamers van die parlement nie, en of die NP die swembad en woongebiede in Carletonville gaan oopmaak as Nel daar wen.

Nel het hom hierop 'n antwoord skuldig gebly.

Dit is 'n tragiese dag as die NP nie eens 'n debat kan wen teen wat sekerlik die KP se Achilles-hiel moet wees nie.

Aan die ander kant is dit juis die enigste waarde wat die KP in ons politiek het: hulle stel die NP aan die kaak en stroop NP-beleid van al die mooi, niksseggende woordjies. En dit werk.

(Berig deur Max du Preez, Breestraat 153, Newtown, Johannesburg)

# Jy het die vrou geraak, jy het die rots beweeg

**Op 9 Augustus 1956 het 20 000 vroue opgeruk na die Uniegebou. Van reg oor die land het swart, bruin, Indiër- en wit vroue gekom om persoonlik protesbriewe aan die destydse eerste minister, JG Strijdom, oor te dra. Hierdie aksie van geweldlose verset was uit protes teen die dreigende uitbreiding van die paswet na swart vroue. Maar vir duisende vroue het dié daad die vrou se rol in die versetfront uitgekerf en 9 Augustus staan van toe af bekend as Nasionale Vrouedag. ELSABé WESSELS het met veteraan-aktiviste wat aan dié opmars deelgeneem het, gesels en kyk na die rol van vroue in die Suid-Afrikaanse politiek.**




"WA thint'a bafazi Wa thintha imbhokodo, u zo kufa."

Jy het die vrou geraak, jy het die rots beweeg, jy sal vernietig word.

Só lui die proteslied wat met 20 000 vrouestemme op 9 Augustus 1956 in die kliparena van die Uniegebou weergalm het.

"Ek sal nooit vergeet wat ek dié Donderdag gade geslaan het nie - duisende vroue wat dertig minute lank in doodse stilte met gebalde vuiste staan.

"Die 20 000 het in een kolom opgeruk - van die laagste terras van die Uniegebou-tuine trappie vir trappie agter hul leiers aan." Só beskryf die 83-jarige veteraan-aktivis Helen Joseph dié daad van protes 33 jaar gelede.

"Vroue van alle rasse van reg oor Suid-Afrika het in die reuse-klipamfiteater van die Uniegebou in Pretoria saamgedrom. Die stralende kleure van Afrika-kopdoeke, helder Indiese saries en die smaraggroen hemde van die ANC-vroue het met die duisende donker gesigte saamgesmelt in een bewegende patroon.

"Ek het omgekyk. Ek kon niks sien behalwe die vroue agter ons nie, duisende vroue in opmars - gewapen met protesbriewe teen die land se onregverdige wette en in besonder die gehate paswet."

Joseph was een van die ses leiers van die Federation of South African Women (Fedsaw) wat die protesbriewe na JG Strijdom se kantoor geneem het. Hulle het Strijdom vooraf in kennis gestel van hul voornemens, maar hy was nie in sy kantoor toe die ses vroueleiers die duisende protesbriewe in sy kantoor opgestapel het nie.

Joseph vertel: "Nadat ons Stridjom se kantoor met protesbriewe gevul het, het ons na die vroue in die amfiteater teruggekeer. Lilian Ngoyi het die vroue versoek om dertig minute lank stil te staan uit protes.

"Die horlosie het drie keer geslaan en weer 'n keer om kwart oor drie - dit was die enigste geluid. Ek het na die duisende gesigte gekyk totdat hulle net een gesig geword het - die gesig van lyding van swart Suid-Afrikaners. Daar was trane in my oë. Ek dink ander het my leed gedeel.

"Aan die einde van die halfuur het Lilian Nkosi Sikelele begin sing. Duisende stemme het ingeval.

"Toe hoor ek 'n lied wat dié dag vir die eerste keer gesing is: Wathint'a bafazi, wa thint'a imbhokodo u zo kufa (Jy het die vrou geraak, jy het die rots beweeg, jy sal vernietig word.)

"Die lied was bedoel vir Strijdom, die strakgesig-dissipel van apartheid en wit onderdrukking en die vyand van die stryd vir vryheid en geregtigheid.

"Aan die einde van die protes het die vroue weggegaan, terug oor die terrasse, met dieselfde trots en dissipline waarmee hulle gekom het. Al singende het hul die plek verlaat - maar die gees van hul aksie het gedraal. Miskien is dit steeds daar, onopsigtelik en geruisloos, want die vroue het die Uniegebou daardie dag hul eie gemaak," skryf Joseph in haar biografie, Side by Side.

## Op dié dag is 'n nuwe lied gehoor

Die protes is deur maande van organisasie voorafgegaan. Vroueleiers soos Lilian Ngoyi, Helen Joseph, Frances Baard en Ray Alexander het die land platgery om ondersteuning vir die aksie te werf.

Met die uitsondering van Ngoyi leef dié leiers nog en vir elkeen bly die dag 'n onvergeetlike herinnering.

Die 79-jarige Baard, wat in 1956 'n vakbondleier in Port Elizabeth en 'n lid van die ANC se Women's League was, sê van 9 Augustus: "Dit was 'n grootse daad van geweldlose verset. Dit was 'n protes teen die voorgestelde uitbreiding van die pasboekstelsel na swart vroue. Ons was woedend. Ons het ons mans en kinders reeds soos misdadigers oor mure en heinings sien vlug uit vrees vir vervolging. Ons was nie bereid om op dieselfde wyse verneder te word nie.

"Maar soos gewoonlik het die owerhede hul oë gesluit vir die protes en swart vroue is kort daarna ook gedwing om 'n pas te dra."

In die sestigerjare is Baard weens politieke redes tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis. Aan die einde van haar tronkstraf is sy verbied om na haar huis in Port Elizabeth terug te keer en na 'n "vuil klein gehuggie" in Winterveld verban.

Vandag nog bly Baard, 'n beskermvrou van die United Democratic Front, in die nabygeleë Mabopani terwyl sy elke dag na die kleuterskool in Winterveld gaan wat sy eiehandig op die been gekry het. "Ek kan nog nie ophou nie. Ek is nog nie vry nie.

"Terwyl ek in die tronk was, het ek altyd gesê hulle kan my opsluit, maar hulle kan nie my gees agter tralies hou nie. Ek glo dit vandag nog. Ek wil vryheid in my leeftyd hê. Die wind het reeds begin waai," sê Baard.

Sy glo die tyd het aangebreek vir vroue om weer hul kragte saam te snoer. "Swart en wit vroue moet saamkom om apartheid te vernietig. Ons het in 1956 bewys dat vroue se plek skouer aan skouer is met mans op die pad na vryheid," sê die veteraan-aktivis.

Amina Cachalia, 'n lid van die uitvoerende bestuur van die Transvaal Indian Congress, was 'n jong vrou in haar twintigerjare en ver swanger toe sy aan die optog deelgeneem het.

"Ek sal die gesig nooit vergeet nie. Dit was net 'n see van gesigte. Sommige van die vroue het hul kinders op hul rûe gehad.

"Wat die grootste indruk op my gelaat het, was die halfuur van doodse stilte. 'n Mens kon 'n speld hoor val.

"Nie eers die kinders het gehuil nie. En toe skielik die klanke van Nkosi wat oor die Uniegebou-terrasse weergalm."

Cachalia, 'n beskermvrou van die Federation of Transvaal Women (Fedtraw), onthou die dag as 'n "hoogtepunt in die politieke loopbane" van baie vroue.

Dit het ongelooflike organisasie geverg om al die vroue, die meeste arm en sonder vervoer, by die Uniegebou te kry. Polisieversperrings op die paaie na Pretoria het baie verhoed om daar uit te kom. Maar dit was 'n oorwinningsdag vir Fedsaw, sê Cachalia wat aanhouding sonder verhoor en jare van streng inperkingsmaatreëls weens haar politieke aktiwiteite ervaar het.

"Ons het wel nie daarin geslaag om die uitbreiding van die paswette te stop nie. Maar dit was 'n kragtige geweldlose teken van verset teen swart lyding onder apartheid," sê Cachalia.

Fedsaw, wat in 1954 gestig is, was die eerste belangrike nie-rassige federale liggaam vir vroue. Die affiliate was politieke organisasies, vakbonde, gemeenskaps- en kerkorganisasie - die belangrikste lid was die ANC se Women's League.

Hierdie vroue het kragte saamgesnoer met die doel om apartheid te beëindig.

Dit was 'n bevestiging dat vroue gevoel het dat hulle nie ondergeskik aan mans is nie, maar dit hulle op gelyke voet in die bevrydingstryd staan.

Fedsaw is nooit verbied nie, maar met die verbod op die Women's League en die inperkings van individuele aktiviste het die beweging so te sê doodgeloop.

'n Herlewing is tans aan die opvlam.


Frances Baard
*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*


Amina Cachalia
*(Foto: Paul Weinberg - Afrapix)*


Helen Joseph
*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*


Irma Xenopoulos
*(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)*


Martie Meiring


Dene Smuts


Helen Suzman
*(Foto: Anna Zieminski - Afrapix)*

# *Vroueregte deel van die demokratiese proses*

KAALVOET oor die Drakensberge - of met Gucci's op die Bloutrein?

Waar staan Afrikanervroue op die volksfront?

Die Demokratiese Party stel nege vroue as kandidate in die algemene verkiesing. Dit word as 'n deurbraak vir die feminisme in die wit en veral Afrikanerpolitiek beskou.

Maar beteken dit 'n handomkeer van die ondergeskikte rol wat Afrikanervroue in die land se politiek gespeel het die laaste twee dekades?

Afrikaners het nie 'n Helen Suzman nie. Maar wat het van die Johanna Corneliusse en Anna Scheeperse geword?

Cornelius, die nasionale organiseerder van die Klerewerkersunie, was die leier van 'n geslag jong Afrikaner-fabrieksvroue wat hulle voor en na die oorlogsjare teen ekonomiese onderdrukking verset het.

Van Johanna word vertel dat sy vergaderings met haar ou skoolbaadjie aan toegespreek het.

"Ons is moeg daarvan om vir 'n paar pennies onsself af te sloof. Ons pa's het gerebelleer vir vryheid. Ons is hulle dogters." Met dié woorde het Cornelius wit vroue en werkers gepolitiseer.

Johanna, haar suster Hester Cornelius en hul kameraad en vriendin Anna Scheepers, president van die Klerewerkersunie, het met hul optrede 'n belangrike hoofstuk in die Afrikanervrou se geskiedenis geskryf.

Maar dit is nie dié geskiedenis wat onthou word nie.

In terugblikke word daar wel verwys na die stoere Voortrekkervroue wat met Sannas en voorlaaiers die vyand afgeskrik het. Maar in die volksannale word die pryse van die "dienende karakter" van die Afrikanervrou besing.

Met "die bak van koeksusters het sy 'n volk opgehef", lui die lofgesange. Maar die politiek het sy aan die "sterker vat" oorgelaat.

Maar het die tyd nie ryp geword vir die vrou om uit die kombuis te kom en die volkshuishouding aan die kant te maak nie?

Irma Xenopoulos, onder-voorsitter van Vroue vir Vrede, sê: "Vroue kan nie meer wegskram van hulle politieke en sosiale verantwoordelikheid nie. Blanke vroue moet besef hulle het nie meer die reg om te sê hulle weet nie."

Dene Smuts, 'n DP-kandidaat in die September-verkiesing, waarsku: "Vroue moet ophou om hulself as 'n minderheidsgroep te definieer."

**Wil Afrikanervroue altyd daarvoor berug wees dat hulle opgepiepte vroue is wat deur swart vroue bedien word? Hoe hoop hulle om in die toekoms 'n verhouding met swart vroue in 'n demokratiese Suid-Afrika op te bou as die enigste verhouding tussen hulle al die tyd een was van die miesies en die bediende wat elke dag inkom? - 'n Vroue-afgevaardigde van die ANC tydens die Dakar-beraad in 1987.**

Smuts glo dat geslag nie meer 'n faktor in die Suid-Afrikaanse politiek is nie, maar erken dat min vroue hulself nog op die voorfront begeef.

"Die grootste les wat vroue moet leer, is om nie hulself as eggenotes en moeders te definieer nie.

"Feminisme is net soveel 'n demokratiese proses as die omverwerping van apartheid. Albei is 'n stryd teen biologiese diskriminasie. Vroueregte gaan oor die uitbreiding van die demokrasie."

Na jarelange redakteurskap van 'n vrouetydskrif glo sy dat vroue volgens oortuiging moet groepeer - hetsy sosiaal of polities en nie agter voorskote en doeke nie. Huisvroue bly steeds burgers van die land.

Om politieke doelstelling te bereik moet vroue net soos mans in politieke drukgroepe deelneem, sê Smuts.

In die verkiesing beklemtoon Smuts nie die feit dat sy vrou is nie. "Ek staan as 'n landsburger en nie as 'n vrou nie. Ek staan as 'n politikus."

Sy soek ook nie 'n rolmodel by ander vroue nie. Selfs vroueregte gaan oor die uitbreiding van die demokrasie.

Martie Meiring, ook 'n DP-kandidaat, steun Smuts. "Eintlik maak dit nie saak of ek 'n man of 'n vrou in die politiek is nie."

Tog glo sy dat die ses vroue-kandidate wat die DP in die verkiesing stel, 'n teken van die veranderde tye is.

"Tydens werwing het dit vir my duidelik geword dat daar 'n toenemende bewussyn onder veral Afrikaanse vroue is. Hulle is nog nie noodwendig polities betrokke nie, maar daar is 'n besorgdheid oor die toekoms van die land."

Volgens Meiring is die dae waar vroue stem soos hulle mans ook aan die verbygaan. "In my kiesafdeling is daar verstommend baie vroue wat 'n ander politieke keuse maak. En dié keuses word nie net oor die stygende pryse van hul inkopie-mandjies gemaak nie. Wat my tref, is hul fokus op die politieke toekoms van die land."

# Veral vroue die slagoffers van onderdrukking

**"ONS, die vroue van Suid-Afrika, eggenotes en moeders, werkende vroue en huisvroue, verklaar hiermee ons doel om onsself te beywer vir die vernietiging van alle wette, maatreëls, konvensies en gebruike wat teen ons as vroue diskrimineer."**

**Só lui die aanhef tot die Vrouemanifes wat in April 1954 met die stigting van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue opgetrek is.**

**"Daar is net een gemeenskap en dit bestaan uit mans en vroue," gaan die handves voort.**

**Maar met hierdie uitings van gelykheid en bevryding het Suid-Afrikaanse vroue nog geensins gelyke status bereik nie.**

**Terwyl vroue daarop aandring dat hulle nie net eggenotes, moeders en vriendinne is nie, word daar feitlik op elke gebied teen hulle gediskrimineer.**

**Die vroue is self ook te blameer deurdat hulle hulself as aanhangsel van die man beskou en hulself in alles aan sy gesag onderwerp.**

**By die huis, by die werk, in die kerk en op sosiale gebied staan vroue steeds in die skaduwee. Die meeste Suid-Afrikaanse vroue lewer steeds hul arbeid in afdelings soos maatskaplike werk, gemeenskapsdienste en opvoeding. Min waag dit buite die ruimtes van dié dienende beroepe.**

**Volgens Nina Overton, professor in kommunikasiekunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit, is die bydrae van die Suid-Afrikaanse vrou in die arbeidsmag jammerlik.**

**Onder die sowat 2,7 miljoen wit vroue wat in 1985 ekonomies onaktief was, het 220 D-grade, 800 M-grade en 20 000 B-grade gehad. In Amerika bestaan 43 persent van die arbeidsmag uit vroue.**

**Syfers wat onlangs bekend gemaak is oor diskriminasie teen vroue in die sentrale regering kan goed op ander terreine toegepas word.**

**Volgens die Vereniging vir Staatsdiensamptenare het geen vrou nog ooit die rang van direkteur-generaal bereik nie, ongeag die feit dat 46 persent van die sentrale regering se werkkrag vroue is. Gemiddeld verdien vroue in die staatsdiens ook R531 per maand minder as hule manlike kollegas.**


Nina Overton

**Suid-Afrikaanse vroue se posisie in die kerk is net so troosteloos. Min gelowe en kerke bied vroue gelyke status in die bediening.**

**Aan die positiewe kant wend minder vroue as mans hulle tot misdaad. Slegs 23 persent van misdade in Suid-Afrika word deur vroue gepleeg, waarvan die meerderheid nie-gewelddadig is.**

**Die vier misdade waarvoor vroue meer as mans vervolg word, is kindermishandeling, prostitusie, aborsie en winkeldiefstal.**

**Daarteenoor is hulle daagliks die slagoffers van misdaad en geweld. In Suid-Afrika word daar elke agt minute 'n vrou verkrag, volgens 'n opname deur People Opposed to Women Abuse (Powa).**

**Statistiek dui daarop dat dit veral die swart vroue is wat die slagoffer is van onderdrukking. "Ons word drievoudig onderdruk: as swartmense, as werkers en as huisvroue," sê 'n woordvoerder van die Federation of Transvaal Women (Fedtraw).**

**Dit lyk of ons ons net vir "vroue-sake" beywer. Maar in Suid-Afrika is opvoeding, huisvesting en onderwys ernstige politieke brandpunte, sê Zeni Tshongweni.**

**Ons moet nou reeds alles in die stryd werp om gelykheid in 'n post-apartheid Suid-Afrika te verseker, sê sy.**

**In die lede-organisasies van die breë demokratiese beweging is dit duidelik dat vroue se deelname aan politieke verset aan die toeneem is.**

**Sedert die afkondiging van die voortgesette noodtoestand is honderde vroue in aanhouding geneem.**

**'n Groeiende getal politieke gevangenes is vroue.**

**Tientalle vroue dien tans gevangenisstraf uit van ses maande tot 25 jaar weens politieke oortredings - meestal weens die bevordering van die oogmerke van die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.**

**Die vrou wat tans die langste vonnis vir 'n politeike oortreding uitdien, is die 31-jarige Marion Sparg wat in in November 1986 tot 25 jaar gevangenisstraf gevonnis is. Sedert 1985 is sowat 50 vroue weens politieke oortredings gevonnis.**


Vrye Weekblad, 4 Augustus 1989

# Dié wet nog lank nie vergete

WANNEER die gerugte van onderhandeling waarmee ons deesdae toegegooi word op 'n werklike geprātery uitloop, hoop ek van harte die regeringsgesante kan saamgesels oor die 1913 Swart Grond Wet.

Ek kan hulle verseker die ANC het nog glad nie van dié Wet, waarskynlik die belangrikste stuk wetgewing in die Suid Afrikaanse geskiedenis van dié eeu, vergeet nie.

Sol Plaatje verduidelik waarom dié Grond Wet soveel bygedra het tot die vorming van die ANC: "Awakening June 20, 1913 the South African native found himself a pariah in the land of his birth... such a measure would be exploitation of the cruelest kind, that it would not only interfere with the economic independence of the Natives, but would reduce them forever to a state of serfdom, and degrade them as nothing has done since slavery was abolished at the Cape." (Native Life in South Africa, 1916)

Die Grond Wet is al op verstommend uiteenlopende wyses vertolk; hier waag ek 'n mening oor die betekenis van artikel 1 wat bepaal dat "swartes" slegs grond, of 'n belang in grond, in bepaalde "streke" (sowat 'n agtiende van Suid-Afrika) mag bekom, terwyl blankes tot die res van die Unie "beperk" is.

Wit magsugtiges, soms verkeerdelik konserwatief genoem, verdedig gewoonlik die Grond Wet as 'n noodsaaklike beskerming van swart grond teen blanke oorname. Segregasie voorkom immers kulturele, sosiale, ekonomiese en politieke oorheersing van een groep oor 'n

**Die verdeling van grond in Suid-Afrika is een van die land se grootste vraagstukke - en een wat in 'n post-apartheid Suid-Afrika sterk na vore sal tree. JOHAN DE WAAL het tydens sy LLM-studies aan die Universiteit van Keulen in Duitsland dié kwessie bestudeer**



ander.

Genl Louis Botha mag destyds die Britse Koloniale Sekretaris, ene Harcourt, met hierdie argumente om die bos gelei het, maar ons hoef sekerlik nie te veel tyd hiermee te mors nie. Feitelik lyk dit eerder asof die gedemoraliseerde Boere in die Transvaal beskerming teen swart sindikaatkopers nodig gehad het. Boonop weet ons teen dié tyd dat segregasie blanke heerskappy verseker het deur politieke mag horisontaal te verdeel.

Veel interessanter is die "radikale" ontleding van artikel 1 van die Wet. Teen die laat 19e eeu het kapitalisme die pre-kapitalistiese maniere van produksie vervang. Benewens 'n gebrek aan politieke stabiliteit, was 'n geweldige gebrek aan arbeid die vernaamste probleem wat die eienaars van die produksiemiddele gekonfronteer het.

Die swak gehalte van al Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne veroorsaak dat kapitaliste 'n oorvloed van goedkoop arbeid nodig het om internasionaal mededingend te kan wees. Potensiële werkers het egter daarin geslaag om uit hul beperkte boerdery-bedrywighede te oorleef.

Deur swartes hul toegang tot grond te ontneem - eers deur gewelddadige verowering, later deur belasting, die Glen Grey-metode van individuele titel en uiteindelik die Grond Wet - is die swart massas gedwing om tot die arbeidsmark toe te tree.

Die segregasie-aspekte van die Wet was bedoel om die eise van wit rassiste te bevredig, maar veel belangriker was die skepping van 'n reservoir van swart werkers met 'n gebrekkige oorlewingsbasis.

Boonop kon die reservate gebruik word om die patetiese vergoeding, die gebrek aan ordentlike behuising, werkloosheidsversekering, betaalde vakansies en pensioenvoordele te regverdig, want die werker se vergoeding was net veronderstel om die uitgebreide familie se inkomste in die reservaat aan te vul.

Produksie in die reservate moes dus die kapitalis se plig vervang om welsynsdienste te voorsien, maar nie die dryfkrag om vir die kapitalis te werk verwyder nie. Die tradisionele wyse van lewe in die tuislande is aangemoedig en is tesame met die gesag van hoofmanne gebruik om 'n mate van politieke stabiliteit te bewerkstellig.

Hierdie instrumentalistiese vertolking het ooglopende tekortkominge en word dus deur sommige radikale gekwalifiseer deur die belangrike ideologiese werkinge van die Grond Wet uit te stippel. Daar was eenvoudig nie hierdie eensgesinde wit, kapitalistiese heersersklas wat kon maak en breek met die reg in Suid-Afrika soos hulle wou nie.

Meganismes binne die regstelsel, soos die Thompson-saak wat die werking van artikel 1 in die Kaapprovinsie opgeskort het, het die kapitaliste se doelstellinge soms gepootjie. Die skyn van segregasie, van "apart maar gelyk", die skyn van die gelykheid van regsubjekte, die skynbare neutraliteit van veral die privaatreg - kontrakte, eienaarskap en individuele regte - het egter daarin geslaag om die onderliggende ongelykheid tussen individue te verberg in die belang van kapitalisme.

Die tradisionele liberale vertolking van die Grond Wet as irrasionele rassisme met 'n "Alice in Wonderland" ekonomiese grondslag, is onteenseglik deur die radikale weerlê, maar radikale ontduik self die kardinale vraag in hulle analise.

Dit is maklik om 'n kapitalistiese belang onder elke bos uit te skop, maar wat bewys moet word, is dat die kapitalistiese manier van produksie 'n sine qua non vir die Grond Wet was. As kapitalisme vervang word, moet die Grond Wet onmoontlik word. Dit kan nie bewys word nie en wel omdat die reg nie gedetermineer word deur die manier van produksie of die klassestryd nie, maar eerder die balans van politieke mag in 'n samelewing weerspieël.

Die verskuiwing van politieke krag sedert die sewentigerjare is besig om Suid-Afrika te verander, terwyl ekonomiese mag in die hande van blankes bly. Die Grond Wet is eerder die produk van 'n erg eensydige politieke stryd. Wit heerssugtiges en kapitaliste het saamgespan teen swart landbewoners. Laasgenoemde had feitlik geen politieke mag nie; hulle was militêr verslaan, ekonomies vernietig deur natuurrampe en inmenging van die staat en polities binne en buitelands geïsoleer en gedisorganiseer.

Indien my ontleding korrek is, hou die Swart Grond Wet 'n belangrike les vir toekomstige Suid-Afrikaanse politieke strukture in. Demokrasie, 'n Handves van Menseregte en vryheid van spraak an assosiasie is myns insiens onvoldoende om politieke mag reverdig te allokeer.

'n Instelling om politieke verloorders te beskerm, lyk noodsaaklik.

# Hoe verlig is dié 'verligte' maatskappye werklik?

Ek lees in Sondag se koerant dat daar geadverteer word vir 'n Personeelbestuurder om aan te sluit by "een van Suid-Afrika se mees verligte werkgewers".

Hulle beskryf toe die soort gemotiveerde en dinamiese persoon wat gesoek word: HY sal vyf tot sewe jaar ondervinding hê, HY sal 'n lid van die streeks-uitvoerende komitee word... en ek begin toe wonder hoe verlig dié maatskappy nou eintlik is.

Suid-Afrika se arbeidswetgewing diskrimineer deesdae glad nie op grond van geslag (of ras) nie. Die wetgewing gaan egter miskien nie ver genoeg om werknemers te beskerm teen sulke diskriminasie deur werkgewers nie. En die praktyk - gewoontes - verander dikwels baie stadiger as wat statute gewysig kan word.

## Diskriminasie

Nietemin, 'n "onbillike arbeidspraktyk" word so breed in die Wet op Arbeidsverhoudinge gedefinieer, dat dit seker net 'n kwessie van tyd kan wees voordat daar 'n nywerheidshofsaak oor diskriminasie op grond van geslag gaan wees.

Dat dit nog nie gebeur het nie, is dalk slegs te wyte aan die bestaan van 'n lang lys ander probleme wat by werkers en hul vakbonde prioriteit geniet. Werknemers wat nie aan vakbonde behoort nie is miskien nie bewus van hul regte nie.

As ons na statistiek uit navorsing en salarisopnames kyk, is dit duidelik dat vrouewerkers wel gemiddeld heelwat minder as mans verdien.

Dit is nie altyd maklik om te bewys dat dié loonverskille deur diskriminasie veroorsaak word nie, maar dat dit ten minste gedeeltelik so is, kan nie betwis word nie.

As gevolg van dié diskriminasie word vroue nie slegs minder as mans in vergelykbare poste betaal nie, maar dit blyk ook dat poste wat normaalweg oorheersend deur vrouewerkers gevul word, laer "gegradeer" en besoldig word.

Die Wiehahn-kommissie het heelwat getuienis oor hierdie diskriminerende praktyke ontvang. Die kommissie het aanbeveel dat diensvoorwaardes en werksomstandighede van vroulike werknemers ten aansien van verskillende aspekte ingrypend hersien moes word.

(Dit is ook nie 'n nuwe probleem nie. In 1934 is die Van Reenen-kommissie aangesê om ons arbeidswetgewing te ondersoek. Onder andere moes die kommissie bepaal in welke mate lone diskriminerend was, en ondersoek instel na die wenslikheid van verskillende loonvastellings vir mans en vroue.)

## Wiehahn

Die Wiehahn-kommissie het beklemtoon dat Suid-Afrika onherroepbaar die posisie bereik het waar vroue 'n wesentlike en noodsaaklike bydrae tot die ekonomiese aktiwiteite in die samelewing maak.

Hulle het verwys na verskeie ander lande wat nie slegs diskriminerende wetgewing herroep het nie, maar wat statutêre verpligtinge daargestel het om gelyke indiensnemingsgeleenthede vir mans en vroue te verseker. Dit word selfs in sommige lande in hul grondwet gewaarborg.

In die lig van die belangrike rol wat vrouewerkers in Suid-Afrika se ekonomie speel, is soortgelyke waarborge en verpligtinge miskien

**Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**



ook hier nodig.

In die afwesigheid daarvan lê daar 'n groter verantwoordelikheid by werkgewers - veral by "verligte werkgewers" - om weg te beweeg van tradisionele diskriminerende gewoontes.

## Vergoeding

Dis is net so belangrik dat vroue toegang moet kan kry tot sogenaamde "manlike poste", as dat hulle gelyke vergoeding vir gelykwaardige werk moet ontvang.

Aanhangers van die vryemarkstelsel sal seker vra "Maar wat van vraag en aanbod?" Hier moet onthou word dat selfs onder konvensionele ekonomiese teorie, die "korrekte" waarde van 'n pos deur vraag en aanbod bepaal sal word slegs in die afwesigheid van diskriminasie en onder volmaakte marktoestande.

Vraag en aanbod in die arbeidsmark is die gevolg van verskeie geskiedkundige gebeurtenisse en gewoontes - diskriminasie inkluis.

## Wetgewing

Diskriminerende wetgewing en praktyke, wat nog glad nie verdwyn het nie, beïnvloed vraag en aanbod en sal dus vergoeding laat styg of daal.

Dit is onmoontlik om 'n wesentlike gedeelte van ons ekonomiese kapitaal te benadeel, sonder dat ons daardeur die hele ekonomie beskadig.

Organisasies hoef nie te wag totdat vroue organiseer en druk op hulle plaas vir die afskaffing van diskriminerende praktyke nie. Dit is ook tot hulle nadeel as dit deur wetgewing afgedwing moet word.

Tot redelik onlangs het min maatskappye kraamvoordele aangebied en dit het slegs 'n algemene diensvoorwaarde begin word nadat vakbonde namens vrouewerkers daarop aangedring het.

Dog is dit in die ekonomiese belang van beide die sake-onderneming en die land om sulke reëlings te tref.

## Vrae

'n Maatskappy kan sy eie werwings- en indiensnemingspraktyke evalueer en diskriminerende praktyke begin uitwis.

Word daar byvoorbeeld slegs objektiewe voorvereistes gestel by die advertensies van vakatures? Word subjektiewe vrae gedurende indiensnemingsonderhoude tot 'n minimum beperk?

Word vroue wat tans toesighouers- of bestuursposte beklee minder betaal as mans in soortgelyke poste? (Is daar vroue in bestuurs- en toesighouersposte!)

Gebruik die maatskappy 'n objektiewe stelsel om die relatiewe waarde van poste vas te stel, en neem werknemers deel in die proses, ongeag hulle geslag of ras?

Kan werknemers appelleer teen posgraderings, en is daar ook vroue op die komitee wat sulke appelle hanteer?

## Oorsake

Terwyl werkloosheid daagliks 'n groter probleem word, ondervind die land 'n tekort aan bekwame bestuurders en geskoolde arbeid. Strukturele oorsake is ten minste gedeeltelik hiervoor verantwoordelik, en werkgewers wat wegbeweeg van diskriminerende praktyke kan bydra tot die oplossing.



MAKLIKER GESÊ

Charles Leonard

# Dan kan die Lefties ook nartjies gooi...

EK kry dikwels die indruk dat witmense aan die linkerkant van die politieke spektrum sport as boos beskou. Veral rugby word as macho gesien.

Dié dikwels voorskriftelike bleekspul word flou oor enigiets wat na "seksisme" klink en rugby is kwansuis die beliggaming daarvan.

Sê byvoorbeeld iets soos: "Sport is 'n baie belangrike komponent in die stryd om politieke verandering in Suid-Afrika," en die reaksie is amper dieselfde as op "Eugene Terre'Blanche het dalk iets beet" (hier bedoel jy natuurlik nie Jani nie).

As iemand wat van kleins af 'n sportfanatikus is, en 'n rugbybal op die brein het, was dit - nadat ek polities al hoe meer bewus geraak het - moeilik om my te vereenselwig met sekere fasciste wat ongelukkig sinoniem met rugby geraak het.

Op skool het ek die onderwyser geglo wat gesê het 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Dus, ek moes aan sport deelneem.

'n Mens kan gaan sokker speel, maar jy het reeds 'n agterstand teen ander ouens wat van baksteenhoogte al die ronde bal rondskop. 'n Afrikaanse outjie lyk ook maar lekker lomp op 'n sokkerveld. Jy wil die heeltyd jou hande gebruik - soos die Ellis-outjie wat in Rugby in Engeland die eerste keer die bal opgetel en begin hardloop het.

Op universiteit was dit maklik. Jy kon vir die koshuisspan uitdraf en al jou frustrasies op die veld uitsweet.

Maar die probleem begin daarná.

As jy nou nie juis 'n Burger Geldenhuys of 'n Jannie Breedt is nie, word jy gedwing om slaansak te wees in een of ander obskure klub se derde span saam met ouens wat "I'm only here for the beer"-T-hemde veld toe dra - en dit bedoel.

Die oplossing (na 'n artikel in die New Nation) was nie-rassige rugby in die bruin townships. Na 'n oproep of twee na die voorsitter van die Pumas-rugbyklub kon ek my eerste oefening op 'n bofbalveld onder straatligsterk ligte bywoon. Ons moes die veld met ander rugby-, sokker- en hokkiespanne deel.

In die begin is daar effens gefrons oor dié "lanie" wat, terwyl hy betaal kan word om klubrugby te speel, aan die "ander kant" kom speel het.

Na my eerste wedstryd het van voorste ouens in die klub my eenkant toe geroep om aan my te verduidelik hoe nie-rassige sport nou eintlik werk. Geen rassistiese aanmerkings nie, is aan my gesê. Dit het egter twee kante toe gewerk. Die eerste ou wat my "grief" gee, is uit die unie uit.

En dit het in die praktyk ook so gewerk. Een wedstryd is deur die Chinese skeidsregter beëindig nadat een van die teenstanders se ondersteuners my 'n "AWB" genoem het.

Van die veld af het die skeidsregter aan hom gesê hy sal hom bliksem en die arme kêrel het druipstert die sinkstadion verlaat.

Die nuutjie van 'n "boer" wat nie-rassige rugby speel, het gou oorgewaai en die getalle van wit spelers in die Puma-geledere het aangegroei tot vyf.

Dinge was normaal - die rugby was hard, die biere na die wedstryde lekker koud en daar is goeie vriende gemaak.

Selfs al het sommige hoogheilige grootkoppe in Sacos - by wie ons geaffilieer was - boikot geskree as die naam Craven genoem word, het die ouens na die tyd Naas en Michael en Danie se spel bespreek.

Die paar seisoene by Pumas, by nie-rassige sport, saam met my swart kamerade, het my daarvan oortuig dat sport een van die belangrikste maniere kan wees om die walglike grense wat apartheid tussen ons opgebou het, af te breek. Dit kan ook 'n belangrike wapen wees in die stryd om 'n nuwe Suid-Afrika.

'n Suid-Afrika waar dit nie nodig sal wees om teen die wense van die meerderheid van ons mense rebelle te koop om hier te kom rugby speel nie.

Ek hoop dat apartheidsport verder geïsoleer gaan word en dat die deure na internasionale sportvelde al hoe verder oop vir nie-rassige sport sal word. Dalk sal daai bleek lefties dan saam met ons nartjies op Loftus kan gooi.

# Afrikaans - 'n nagmerrie vir ons en ons kinders




AS kind het die Transvalers van Indiese herkoms wat Durban besoek het altyd vir die "banana boys" - wat nie Afrikaans kan praat nie - gelag.

Want al die binnelanders kon Afrikaans praat - of dit nou suiwer FAK-taal, flaaitaal of kombuistaal was. Sakemanne moes Afrikaans kon praat om met hulle klante te kommunikeer.

Ek het grootgeword in Sophiatown en het daarna in Newlands, op die westelike grens van Johannesburg, gaan woon. Voordat ek skool toe is, kon ek reeds Afrikaans en een of twee Indiese tale praat. Kinders moes dit kon praat om met hulle oumas en oupas te kommunikeer.

My maats in Fordsburg en Pageview het ook Afrikaans - òf as flaaitaal of as 'n besigheidstaal in gebiede waar gemengde rasse gewoon het - gepraat. Die plattelandse Indiërs het Afrikaans en een of twee swart tale gepraat.

## Sophiatown

Toe ek in Brittanje gewoon en gestudeer het, het ek sonder uitsondering Afrikaans met my landgenote gepraat.

Behalwe dat ons lekker kon skinder en niemand ons kon verstaan nie, het dit ons 'n gevoel van gemeenskaplikheid, dat ons êrens behoort, gegee.

En toe besluit die Nasionaliste om ons van ons woonplekke te ontneem - van Sophiatown, Newlands, Pageview, Newclare, Fordsburg moes ons in duiwehokke van apartheid gaan woon. Die gedagte - of liewer die verskoning - was dat ons sodoende ons identiteit kon behou.

## Witmense

Daardie identiteit word nie deur ons nie, maar deur witmense bepaal. Dié witmense wat die Groepsgebiedewet uitgedink het, beheer en toepas.

Maar saam met "selfbeskikking" het hulle ook vir ons "Bantoe-onderwys", "Kleurling-onderwys" en "Indiëronderwys" gegee.

Terloops, mense wat as "wit" geklassifiseer is, ontvang nie "Witonderwys" nie.

En deur vir ons "selfbeskikking" te gee, het hulle ons gedwing om Afrikaans en Engels op skool te leer. Dit het 'n geweldige probleem vir skoolkinders geskep - én tot nadeel gestrek van diegene wat Afrikaans wil bewaar en bevorder.

Want sien, toe ons in die Nasionaliste se groepsgebiede gaan woon het, het dié van ons wat in Newlands en Sophiatown gewoon en nog Afrikaans gepraat het, kontak met mekaar verloor. Ons kinders het alle kontak met Afrikaanssprekendes, of hulle nou "wit", "swart" of "kleurling" was, verloor.

## Nagmerrie

Wat deur ons ouers as vanselfsprekend aanvaar is - dat ons goed in Afrikaans vaar op skool - het 'n nagmerrie vir ons en ons kinders geword.

My dogter het onlangs, in haar eerste jaar op hoërskool, sleg gevaar in Afrikaans en nié omdat die onderwyser swak is nie.

Dit is ironies dat die onderwyser van Durban af kom - en dat my dogter rêrig nie Afrikaans wil leer nie.

Niemand in ons woongebied praat Afrikaans nie, niemand kommunikeer meer in dié taal nie. En op televisie is dit veel makliker om na die Engelse klankbaan oor die radio te luister.

Sy kan nie verstaan waarom sy Afrikaans, wat so oorbodig in ons daaglike lewe geword het, moet leer nie. Ek en my vrou kan dit ook nie begryp nie.

Wat nog erger is, is dat my twee jonger seuns nie 'n woord Afrikaans kan verstaan of praat nie. En hulle wil ook nie.

Ek en my vrou het besluit om een dag per week net Afrikaans te praat. My kinders dink dit is verskriklik snaaks.

## Platteland

Ons dink almal dit is belangriker dat hulle 'n swart taal moet leer omdat ons na 'n nuwe Suid-Afrika beweeg.

Waarom moet ons Afrikaans praat as die Afrikaners wat die land regeer - en dié wat dit wil regeer - ons haat en nie wil hê ons moet naby hulle leef, sake doen of saam met hulle skool toe gaan nie?

Die situasie op die platteland is nog erger - mense wat as "Indiër" geklassifiseer is, word in hulle groepsgebiede ingedruk en omdat hulle al hoe minder kontak met Afrikaners het, stel hulle nie meer daarin belang om Afrikaans te leer nie.

In plekke soos Soweto het Afrikaans nie net 'n vreemde taal geword nie, maar ook die "taal van die onderdrukker".

Afrikaans as verpligte skoolvak was tog die rede vir die onrus in Soweto in 1976.

Hierdie weersin in Afrikaans, glo ek, het na "kleurling"-gebiede uitgebrei.

Ek onthou hoe ons tot 1976 maklik Afrikaans, in enige van sy vorme, begin praat het met ons "kleurling"-vriende van die Kaap af. Nou praat ons net Engels omdat Afrikaans 'n baas/kneg-betekenis gekry het.

## Joernalis

Ek het persoonlik, na matriek, besluit om so min as moontlik kontak met Afrikaans te hê, nie net omdat ek nie die nut daarvan ingesien het om met mense te praat wat my haat nie, nie omdat ek is wat ek is nie, maar omdat hulle my klassifiseer in wat hulle dink ek is en wat hulle dink ek behoort te wees.

Maar as 'n joernalis moes ek Afrikaans kon praat omdat dit die taal van die meerderheid van ons regeerders is en ek moes verstaan waarom hulle mense van 'n ander kleur onderdruk wil hou.

Deesdae praat ek maar min Afrikaans, nie omdat ek die taal haat nie, maar dít wat dit simboliseer. Dit was 'n moeilike besluit, want Afrikaans was amper my moedertaal en ek is lief vir die taal met sy keelklanke, sy aardsheid wat dit een van die tale van Afrika maak.

## Eie taal

Selfs al breek die dag aan dat die selfaangestelde stryders en bewaarders van Afrikaans besluit Afrikaans is 'n taal vir Suid-Afrikaners, nie meer 'n "eie taal" nie, maar 'n taal wat mense saam kan bring, sal daar steeds mense wees wat dit haat omdat hulle gedwing word om dit te leer.

In 'n demokratiese samelewing waarin al die tale deel van 'n gelyke Suid-Afrika sal wees, sal ek een van baie wees wat dit weer met trots sal praat.

Want Afrikaans is my taal ook!

# Vrye Weekblad

## Vlok se drogbeelde

Indien om geen ander rede nie, verdien die Nasionale Party om deur die wit kiesers verwerp te word weens die drogbeelde, verdraaiings en blatante leuens wat oor die buite-parlementêre protes teen die wit verkiesing voorgehou word.

Soveel blatante spook-opjaery om stemme te lok, het Suid-Afrika lank laas gesien.

Dit is duidelik dat die NP groot geskrik het oor die mate waarin hulle stemme na links en na regs verloor. Verskeie meningsopnames het dit bewys. En die NP is na vier dekades van ongebreidelde mag nie in staat om dit te hanteer nie.

As dit net onskuldige foefies was wat die rekenkunde van 6 September effens sou beïnvloed - soos PW Botha se biltong wat nie regtig 'n skandaal is nie - sou dit nie eintlik saak gemaak het nie.

Maar Adriaan Vlok en sy kollegas - selfs Gerrit Viljoen en Willie van Niekerk het ywerig meegedoen - het binne 'n paar dae daarin geslaag om 'n nasionale konflik-psigose te skep wat in ons land met sy hoë politieke temperatuur bitter gevaarlik is.

Dat dié bangmaakstories boonop op leuens berus, is onvergeeflik. Die breë demokratiese beweging het dit van die eerste dag af baie duidelik gemaak dat hul protesveldtog sonder enige geweld gaan geskied. Eergister se protes by hospitale was 'n deeglike bewys daarvan - en in skerpe teenstelling met die beweringe dat die protes met kleefmyne vergesel sou gaan.

Nie een van die ministers of hul mondstukke in die media het die eerlikheid gehad om die breë demokratiese beweging van die militêre vleuel van die ANC te onderskei nie. Die guerrilla-aanval op 'n polisiekantoor in Brixton het byvoorbeeld niks met die protesveldtog te make gehad nie.

En deurgaans is die woord wat in 'n Cosatuverklaring gebruik is, "militant", gelykgestel aan "militêr".

Daar is 'n nog meer ontstellende vermoede wat nou weer kop uitsteek: dat van die bomontploffings, soos die een by die JG Strijdom-hospitaal, nie die werk van die ANC was nie, maar van 'n reaksionêre mag binne die land. Dit is onhoudbaar.

Enigiemand wat hom- of haarself 'n demokraat noem, moet seker saamstem dat landsburgers die reg het tot politieke wilsuitdrukking. Dit gaan nie hier om die verkiesing van skoolprefekte nie; ons praat hier van fundamentele menseregte. As daar mense is wat weens die grondwet sodanige uitdrukking by wyse van 'n stem vir die parlement ontsê word, volg dit sekerlik dat 'n stem van protes laat hoor mag word, solank dit vreedsaam is.

Dit is waaroor die breë demokratiese beweging se veldtog gaan.

Dit verdien nie net die begrip nie, maar die ondersteuning van alle billike Suid-Afrikaners.

## Die Wits-vergadering

Die behandeling wat Zach de Beer en Van Zyl Slabbert by die Universiteit van die Witwatersrand ontvang het, was sinneloos en onbeskaaf.

Ons verstaan dat die leiers van die breë demokratiese beweging weier om 'n verhoog met leiers van die DP te deel ná dié party se besluit om wel aan die verkiesing vir die Huis van Afgevaardigdes deel te neem.

Ons dink ook dit was 'n verkeerde en uiters kortsigtige besluit van die DP, en die weiering deur Cas Salojee van die Indian Congress om saam met De Beer te praat, is onses insiens billike protes.

Maar die jong heethoofde se doodskreeu van die sprekers was teen-produktiewe en onintelligente taktiek - en ondemokraties, om die minste daarvan te sê. En dit hoort allermins by 'n universiteit.

Dit is soos die Matie-rektor, Mike de Vries, wat 'n Afrikaanse musiekkonsert op sy kampus verbied het.

## So sê hulle . . .

"Is dit moontlik dat iemand wat R14 000 per maand verdien, nie die rekening kan betaal vir die vervoer van sy wild nie?" - DP-leier Wynand Malan oor staatspresident PW Botha se jaguitstappie waarvoor 'n polisievoertuig gebruik is.

"Die verwysing na die ANC as 'dese en gene knapies uit die bosse' dui op grondige oningeligtheid en 'n onbeholpe poging om 'n buite-parlementêre groep Suid-Afrikaners as persone te degradeer." - Skrywersgildevoorsitter Jeanette Ferreira oor Dot Serfontein se verklaring oor haar bedanking uit die Gilde.



## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Hou jou naasteliefde vir Boeremeisies

**Bernard Saayman van Westdene skryf:**

Toe ek Sondag die transkripsies van Eugene TerreBlanche en Jani Allan se telefoongesprekke lees, het ek besef: nóg 'n eerbare Boerseun is gevang in die verleidelike strikke van die agente van die Engels-Joodse geldmag.

Of het julle nie geweet die Sunday Times behoort hoofsaaklik aan die Oppenheimers nie?

Eugene het nie 'n kans gehad nie.

Die vrou het met al haar maniertjies, swaaiende heupies en bloedrooi mondjie by hom aangekom en ewe hulpeloos haar op sy manlike eer beroep en om hulp gevra.

Wat moes hy doen? Vir haar sê wyk, satan? Is die eerbare Boere-manier nie tog om 'n hand van hulp uit te steek en só 'n mens warmte aan te bied nie?

En dis waar die spinnekop hom in die web vasgevang het. Hoe meer hy gehelp het, hoe meer hy 'n skouer gebied het waarop sy kon huil, hoe meer warmte hy haar gegee het, hoe dieper het hy verstrik geraak.

Dit was so mooi beplan. Net toe hy mooi vas is, toe begin die stories in die koerante. En toe die wêreld vir haar te warm word, wat doen sy?

Spring op die eerste vliegtuig terug Engeland toe, natuurlik, waar niemand haar kan bykom nie.

Boonop het sy 'n koerant waarmee sy hom verder kan beswadder, en hy, eenvoudige Boer wat hy is, het niks. Miskien net die Citizen wat soms help om sy kant te stel. En sy woord en sy eer.

Laat dit 'n les wees vir ander. 'n Mens durf nooit hierdie naasteliefde ding te ver voer nie. Kom ons hou ons naasteliefde vir Boeremeisies.

Meisies met skoon, oop gesigte sonder grimering, en Johnsons Baby Powder op hulle borste.

## Gaan die ANC dieselfde doen?

**CF Geyer van Cachetweg 55, Germiston skryf:**

Die briewe oor Mosambiek was baie interessant. In die verlede het ek Mosambiek dikwels besoek, en die land van suid tot noord gesien.

Daarna het ek dit ook een keer besoek nadat Frelimo oorgeneem het.

In die begin het Frelimo besluit om die Portugese bewind gewelddadig oor te neem. Hulle was eers gesteun deur Amerika wat Moldano gehelp het, en later deur Rusland wat vir Machel en Chissano van geld en wapens voorsien het.

Hulle eerste doel was om sabotasie te pleeg en die land vir die Portugese onregeerbaar te maak.

Na die val van die regering in Portugal, het Frelimo 'n Marxisties-sosialistiese eenpartystaat in Mosambiek gestig.

Alle sake-ondernemings, nywerhede en myne is genasionaliseer.

Alle private eienaars van geboue, bote, eiendomme, hotelle ensovoorts is onteien. Alles is deur die staat oorgeneem. Werkerskomitees het die bestuur van groot plase, fabrieke en myne oorgeneem.

Die werkers van die groot suiker-ondernemings het self besluit op die kwota suikerriet wat per dag gesny moes word, of hoeveel ure hulle in die fabriek moes werk. Die vorige eienaars wat hulle nie aan Frelimo wou onderwerp nie, is aangesê om Mosambiek binne 24 uur te verlaat met net 24 kilogram bagasie.

Die meeste Portugese is deur die 24/24-wet geraak en hulle het alles verloor.

Machel was teen kerke gekant en het selfs met stewels deur 'n moskee gestap. Chissano het besluit om alle Suid-Afrikaanse eiendom te onteien.

Baie Suid-Afrikaners is in die tronk gestop en 'n groot losprys is betaal om hulle vry te kry. (Net soos in die middeleeue.)

Daar was verskeie ander organisasies wat hulle beywer het vir bevryding nl. Fumo, Gumo, Frecomo, Unipomo, PCN en andere.

Al hierdie groepe is binne drie jaar deur Machel en Chissano onderdruk; 600 lede en leiers is gevang; voor die publiek geparadeer en toe na kampe gestuur en nooit weer van gehoor nie.

Die geleerde Johanna Samao, wat haar jare lank vir die bevryding beywer het, is 'n jaar later half kaal in die lande sien werk en nooit weer daarna nie.

Die gevolg was dat die MNR en baie ander groepe vandag 'n bosoorlog voer om hulle weer te bevry van die wanadministrasie en onderdrukking deur Frelimo.

Mosambiek is 'n pragtige land. Die Zambezi-, Limpopo- en Komatie-valleie is so vrugbaar dat indien 'n mens 'n klomp Hollanders of Chinese daar sit, hulle die hele land sal kan voed en nog uitvoer ook.

Frelimo onder Machel en Chissano het volkome daarin geslaag om Mosambiek te vernietig.

Gaan die ANC dieselfde met Suid-Afrika doen?

## Bedreigde planeet

**Riaan Hofmeyr van Yeoville skryf:**

Terwyl politiek sekerlik nie as onbelangrik beskou kan word nie, en 'n mens Vrye Weekblad se wye (én deeglike) dekking daarvan kan verstaan, wonder ek tog of daar nie meer aandag aan ekologie en die bedreiging van ons planeet geskenk kan word nie.

Vervolg op bladsy 18

# Gogga maak vir baba bang — en baba verveel hom dood

Brolloks

AS hulle nie so roekeloos met ons toekoms omgegaan het nie, sou Brolloks nogal jammer kon voel vir die Natte. Niks wil vir hulle reg loop nie en hulle kan nie hulle koppe oplig nie of die koeëls fluit om hulle.

Uit desperaatheid het die manne vir Vlokkie nadergeklap. Hy moes sy lyf ghostbuster hou en 'n spook loop soek om die stemvee mee die skrik op die lyf te jaag.

Dit kon ook nie sommer enige spook wees nie - dit moes 'n swart of rooi spook wees.

En voor jy kan sê "wildsvleisskandaal" toe tower die bekwame Adriaan 'n mooi vet spook op. Sommer met 'n lekker naam ook, die spook: BDB. Baie Desperate Besigheid.

Toe's daar sommer 'n kompetisietjie in die kabinet: die een wat die spook die grootste en lelikste kan laat lyk, kry 'n naweek saam met FW en Marike by die Polisie se ontspanningsklub.

Willie van Niekerk, die ongesondste minister van gesondheid wes van die Steenbokskeerkring, was eerste van die merk af met 'n waarskuwing dat die breë demokratiese beweging kleefmyne by hospitale gaan plant as deel van hul protesaksie.

Gerrit Viljoen, wat uiteindelik besluit het om alle pretensie as 'n intellektueel te laat vaar, het ook nie te sleg gevaar nie. Die BDB is net 'n nuwe naam vir die ANC en daar is geen manier waarop die BDB se protesaksie nie op geweld kan uitloop nie, seg hy.

Maar niemand kon die Kulkunstenaar van Weddenhorde klop nie. Aand na aand het hy die spook laat loop en Antjie Somers na 'n lieftallige Rooikappie laat lyk.

Die kompetisie is uitgestel nadat die spook glad nie wou perform toe hy moes nie. Al die hospitale staan nog, en die protesveldtog loop rustig sy gang.

* Nou is daar 'n nuwe kompetisie: die kabinetslid wat die volk eerste kan laat ophou gaap van verveeldheid.




## Druk dít in jou pyp en rook dit!

Oulike idee gewees van die KP, dié plakkaat wat sê After NP Action, ANC Satisfaction. Maar toe kla die vervaardigers van Lexington-sigarette, op wie se advertensie dit gebaseer is, en nou is die plakkaat teruggetrek.

* Wanneer gaan Surf en Omo kla omdat die KP hulle advertensies vir spesiale witheid gesteel het? En het die Gilde van Tweedehandse Motorverkopers nie ook 'n saak teen die Nasionale Party vir hulle hele verkiesingsveldtog nie?

## Waar's die Vaalseun?

Wat het van FW geword? Is ons kroonprins se profiel nie vreeslik laag vir 'n man wat in September baas van die plaas word nie? En ons het dan soveel van hom gehoor tot net na sy besoek aan Europa?

* Kan dit wees dat die Vaalseun aan sy broek voel dit gaan nie goed gaan met die verkiesing nie, en hoe minder hy daarmee te doen het, hoe beter vir sy eie beeld?

## 'n Mens kies jou vriende...

Aan jou vriende sal jy geken word, lui die spreekwoord. Nog 'n ou vriend van die NP-regering - 'n man oor wie oom John Vorster en PW Botha nogal erg was - het weer die voorblaaie gehaal: Alfredo Stroessner. Die drie het nogal heen en weer gekuier.

Hoekom is Alfredo in die nuus? Hy word deur sy land se regering weens die moord en marteling van die gewese opposisieleier, Mario Schaerer Prono, aangekla.

* Laat 'n mens dink aan die ander groot pêl van die NP-regering, Keiser Bokassa, wat van mensvretery aangekla is nadat hulle sy kok met rys opgestop in sy yskas gekry het.

## Die NP se wegholkiesafdeling

Oral in Innesdal lees die plakkate: Dis KP wêreld dié. Miskien is dit die een kiesafdeling wat die KP verdien.

Eers was dit Albert die Leeuehartjie Nothnagel wat voor die aanval van die regses op sy matjie Holland toe gevlug het. Toe trek die NP vir Dr Rina Venter nader - dis nou die een van koeksuster-, pannekoek- en tertjievoufaam.

Brolloks se kollega dag toe met Nasionale Vrouedag volgende week en al die vroue wat as kandidate in die verkiesing staan, sal dit aangenaam wees om met Dr Rina 'n woordjie te voer oor die Afrikanervrou, want hulle lê ons na aan die hart. Soos dit gaan in ons beroep is 'n afspraak gemaak en enkele ure voor die ontmoeting bevestig.

Maar o wee. Die Vrouefederasie het met die deegvouery seker verget om basiese etiket ook in die program in te werk. Want toe Brolloks se kollega opdaag, was Dr Rina skoonveld - en ook nie beskikbaar later, môre, oormore of die dag daarna nie.

* Nee wat, Rina, ons val nie vir die storie nie. En waar gaan jy ambassadeur word?

## Baie P's

As die DP staan vir Drie Pampoene, waarvoor staan die KP? Klomp Pampoene. En die NP? Net Pampoene.

* Die P kan natuurlik vir iets anders ook staan, nè?

# U smoothness se algehele onvermoë imponeer werklik

## Ope brief aan Stoffel Bek

**Your Smoothness,**

Die huishouding Klaagvoort moet in alle nederigheid aan u hulde bring oor die onverdunde gladheid van u onlangse performances. Miesies Klaagvoort, nooit maklik om tevrede te stel nie, en boonop luidrugtig daaroor, is buitensporig geïmponeer deur u algehele onvermoë om selfs 'n enkele oomblik eerlik te lyk.

Vir 'n wese wat onteenseglik eerlik moet wees, en boonop so 'n opregte boodskap namens sy meester moet verkondig, wil dit darem gedoen wees.

Ewenwel, dis duidelik waarom u, van alle mense, die propagandaportefeulje van die Party beklee (om nie die filmwese te vergeet nie): nie net is die balies so leeg dat daar niemand anders is om die joppie te verrig nie, maar u is uitnemend "glib". Wat natuurlik nie vir 'n oomblik met glibberig verwar moet word nie.

Ek wil u nietemin 'n ou ietsie aan die hand doen wat ek aan Moedersknie geleer het: woorde is nie net daar om gespreek te word nie, maak nie saak hoé opreg die ou gesiggie probeer lyk nie.

Woorde moet betekenis hê, en weet jy wat? As jy hulle reg inspan, soos eendjies almal in 'n ry, kan hulle selfs sin maak, mits jy onthou om 'n werkwoordjie in te ryg.

Dis darem seker net Roelfie Groepsgebied wat 'n hele toespraak kan lewer, op Engels én op Afrikaans, sonder om 'n werkwoord te gebruik. As u nou so 'n hele spulletjie woorde agtermekaar sit, en sommer 'n werkwoord uit die lug gryp, kan dit selfs lyk of u 'n boodskap oordra.

Dink net hoe effektief dit sal lyk, die seepgladde delivery, die ontwykende oë en nog 'n boodskap daarby. Dit moet sweerlik onweerstaanbaar wees.

Dan nog 'n laaste ou wenkie, u wankelende (of moet ek sê wandelende) party het elke stootjie nodig: gaan na mister Vlok, hou hom dop, en sien hoe 'n mens maak om daardie gepynigde preutsheid op die gesiggie vas te vang.

Dat 'n mens met so 'n gelaat soveel dubbelsinnighede en halfwaarhede (of is dit nou halfleuens?) kan kwytraak, verg jare se oefening en 'n vasgekluisterdheid aan voorbank in kerk en parlement.

Laat tog gou van u hoor daar vanaf die slippery slope, as u dit sal verskoon, ons verlang baie.

**Met rotsvaste bewondering,**
**Klaagvoort**

## Geagte meneer Klaagvoort,

Laat my toe om u ten eerste te verseker van my opregte waardering vir u ondersteuning in hierdie tyd.




Egbertus Klaagvoort

Aanvaar ook my innige en onverbloemde bewondering vir u uitstaande rubriek, ek geniet dit nog self meer as wat die Volkshelд dit geniet, en dit wil gedoen wees.

U voer die politieke debat tot ongekende hoogtes. U versier die politieke spektrum met 'n onwrikbare waardigheid. U voortreflikheid word alleenlik maar oortref deur die wonderskone driekamerparlement, 'n monument vir die boodskap van onderhandeling. Of so-iets.

Dankie vir u wenkie oor die werkwoorde; ek het nou al ses of sewe gebruik, en ek voel skoon lighoofdig van die pret. Roelfie sal weldra by die geheimpie ingelaat word, dis tog so lekker, sodra hy puberteit bereik.

Die feit dat sommige mense die oë ontwyk, is bloot 'n kultuurverskil, daarvan kan u opreg verseker wees.

Opreg, ja. Wie is die mister Vlok waarvan u praat? Skeurende ou party ken nie al sy vleuels nie. Laat tog weet.

**Met opregte groete,**
**Stoffel Bek**

## Ontvanger se vagevuur

Vrinde, Miesies Klaagvoort kom nou net hier aan, uitasem en skoon flushed soos hulle sê. Het glo militant haar gaan aanmeld by die plaaslike Ontvanger, net om te wys dat almal gelyk belas moet word, dis immers ons demokratiese strewe.

Maar sy het nie daarin geslaag om die ou siel se kantoor te ontwrig nie - chaos is benede ontwrigting, sien. Oswald sê mens mag nie so van die Ontvanger praat nie, hy kan jou in die vagevuur dompel, dis glo voorgeskryf in wetgewing.

Boonop kan hy nou ook op die lasterwagen spring, dis mos die nuwe nasionale sport. Oswald sê 'n mens kan nou glo 'n hele beweging met een klap belaster en net eenmaal betaal, dis wat met Sy Hoogdrawendheid se Inkatha gebeur het. Moeder wonder of die BDB ook met one fell swoop belaster kan word, want hulle is dan so groot. (Moeder het tot onlangs gemeen BDB staan op die vals nommerplate wat die polisie se kwartiermeester so gerieflik byderhand hou. Meer daaroor later.)

Maar nou hoor ons op TV van mister Botha van die NP dat dit alles 'n verdigsel is, die BDB is so klein dat jy hom skaars met die blote oog kan sien. Net met 'n jaundiced eye, lyk dit my.

Dié mister Botha is glo die propaganda-koördineerder van die Party in die verkiesing.

Egbertus merk met belangstelling dat die agbare lid klaarblyklik die onbenydenswaardige taak gegee is om die vyfjaarplan van 'n planlose amorf aan die publiek af te smeer, bloot as gevolg van die uiterste gepastheid van sy naam: Con. Soos in conjure, con-trick, continental, stoff-op. En confused.

## Nasionale etos?

Van die vals nommerplate gepraat, daar's geen waarheid in gerugte dat die ou goedjies byderhand gehou word vir onvoorsiene gebeurlikhede nie. Soos om nie uitgeken te word wanneer misterieuse bomme links en regs ontplof op onskadelike plekke nie, hoe nader die verkiesing kom. Oswald sê dit kan nie wees nie, dit sou in stryd wees met die nasionale etos.

Die wat?

Oswald sê hy het nie gepraat van die Nasionale etos nie; die Party is nog op soek na een, en meen die ANC het daarmee weggeloop. Wie sou ons tog kon blameer as dit nie was vir die antichris nie?

# Maputo - onthou tog die sigarette en die bier

Sarie Potter

**MAPUTO - Eksoties, idillies en erg vervalle. Dit is die woorde wat by 'n mens opkom as jy die Mosambiekse hoofstad vandag wil beskryf.**

*Maputo is weer heel toeganklik vir Suid-Afrikaners - mits jy sigarette en biere in jou motor het om makliker deur padblokkades te kom, en jou dokumentasie in orde is.*

Daar is nuwe hoop in dié Afrika-stad van teenstrydighede. Nuwe hoop vir vrede en voorspoed.

Duisende studente en werkers het verlede naweek deelgeneem aan 'n tweedaagse viering ná die Frelimo-partykongres se besluit om weg te beweeg van die streng Marxisties-Leninistiese beleid, 'n nuwe rigting in te slaan en vrede na te jaag.

Die feesvieringe het die vorm van 'n Westerse rock-konsert en 'n Oosblok-militêre parade aangeneem.

Terwyl die sentrale komitee van Frelimo Sondagmiddag besig was om 'n politburo - wat een van die wêreld se armste lande op 'n nuwe weg moes lei - te verkies, het die Britse rockster Eric Clapton in Maputo se sokkerstadion voor 'n gehoor van 60 000 opgetree.

Met die ritme van Clapton se "I shot the sheriff" wat deur die stadion pols, het 'n Rooi Kruis-vliegtuig stadig opgestyg op pad na die binneland waar meer as die helfte van dié land se 15 miljoen inwoners afhanklik van dié organisasie se noodlenigingsdiens is.

Dit was nie 'n gewone popkonsert nie. Die mense was ernstig en het nie gebokspring van genot nie - waarskynlik die gevolg van 13 jaar se leef in die skadu van 'n oorlog waarin meer as 600 000 mense dood is.

Dit het 'n mens wel deeglik besef, veral as jy die "avontuurlike" manier gekies het om by Maputo uit te kom.

Ons het Saterdagoggend om drie-uur per motor uit Johannesburg vertrek en deur Swaziland gery om Komatipoort te vermy.

Ons probleme het aan die Mosambiek-kant begin; niemand kon Engels verstaan nie. Gelukkig het 'n vriendelike Mosambieker as vertaler opgetree en ons gebrek aan dokumentasie - jy moet kan bewys dat jy die eienaar van die motor is - aan sy landgenote by die grens verduidelik.

Hy het ook belowe om ons drie motors deur die drie groot padblokkades te neem. Hy het 'n redelike risiko geneem. Ons het meer as net 'n risiko geneem; ons moes vetgee om by hom te hou. Die pad was vol slaggate - die gevolg van landmyne.

Daar was ook heelwat nie-amptelike padblokkades wat deur soldate ingestel word vir motors wat kuier-kuier ry.

Die eintlike padblokkades het nie werklik probleme gebied nie, solank jy 'n paar biere of sigarette in die motor het. Die laaste padblokkade was ook die grootste een. Dit was deur die verkeerspolisie beman en letterlik alles moes uitgepak word.

Hier moes ons vriendelike Mosambieker mooipraat.

Maputo self was vir my 'n bittersoet ervaring vanweë die pragtige argitektuur wat dikwels redelik vervalle is. Ook die talle betonwoonstelblokke en uithangborde wat nie aan hul beloftes voldoen nie.

Wat gaan gebeur as die stedelike verval nie stopgesit word nie? 'n Vraag wat telkens opgekom het.

Ons - elf mense - het spotgoedkoop teen R100 vir twee dae in 'n penthouse bo-op 'n dertienverdieping-woonstelblok gebly. Die Zambi-restaurant, op die hawefront, het ons mae goed gevul met eksotiese seekosse sonder dat eksotiese pryse daarvoor betaal moes word. 'n Jazz-orkes, wat Charlie Parker-komposisies aangedurf het, is werklik deur die gehoor waardeer.

By die beroemde Hotel Polana kan jy slegs met dollars of rande bier koop. Dié Dallasagtige hotel is heeltemal ontoeganklik vir die gewone Mosambieker.

Die strande is pragtig. Jy kan vrugte en bier op die markie koop en die see was louwarm, sout en vlak. Daar is talle vissersbootjies wat hul vars vondse by die mark verkoop het. 'n Heel idilliese prentjie met palmbome, wit sand en blou see.

Die terugkeer was baie makliker en niemand het ons probeer stop by kamma-padblokkades nie.

Al die probleme ten spyt, is Mosambiek baie toeganklik, selfs per motor. Jy moet net daai papiere reg hê om dié wonderlike land te kan ervaar.



'n Rockkonsert om die einde van Marxisme te vier? Geesdriftiges by die Clapton-konsert in Maputo. (Foto: Steve Hilton-Barber - Afrapix)

# Japanners nou minder rassisties

Elizabeth Zingg

**TOKIO - Die Japanners, moeg vir aantygings van rassisme, probeer nou om hul land van ooglopende rassime te suiwer.**

**Calpis, die koeldrankvervaardiger, het gesê hulle gaan van 1 Januarie af hul handelsmerk van 'n swartman met dik lippe en 'n wit hoed wat aan 'n strooitjie suig, verander.**

**Hoewel dit hier reeds 65 jaar lank gebruik word, is dit 10 jaar gelede van uitvoere onttrek.**

**Die besorgdheid oor beskuldiginge van rassime is deur 'n onlangse voorval in Washington DC versterk toe 'n jong Japanse toeris deur twee swartmans gedwing is om sy broek met 'n rassistiese prent daarop af te trek.**

**Japan se department van buitelandse sake het reisagente onmiddellik aangesê om toeriste in te lig om nie klere of ander voorwerpe wat swartmense kan beledig saam te neem nie.**

**Daar is baie min swartes in Japan, behalwe 'n paar Amerikaners wat werk by Amerikaanse militêre installasies.**

**Rassisme het in 1986 'n opskudding veroorsaak toe die Japanse premier Yasukiro Nakasone gesê het die intellektuele vlak van die Amerikaners is laag weens die genetiese invloed van mense soos Puerto Ricane, Mexikane en swartes.**

**Sy uitspraak het skerp reaksie uitgelok van swart Amerikaners wat gedreig het om Japanse produkte te boikot.**

**Twee jaar later het die bohaai weer opgevlam toe Michio Watanabe, 'n leier van Japan se konserwatiewe regerende Liberale Demokratiese Party, swart Amerikaners daarvan beskuldig het dat hulle kredietkaarte misbruik.**

**'n Aantal jare gelede het die speelgoedvervaardiger Takara besluit om op te hou om 'n klein swart plastiekpoppie met die naam Dakko-Chan as sy handelsmerk te gebruik.**

**Hoewel die vervaardiging van die poppie self verlede jaar na vele proteste opgeskort is, word dit nog steeds op poskaarte en ander skryfbehoeftes gebruik.**

**Dakko-Chan, met oordrewe swart gelaatstrekke, is die eerste keer in die sestigerjare vervaardig en was uiters gewild hier.**

**En die Sanrio-korporasie, 'n klerevervaardiger, het nou ook besluit om Sambo en Hanna - 'n klein seuntjie en dogtertjie met oordrewe gelaatstrekke - in sy somerversameling te laat vaar nadat 'n artikel verlede jaar in die Washington Post daaroor verskyn het. - AFP**

# Vroue vry in Iran, sê Ayatollah se dogter



Magda Abu-Fadil

TEHERAN - Iranese vroue is vry om in hul eie land aan politieke en ekonomiese bedrywighede deel te neem maar dit moet binne die Islamitiese raamwerk geskied, het die dogter van Iran se oorlede geestelike leier, Ayatollah Ruhollah Khomeini, hier gesê.

"Ons het geen beperkinge in hierdie samelewing binne die riglyne van die Islamitiese wet nie," het Zahra Mostafavi in 'n onderhoud gesê. "In werklikheid is vroue met spesiale kundigheid van besondere waarde."

Mostafavi, wat 'n doktersgraad in filosofie het, was een van die stigters van die Vrouevereniging van die Islamitiese Republiek van Iran drie jaar gelede. Sy is hoof van die organisasie.

Die 49-jarige ma van twee sê haar organisasie het agt takke en bevorder politieke, kulturele en sosiale aktiwiteite van vroue.

Sy sê sy is ten gunste daarvan dat Iranese vroue hul rolle en regte beter moet verstaan. "Aangesien ons in 'n Islamitiese land woon, het almal kennis van Islam, en die Koran gee die nodige riglyne."

Langs 'n lang tafel met 'n foto van haar pa in die agtergrond, het sy die Weste veroordeel omdat hulle die beeld van Iranese vroue verdraai.

"Ons probeer onsself verdedig en toon ons teenkanting teen Westerse lande weens hul negatiewe inligting."

In die tien jaar sedert die Islamitiese revolusie het vroue meer regte in die openbare lewe verkry as onder die Sjah, wat deur haar pa ontsetel is.

"Ek is ook 'n huisvrou, en ek gee klas aan drie universiteite: Teheran, die Vrye Universiteit en die vroue-kollege Al-Zahraa.

"Statistieke wys dat vroue vandag baie meer aktief is as onder die Sjah. Baie van hulle is die hoofde van organisasies of dien as direkteur-generaals van openbare instellings."

Vier vroue, waarvan een aan die Vrouevereniging behoort, dien in die parlement van 270, het sy gesê.

Ayatollah Khomeini het vroue aangemoedig om aan die openbare lewe deel te neem en 'n hoë profiel op alle vlakke te handhaaf, het sy verklaar.

Nie almal stem saam dat Iranese vroue vandag meer vryheid geniet nie. Terwyl baie Moslems argumenteer dat konserwatiewe kleredrag verhoed dat vroue seksobjekte word, sien ander die kleredragkode as 'n beperking van hul vryheid.

Sedert die revolusie moet Iranese vroue kopdoeke, kouse en rokke wat tot onder die knie kom, dra. Hulle kan ook die chador - 'n lang swart rok wat alles behalwe die gesig bedek - dra.

"Behalwe vir die armes en godsdienstiges vergoed die meeste vroue vir dié kleredrag deur tuis en by private byeenkomste te dra wat hulle wil," het 'n Iranese middelklasvrou gesê.

Sy het bygevoeg dat Mostafavi se organisasie, wat tradisionele Islamitiese kleredrag bevorder, nie verteenwoordigend van Iranese vroue is nie. "Sy praat nie vir ons almal nie."

Die kleredragkode het onlangs effe verslap.

Vroue wat jare gelede dit nie sou waag om sonder 'n chador buite hul huise te verskyn nie, dra nou kleurryke kopdoeke en rokke hoër as die enkel waaronder ontwerperskoene soms uitsteek.

Op die politieke front, het Mostafavi gesê, ondersteun haar organisasie die presidensiële kandidaat Ali Akbar Hashemi Rafsanjani.

"Ons verwag van dié wat in die verkiesing verkies word om Ayatollah Khomeini se doelstellings na te streef."

Sy het haar pa as 'n ferm dog toegeeflike leier beskryf, wat sy kinders deur sy voorbeeld grootgemaak het. - AFP

# Skrif aan die muur is maar yl

**Tussenvuur deur Richard Geldenhuys, uitgegee deur Human en Rousseau. (R18,95 plus AVB.) Resensie deur ANDRé P BRINK**

IEMAND wat wil dig, sal ek nooit teenstaan nie: dig kan 'n noodsaaklike aktiwiteit vir die gees wees as wat baie mense wil toegee. Dis wanneer dit kom by die publiseer van wat geskryf is, dat probleme kan ontstaan - want dan eis jou maaksels reaksie; dan eis dit ook 'n toets aan wat in die hele konteks waarin jy publiseer, reeds deur ander geskryf is.

En die Afrikaanse poësie oor die hele spektrum van die private ache tot betrokkenheid (om by die modeteenstelling te bly) staan op so 'n peil dat iets soos Richard Geldenhuys se Tussenvuur gewoon nie die mas kan opkom nie.

Die private kom meestal nie by die private verby nie; die meer geobjektiveerde bly byna deurgaans dun.

Dit mag klink na 'n te meganistiese aanpak van die bundel, maar inderdaad word dit so, in twee afdelings aangebied: oorwegend liefdesverse in "Dagboek" (met toespitsing op die lief en leed van 'n verhouding in die onderafdeling "kersligkantates" en meer op die eensaamheid wat daarop volg in "glaskokon"); ietwat meer "openbaarheid" in "muurskrif", wat self ook weer in twee onderafdelings georden is. Met, tog, raakpunte - en dié geledinge in die bundel is nie onverdienstelik nie - soos wanneer die vroeë gedig "breinspoel" al vooruitwys na die latere afdeling:

"(hier) probeer ek
met jou koue asem
op die muur
skryf".

Sjarmante momente is daar wel, soos in "inkeer" waar die tyd oor die minnaars "op die dak/ van onvervulde drome" verbytrek en - met 'n Breytenklank daarby - "sy gelapte seile/ span oor ons oë"; of in enkele van die "short stories". En veral wanneer 'n minder presieuse taal gebruik word om die emosie in die bek te ruk, ontstaan soms iets heel behoorliks, soos in "(feeling the spaces)":

"nanaggesprek
hy
en ek

ek vra:
van waar swart voël
watter tyd?
watter plek?

hy sê:
watch jou bek".

Dus: 'n talent vir die delikate vasvang van die emosionele moment is daar wel by Geldenhuys. Maar die geheel bly darem alte yl op die oppervlak swewe. En terwyl daar dan sprake van "muurskrif" is, moet mens onthou wát op daardie Bybelse muur geskrywe was: "Mene tekel ufarsim."

boeke-blad

**Onder redaksie van VICTOR MUNNIK**

# Van verveeld na verskrik

**Rosa Keet se Spookstories, uitgegee deur Human en Rousseau (R18,95 plus AVB). Resensie deur WILHELM LIEBENBERG**

TUSSEN die pikswart buiteblaaie van hierdie netjies versorgde bundel vind mens 'n rare mengsel van filosofie en fantasie, met heelwat ironiese humor.

Uit 'n aantal gedigte wat wemel van filosofiese gemeenplase blyk duidelik dat die digteres 'n probleem het met kommunikasie. "Hoe moes ek raai/ dat die rangskik van begrippe/ my nie noodwendig/ verstaanbaar maak nie," beween sy haar lot. Gebrek aan kommunikasie word verder weerspieël in 'n meer algemene gebrek aan sinvolle verband: "elke fenomeen/ staan totaal alleen", skryf sy. Sy "sit en wag vir net een/ tydlose gedagte".

Hierdie vervreemding gaan gepaard met 'n siniese blik op godsdiens. Op die ou end is alle gees maar net wind, en meestal is die wind van die stink soort wat deur iemand met maagprobleme gelaat word.

Die Bybelverhale van Christus, Jona en Simson word vervleg met volksverhale en Griekse legendes in "Die Heldedade van Herklaas", 'n lang verhalende gedig waarin selfs iets van Van Wyk Louw se Raka weerklink. Hierdie herskryf van ou stories teen 'n agtergrond van oerwoud-Afrika laat blyk 'n duidelike ontnugtering met uitgediende mites. Wanneer die held (soos 'n Jona of 'n Christus) weer uit die maag van 'n waterslang heropstaan, vertrek hy na die onderwêreld omdat hy "verveeld (is) met hierdie plek".

En wat oorbly is verskrikking. In "Die Gog Legende" borduur sy voort op die tema van woede, wrok en wreedheid. Dit skets 'n gedrog wat sy vuil naels en geslypte slagtande inslaan in al wat weerloos is, wat moor en plunder en sy moeder verkrag en "glimlag oor die ruim verlies van bloed". As mens jou afvra wat Rosa Keet met haar filosofie- en fantasievlugte nou eintlik sê, dan lyk dit of die kinderverhaalagtige "spookstories" miskien tog op iets meer slaan as verbeeldingryke vermaak. Dit getuig van iemand wat haar in 'n interregnum bevind, met die oue uitgedien en die toekoms "too ghastly to contemplate".

Dit is 'n problematiek wat die laaste tyd al hoe algemener word in die Afrikaanse poësie. Naas die grensverhaal is daar naamlik 'n ander tema aan't ontwikkel - dié van die Afrikaner wat nie meer tuis voel in die ou bestel nie, maar nog te onvertroud is met die alternatief om daardeur met hoop eerder as vrees vervul te word.

Die wêreld van filosofiese probleme en fantasmagoriese fantasie waarin Rosa Keet haar terugtrek in hierdie bundel terwyl die oue én die nuwe by haar spook, is 'n teken van die tye. Van daardie "een tydlose gedagte" waarop sy sit en wag, getuig dit nie.



# Avonture van onder andere die bleeksiele

**Night of the Crash-Test Dummies deur Gary Larson, uitgegee deur Andrews and McMeel (R20,10 plus AVB). Resensie deur CHARLES LEONARD**

BAREND se ekonomiese knyptang het my gedwing om Sondae net een Engelse Sondagkoerant te koop.

My keuse - afgesien van ideologiese redes - was maklik: The Sunday Star.

Dit het niks met hul nuusdekking, foto's of sport te doen gehad nie, maar met die heel wonderlikste, vreemdste, donkerste, bulder-snaakste, grinnik-prikkelendste, uitheemste, makaberste, verkneukellekkerste humor wat in een van hul gereelde strokiesprente, Gary Larson se Far Side, is.

Ongelukkig vind ek toe uit dat hul Natalse susterkoerant, The Sunday Tribune, dit ook elke Sondag dra. En nie dieselfdes nie. Dus is ek weer terug op twee koerante op die rusdag en 'n leë beursie. Dit is seker maar die prys wat 'n mens vir plesier moet betaal.

Night of the Crash-Test Dummies is die negende versameling van dié meester van off-beat humor in boekvorm. Larson ruil mense en diere se rolle op skreeusnaakse wyse om. Diere het name soos Ernie en Johnny, praat nonsens en doen al die simpel, belaglike dinge waarvan mense sulke meesters is.

Die mense is meestal bleeksiele, wetenskaplikes, seuntjies met name soos Randy Rickenbacher en die vroue dra skoenlappervormige brilletjies.

Sommige mense sal Larson se humor siek noem, maar apologete beskryf dit as bloot realisties.

Mense wat nie die volgende toneeltjie as snaaks beskou nie, moet wegbly van Larson. Twee honde - op hul agterbene natuurlik - staan in hul voortuin. Die een het pas 'n spieël laat val en hy kyk grootoog na waar dit op die grasperk aan skerwe lê. Sy vriend sê aan hom: "Tough break Rusty. Seven years bad luck - of course, in your case, that works out to 49 years."

Of, die hoender wat ewe beteuterd in 'n mistroostige tronksel aan sy selmaat ('n mens) vertel: "So then, when Old MacDonald turned his back, I took that axe, and with a whack whack here and a whack whack there, I finished him off."

Larson is 'n heel normale 34-jaar oue gewese platewinkelklerk met 'n passie vir die jazz-ghitaar. Hy speel drie keer 'n week basketbal, verhit sy koffie in 'n mikrogolf-oond en los sy vuil skottelgoed in sy opwasplek.

Van sy strokiesprente sê hy: "As jy te analities raak, sal dit vergaan in 'n rookwolk. Dit is òf snaaks òf nie snaaks nie."

Nes jy daar sê, Gary.




'n Goeie boek is die enigste sleutel wat die deur van vrye gedagte oophou

Cranfords Boekwinkel

"Ons vind wat u soek"

Langstraat 257-261, Kaapstad .................... Tel: 244970


# Melankoliese Maori-stories

**Tama and Other Stories deur Bruce Stewart (Penguin, prys nie vermeld nie). Resensie deur DAAN DE BEER**

DIE Maori-skrywer Bruce Stewart se bundel kortverhale kom uit die verbrokkeling van nasionale en stam-tradisies as gevolg van kolonialisme. Maar hy gebruik die literêre vorms wat ook uit die koloniale tradisie kom om daarteen te protesteer.

Die verhale word binne die raamwerk van "pono's", of mitiese denk-gedigte, geplaas en in gewone letterkundige vorms gegiet. Dis konserwatiewe, maklik leesbare skryfwerk sonder enige truuks.

Die nugtere onderbeklemtoning gee Stewart se byna wispelturige kortverhale 'n treffende melankolie wat hulle versterk.

Die wapen teen kolonialisme is nie politieke protes of slagspreuke nie, maar humor. Die verhale is dikwels soos uitgebreide volksgrappe. In Thunderbox, byvoorbeeld, word die preutse Juffrou Pettigrew geskok deur 'n leerling wat skaamteloos en eerlik 'n wind laat. Die kind word gestraf, tot die wyse ou stam-lid Thunderbox opdaag wat reuse-"donderslae" kan laat los. Só word die kolonialiste op hulle plek gesit.

Die eerste verhaal, Dear Mum, is 'n brief van 'n Maori-prokureur aan sy moeder, simbolies die stammoeder. Hy skryf oor 'n ou Maori-man wat elke oggend hof toe kom: hy verteenwoordig die waardigheid van die verlede wat die prokureur in die stad verloor het.

'n Verhaal soos Tapu Hau a Tane gaan om die skakel met die natuur wat in die stadslewe bly voortbestaan. Die skrywer, 'n buitestaander, kry troos uit 'n nessie voëls wat hy sien groot word, 'n simbool van die ritme van die natuur. Maar die natuur is wreed: 'n wesel vreet die voëls op. Die les wat die natuur hom leer, gaan om die dood en herlewing.

Naïef, maar effektief.



**F van Greune van Posbus 20064, Peacehaven, Vereeniging skryf:**

*Vervolg vanaf bladsy 14*

# Teen wie word daar nou gediskrimineer?

In 1948 was ek 'n jong man, maar nie stemgeregtig nie. My familie daardie jare was sterk gekant teen die destydse Sappe. Daardie jare het die Nattes oral sulke mooi gesiggies op hulle plakkate gehad van 'n blanke seuntjie en dogtertjie, met die beskrywing daarby Vir Hulle Toekoms.

Die Nattes was toe besig met hulle tuislande, en toe het alles nog mooi en reg en aanvaarbaar gelyk vir my.

Ek is later getroud en het my in Evaton, wat later Residensia geword het, gevestig. Toe later, so teen 1960, besluit die Nattes dat Residensia uitgekoop moes word vir die swartes. Daar was baie bejaardes, en eienaars moes ten duurste elders 'n heenkome soek.

Gedurende die jaar 1962 het sy Edele die President 'n beroep op die blankes gedoen om 'n kind te verwek die volgende jaar om ons blanke getalle te vergroot. Nie 2 jaar later nie word daarop gewys dat die mense moet onthou dat die land in die jaar 2 000 oorbevolk kan wees.

In 1972 het ek langs 'n bloed-Sap - hy's mooontlik al oorlede - 'n mnr Walker ingetrek.

Hy het vir my gesê dat my regering op 'n swart eerste minister afstuur. Ek het hom my huis uit gehelp. Dis iets wat vandag nog aan my vreet, want hy was 'n ou man.

In daardie dae het die HNP 'n koerant uitgegee, en in een van hulle koerante was 'n spotprent van perde wat hardloop. Die bonte was gery deur ons destydse eerste minister. Die HNP het die spyker op die kop geslaan, net jammer hulle was te oorhaastig gewees en is op dieselfde pad wat die AWB wil volg: geweld. Ek wil nou net 'n paar punte aanhaal waar die Nattes groot flaters begaan het.

1. Die woord apartheid. Daar was nog altyd apartheid gewees, ook voor die Nattes aan bewind gekom het. Die enkelinge wat met anderskleuriges gemeng het, was minimaal. Geen wet kon verhoed dat jy met anderskleuriges omgaan nie, behalwe jy self en jou trots.

2. Die Nattes moes jare terug liewer die swartes opgelei het as ambagsmanne eerder as die oorsese immigrante wat nooit Suid-Afrikaanse burgerskap wou aanvaar nie, maar net kom opstook het in ons land.

3. Die tsotsi-element wat 'n probleem is, het myns insiens ontstaan deurdat ons werksgeleenthede weggegee het aan ons buurlande wat ons nie goedgesind is nie, maar eerder sanksies teen ons bepleit het. 'n Mens kyk tog eers dat jou eie gevoed en geklee word voordat jy andere voed.

Ek stem saam ons moet met die anderkleuriges onderhandel en 'n plan uitwerk, maar om die leisels oor te gee of die grondwet sommer net te verander? Kyk na Zimbabwe, Zambia, Mosambiek ens: chaos en ellende.

Die Mandela-storie: Hoe lank smeek die president al dat, as hy geweld sou afsweer, hy vrygelaat sal word.

Nou na druk van buite, gaan besoek die Edele vir Mandela, nou so onskuldig.

Waarom het die president hom nie voorheen dan al besoek nie? 'n Jakkals verander van haar, maar nie van snaar.

Nou kom die groot vraag: teen wie word vandag gediskrimineer - teen die swartes of teen die blankes?

Die swartes kon nog altyd geleer het; kyk net hoe ver het mnr Tutu, mnr Boesak, mnr Hendrikse en vele andere geleer; niemand het hulle ooit dit ontsê nie.

As hulle mede-rasgenote dit nie hoër kan maak nie, is dit hulle eie skuld. Skool was net nie verpligtend vir die swartes gewees nie, maar in die verlede, as die swartes nie wil leer nie, het hulle eerste die skole afgebrand. En wie het vir die herbou daarvan betaal?

Die blankes mag nie kleinsake bedryf soos die swartes nie, hulle word strenger gekeur.

Die wittes mag nie plak nie, selfs nie eens 'n karavaan in sy agterplaas laat bewoon nie. Maar die swartes kan plak en al meer toegewings word gemaak.

Die blankes mag nie aanbou en wonings vergroot sonder 'n goedgekeurde plan nie. Die swartes kry plakkerdorpe en bou soos dit hulle pas, seker vry van waterbeperkings en gratis.

Swartes kry vervoer-subsidies, blankes nie. Swartes kry vry of baie goedkoop hospitaaldienste. 'n Swartman wat by my aan diens was, het net een oog gehad. Hy het na die raad se swart kliniek gegaan en is van 'n kunsoog en brille vir net R3 voorsien.

Navraag het aan die lig gebring dat dit 'n blanke R800 plus sal kos!

Die swartes wil graag soos die blankes lewe, maar steek nie 'n hand uit om te help nie. In swart state plant hulle nie eers bome op hul eie erf nie, het nie respek vir hekke en heinings nie, want dis witmense se idees. Dit is waarom dit so sleg gaan in die swart gebiede. Hulle kan dit vir hulle self meer plesierig en gerieflike maak as hulle net 'n bietjie meer produktief wil wees.

Dan is daar nog iets wat my baie pla. Blanke hoewe-eienaars woon in moderne huise en hulle swart werknemers in sinkhuisies met geen toilet of watergeriewe nie.

Waarom word hulle nie verplig om vir daardie werknemers steenhuise te bou nie? Dit sal meer higiënies wees, en sal ook meehelp om plakkery te beperk.

Ek vra maar net: hoe rym dit alles dan?

(Brief verkort)

---

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**





SIT HAND BY*LAAT DIE POPPE DANS
*SPESIALE AANBOD
Unieke Hand-gemaakte Porselien Handskoen Poppies vir R32 elk/Volledige stel (4) net R120 Stuur tjek/ poswissel na PEOPLE'S PUPPETS Posbus 232, Judith's Paarl 2045 (2 - 4 weke vir aflewering) Dui aan (a) PIK (b) TUTU (c) P.W. (d) WINNIE Ons maak ook U gunsteling karakter VOLGENDE: DE KLERK


## PERSOONLIK

Bleskoppe teen Apartheid wonder wanneer Takhare vir Vrede solidariteit gaan toon met hule medewerkers in die Haarkappersvakbond. Lank lewe nie-rassige breë middelpaadjies!

Internasionale penvriende: Ons klub het nou 160 000 lede in 153 lande en ons verskaf 'n penvrienddiens aan 'n ieder en 'n elk. Om nadere besonderhede skryf aan Johan van der Schyff, Posbus 128, Welverdiend 2700

Die Takhare vir Vrede sê elke bewussyn is 'n gevoelige ekosisteem. Moenie onnodig daaraan peuter nie

## WOONPLEK

Journalist-type to share Melville semi with garden. Rent R325. Tel (h) 726 4582

Te Koop: Pragtige eenslaapkamerwoonstel in Victoriaanse gebou in Berea (naby Windybrow) R40 000 ona. Maureen Ashe (011) 782 0087/ 0024

Melville: drieslaapkamerhuis te koop. R125 000 ona. P Kruger (w) 716 5654 (h) 487 1239

## DIENSTE

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591.

## GEBEURE

Geen literêre vereniging, klub, kring of sameswering vergader dié week nie

Woensdag 9 Augustus. U word uitgenooi om u wegneemete na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir middaguurvideo oor Dans in die VSA Deel 2 - Choreografie deur George Balanchine

Zoeloe-kursus vir beginners in Augustus by Wits: Gegrond op die jongste leermetodes. Die klem in dié kursus val op die aanleer van mondelinge tegnieke. Twee kursusse word aangebied. Om verdere besonderhede skakel: (011) 716-5509

## MARK

Wêreldspektrum-naslaanboeke - splinternuut. Volledige stel. R550 afbetaalbaar. Mev Esposito (011) 880 2881


Kashgar

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**


Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue- en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Die nuwe STET 5-4 het verskyn. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50

## VAKANSIES

Resthaven Vakansieoord Kom en geniet 'n ontspanne vakansie in ons eenvoudige rusoord. Ongeveer 10 minute van Shelley Beach af. Swem, gholf, rolbal en visvanggeriewe is byderhand. Spesiale tariewe buite seisoen. Volwassenes vanaf R14,00 per dag, ontbyt en aandete Skakel mev Jameson by (011) 834 1708


JACOB REGOP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..............................

Adres: ..............................

..............................

.............................. Poskode: ..............................

Telefoon: ..............................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**



**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**







Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: ______________

______________

Adres: ______________

______________

______________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30

Vrye Weekblad

# New York se eie rommelpiramide

**Annick Benoist**

NEW YORK - Dit hoort eintlik langs die Nyl, of in die binnetuin van die Louvre in Parys.

New York gaan sy eie piramide kry - nie 'n kulturele besienswaardigheid nie, maar om as 'n asblik te dien.

Die asblik-piramide, met die gepaste naam Fresh Kills, sal teen die jaar 2005 op Staten Island, suid van Manhattan, voltooi wees.

Dit sal 154 meter hoog wees - hoër as die hoogste piramide in Egipte en 60 meter hoër as die Statue of Liberty. Dit sal 50 miljoen ton rommel kan huisves.

New Yorkers moes gedink het dis 'n grap toe hulle in die koerant daarvan gelees het, maar die gesondheidsdepartement is ernstig; hulle wou bloot op 'n artistieke manier van 'n groot klomp vullis wat in die stad opgaar ontslae raak.

Ingenieurs en argitekte het begin om die gebou, wat sy eie waterstelsel het, te ontwerp.

'n Woordvoerder van die gesondheidsdepartement, Jim Hart, sê 'n professor in chemie, Amost Turk, is besig om 'n reukweerder te ontwikkel wat die meer as 100 onaangename reuke wat uit die piramide sal kom, teë te werk.

Die owerhede het reeds die reukprobleem aangespreek deur 11,5 miljoen dollar op geurige blomme te bestee - 500 000 plante en 2 000 bome wat in die omgewing geplant gaan word om die piramide te verfraai.

Dit is 'n verbeeldingryke projek, maar nie almal hou daarvan nie. Die inwoners van Staten Island is veral ontevrede en die departement het 'n veldtog geloods om die inwoners van die waarde van die piramide te oortuig.

Een inwoner sê die toring sal sy uitsig van die New Jersey vloeistoftenks in die weste belemmer.

Honderd miljoen ton se rommel is sedert 1948 by Fresh Kills afgelaai.

'n Tweelaanpad sal tot by die piek van die piramide gebou word en die 40 grade hellings sal skiërs en bergklimmers se droom wees.

Volgens die American Geological Studies Centre sal die Fresh Kills-piramide die hoogste punt op die Atlantiese kus tussen Florida en Maine wees.

Daar is egter 'n klein probleempie. Volgens 'n nuwe wet wat op 1 Julie vanjaar van krag geword het, mag geen bottels of koerante in die toring gegooi word nie.

Dit sal dus langer neem om die toring vol te maak. Elke inwoner van New York sal steeds een ton rommel per jaar tot die toring bydra. - AFP

## Bierdrinkende baas sy hond kwyt

BERLYN - Troeteldiere wat aan sielkundige kwale ly - soos honde wat onophoudelik blaf, of soos die hond wat sy baas byt elke keer as die man 'n bier drink - kan nou genees word.

'n Dierekenner by die Lankwitz-troeteldiertehuis pas psigoterapie op hawelose honde en katte toe in 'n poging om hulle te "hersosialiseer".

Die eksperiment, die eerste in sy soort in Europa, is meer as net 'n wetenskaplike ondersoek. Daar word gepoog om buitengewoon aggressiewe diere van die dood te red.

Harras, die hond wat sy bierdrinkende baas gebyt het, het ná 'n week se behandeling 'n nuwe baas gekry - 'n personeellid van Alkoholiste-Anoniem.

Eva Heidenberger, 'n jong veearts wat die projek begin het, behandel drie tot vyf pasiënte daagliks vir vier sessies elk.

Sy probeer die diere se vertroue wen deur op die grond te kruip, die diere met die hand te voer en saggies te praat. Elke teken van vordering word goed beloon.

Sy het reeds daarin geslaag om diere wat aan hokpsigose ly, wat daartoe lei dat diere hul pelse stukkend skeur of hulself vermink, te genees.

Die behandeling is egter nie gewaarborg om te werk nie. Die eienaar se verhouding met die dier is die belangrikste, sê Heidenberger. - AFP

## Vrou in hof oor priester se teelhond

NAIROBI - Die hooggeregshof hier het beslis dat 'n vrou 85 000 dollar aan 'n Rooms-Katolieke priester moet betaal oor die verbreking van 'n ooreenkoms betreffende die gebruik van 'n teelhond.

Vader John Nuegger het Peggy Nicholson daarvan beskuldig dat sy sy Duitse herdershond twee en 'n half jaar lank vir teeldoeleindes gebruik het en hom nooit, volgens die ooreenkoms, betaal het nie.

Volgens Vader Nuegger het hy met Nicholson ooreengekom dat sy die hond kan gebruik om met haar tewe en ander honde te paar. Die eienaars van die honde sou daarvoor betaal. Volgens getuienis kan die hond jaarliks 52 kleintjies teel teen 'n bedrag van 'n duisend dollar elk.

Nicholson het aan Vader Nuegger vertel dat die hond dood is, maar hy het later uitgevind dat die hond wel lewe en deur iemand anders opgepas word. - AFP

## Kussinggeveg kelder snorkkompetisie

BERGA, Spanje - 'n Kompetisie om te bepaal wie die beste slaapkamer in die buitelug kan ontwerp, die langste kan slaap en die hardste kan snork, is gewelddadig onderbreek toe die deelnemers in 'n kussinggeveg betrokke geraak het.

Ongeveer 50 mense in hul nagklere het met kussings, matrasse, bedtafeltjies en nagpotte by die kompetisie, wat deur die plaaslike Slaap Partytjie-vereniging gereël is, opgedaag.

Die kompetisie het heel rustig begin, maar chaos het uitgebreek toe 'n bed, waarop drie mense geslaap het, gebreek het.

Mense het mekaar met kussings begin slaan, en die wat nog wou slaap, is ook by die geveg betrek.

Toe 'n klomp laatnag-partytjiegangers ook nog opdaag, was die koeël deur die kerk. Die kompetisie moes gestaak word en die pryse is uitgedeel.

Ten minste twee mense het darem daarin geslaag om 'n bietjie te slaap.

Jordi Vendrelli het die prys ontvang vir die beste snorker en Ferran Vangal het 'n prys ontvang omdat hy die langste geslaap het.

'n Onbekende vereniging van "sakemanne en familiehoofde" het protes teen die kompetisie aangeteken omdat dit "onsedelike en swak gedrag" bevorder. - AFP

## Teater van die werklikheid

NIJMEGEN, Nederland - Ongeveer 'n honderd mense het 'n moordenaar aangemoedig toe hy sy slagoffer op die sypaadjie buite 'n koffiehuis doodgeskiet het. Hulle was onder die indruk dat hulle na straatteater kyk.

Volgens die polisie het 'n geveg tussen twee mans mense se aandag begin trek toe een man 'n geweer uitgepluk het.

Hulle het hande geklap toe die een vyf skote vuur en die "akteur" in mekaar sak, maar besef iets is fout toe hy nie weer opstaan nie.

Die moordenaar het die polisie gebel en homself oorgegee. - AFP

## Kettings bevry kettingroker

SPRINGFIELD, Missouri - 'n Kettingroker het homself vir drie weke aan 'n rusbank vasgeketting in 'n poging om op te hou rook.

Dit het gewerk. Thomas Warren, 42, het sy vryheid van die rusbank én rook gevier met 'n aandete en deur drie kilometer ver te gaan draf.

"Terwyl ek gedraf het, het ek so vry soos 'n voël gevoel", het 'n jubbelende Warren gesê. Hy het reeds akapunktuur en meditasie probeer en by Rokers Anoniem aangesluit, maar niks wou help nie.

Warren, wat voorheen aan marathons deelgeneem het, rook al vir twintig jaar.

Hy het 'n pakkie sigarette per dag gerook toe hy vriende oortuig het om hom met 'n ketting aan 'n swaar rusbank vas te maak. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**Die versetveldtog deur** die breë demokratiese beweging teen gesegregeerde hospitale vind plaas sonder enige voorvalle van geweldpleging. Twaalf lede van die Black Sash wat aan 'n vreedsame betoging ten gunste van oop hospitale deelgeneem het, word in Johannesburg deur die polisie in hegtenis geneem.

**Dr Ali Bacher**, besturende direkteur van die Suid-Afrikaanse Krieketunie, kondig aan dat 'n "rebelletoer" van 16 Britse krieketspelers volgende jaar na Suid-Afrika gaan plaasvind. Die Britse regering doen 'n beroep op die spelers om hul planne te laat vaar, aangesien dit Britse atlete se kanse om aan die Statebondspele deel te neem, kan benadeel. Die 16, onder wie nege Engelse toetsspelers, sal aangevoer word deur Mike Gatting, die voormalige Engelse kaptein. Hulle sal glo sessyfer-bedrae betaal word om hier te kom speel.

**Die Veiligheidspolisie** onderbreek 'n vergadering van die Black Sash in Johannesburg, neem dokumente in beslag, bekyk van die teenwoordiges se dagboeke, deursoek hul motors, en sê die teenwoordiges aan om uiteen te gaan.

**Die Standard Bank** trek sy borgskap aan die tienertydskrif Early Times terug ná klagtes deur party van die bank se "uiteenlopende klante" dat die redaksionele inhoud, byvoorbeeld oor politiek en seksvoorligting, te kontroversieel is.

**Bophuthatswana** se regering verbied 'n Johannesburgse prokureur, James Sutherland, om die gebied sonder 'n visum binne te gaan - 12 ure nadat die Hooggeregshof 'n bevel toegestaan het dat Sutherland toegang tot sy kliënte, inwoners van Leeuwfontein, mag kry. Die Black Sash en die Transvaal Rural Action Committee, wat die inwoners van Leeuwfontein en Braklaagte bygestaan het in hul teenkanting teen inlywing in die tuisland, is verlede maand in Bophuthatswana verbied.

**Twaalf polisiemanne** en 'n SAW-offisier word in Kaapstad verhoor na aanleiding van die berugte "Trojaanse Perd"-voorval in Oktober 1985 toe verskuilde polisiemanne uit 'n spoorwegvragmotor op inwoners van Athlone gevuur het. Toe die vragmotor met klippe bestook is, het die polisiemanne vir Michal Miranda, 11, Shaun Magmoed, 16, en Jonathan Claassens, 21, doodgeskiet. Die Prokureur-Generaal het verlede jaar geweier om die polisie-luitenant en sy taakmag wat volgens 'n landdros die dood van die drie veroorsaak het, te vervolg. 'n Siviele saak is in die Hooggeregshof ingestel.



**Die Save Our School-komitee**, wat hulle beywer vir die oopstelling vir alle rasse van die Johannesburg High School for Girls in Hillbrow, doen 'n beroep op minister Adriaan Vlok om hulle te ondersteun nadat Vlok gesê het "apartheid is nie meer die beleid van die Nasionale Party nie". Die skool, wat 102 jaar oud is, sal gesluit moet word omdat daar te min blanke leerlinge in die gebied woon. Intussen moet swart leerlinge wat in Hillbrow bly, lang afstande na swart skole reis.

**Bobby Godsell**, direkteur van nywerheidsake van Anglo American, waarsku die regering om nie vreedsame protes van Suid-Afrikaners sonder stemreg te onderdruk nie, omdat dit tot woede en frustrasie lei.

**Die Natalse Hooggeregshof** beslis by monde van Regter-president JA Howard dat regsverteenwoordiging nie wesenlik is vir die regverdigheid van 'n verhoor nie. Dié beslissing werp 'n vroeëre beslissing van regter JM Didcott in die Khanyile-saak omver. Prof Johan van der Vyfer van Wits sê die nuwe beslissing is "só verkeerd dat ek nie kan verstaan hoe die regters dit kon bereik het nie".

**Omtrent 70 Wits-studente** ontwrig 'n vergadering op die kampus waarop die mede-leier van die DP, dr Zach de Beer, dr Van Zyl Slabbert en 'n joernalis van die Weekly Mail, Steven Friedman, sou gepraat het. Intussen sê die ANC in 'n verklaring blanke parlementariërs wat teen apartheid veg, moet ondersteun word.

**'n Radio-beheerstasie** van die polisie in Johannesburg word deur gewapende mans aangeval.

**Meer as 12 000** Numsa-werkers staak by drie van die grootste motorfabrieke in die land weens 'n vertraging in loonsamesprekings.

### Wêreld

**Israeliese magte ontvoer** 'n Moslemleier, Sjeik Abdul Karim Obeid, uit Libanon. Uit weerwraak hang die Lebanese Hizbollah die Amerikaanse gevangene, luit-kol William Higgins, en die sogenaamde Revolusionêre Organisasie vir Geregtigheid dreig om nog 'n Amerikaanse gevangene, Joseph Cicippio, te vermoor as die Israeli's nie vir Sjeik Obeid vrylaat nie.

**Die kaptein** van die Herald of Free Enterprise, wat 6 Maart 1987 aan die Belgiese kus by Zeebrugge omgeslaan het, verskyn saam met ses bemanningslede in die hof in Londen op klagte van strafbare manslag. In dié veerbootramp het 193 passasiers verdrink.

**Zimbabwe se regering** trek klagte van die onwettige besit van vuurwapens teen 'n man wat vermoedelik 'n SA agent was, terug. Guy Thomas Bawden, 32, is in Januarie verlede jaar in hegtenis geneem ná 'n bomaanval op 'n ANC-huis in Harare. Hy word steeds aangehou.

**Brittanje beleef die** sonnigste drie maande op rekord.

**Die VSA belowe** 'n bedrag van 50 miljoen dollar se voedselhulp aan Pole by 'n byeenkoms van 24 kapitalistiese lande in Brussels om hervormingsgesinde sosialistiese regerings te help.

**Swapo beweer dat** 150 000 Suid-Afrikaners geregistreer is om in Namibia se verkiesing te stem.

**Afghaanse veiligheidsmagte** neem 50 mense in hegtenis en lê beslag op 100 missiele in 'n klopjag in Kaboel.

**Die Soedanese People's Liberation Army** sê hulle is op die punt om samesprekings te voer met die nuwe militêre regering in Kartoem.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.

SOKKER:

# Op 18 is Thomas ons 'nuwe Pele'

George Pearl

OP die brose ouderdom van 18 het Thomas Madigage reeds 'n wennersmedalje in Suid-Afrika se belangrikste sokkertitel, die Castle-liga, in sy sak gesteek. Hy het al in twee groot beker-eindstryde gespeel en was ook al 'n finalis in die nasionale sokkerspeler van die jaar-kompetisie.

Verlede week het hy 'n verdere belangrike stap in sy kort, skouspelagtige loopbaan geneem toe hy as deel van 'n drie-jaarkontrak na Glasgow Rangers - een van Europa se rykste sokkerklubs - oorgevlieg het Skotland toe.

Margaret Thatcher se mannetjies in grys het steeds die mag om Madigage se droom te verongeluk - hy kan net in Brittanje speel as hy 'n werkpermit kry. Selfs al doen hulle dit, sal die jong ster van Atteridgeville se droom om Europa te verower nie 'n ydele droom wees nie.

Dié middelveldspeler van Jomo Cosmos het twee weke in Junie saam met Rangers deurgebring. In die tydjie het hy vir hul reserwe-span in 'n ses-span toernooi - wat die Italiaanse reuse Juventus en AC Milan ingesluit het - in Italië gespeel.

Juventus was die eerste span teen wie hy gespeel het en hy het die gaping gemaak wat gesorg het vir die enigste doel in die wedstryd. "Ek het twee verdedigers ore aangesit," sê hy so terloops.

Ná nog vier vertonings is Madigage as die "doelskieter van die toernooi" aangewys. Hy het sy kans met albei hande, of eerder voete, aangegryp en dit is sterk te betwyfel of dié aanbod van Rangers die laaste sal wees.

Deur dit alles het Madigage stil en selfversekerd, maar nederig gebly. En dit is juis dít, net soveel as sy buitengewone talent, wat kenners laat glo dat hy die pyp gaan rook.

Nadat Rangers hom gekoop het was daar hoofopskrifte in Skotse koerante wat hom as die "nuwe Pele" gekroon het. Madigage was duidelik nie van plan om verwagtinge te skep waaraan hy nie kan voldoen nie en sy reaksie op die hoe-ha was om tjoepstil te bly - geen onderhoude nie.

By een wedstryd het hy letterlik agter die pawiljoen weggekruip om 'n verslaggewer van 'n koerant van Edinburgh te ontduik.

Enigiemand wat Madigage die afgelope jaar dopgehou het, kon sien dat hy vinnig en baie geleer het. Hy klou minder aan die bal, kombineer beter met sy span en sy skietwerk is harder en meer akkuraat - alles lewensbelangrike elemente in harde Britse sokker.

Hy het ook lyf bygekry, sodat hy skaars lyk na die 16-jarige wat die Nasionale Sokkerliga laat regop sit het in sy debuutseisoen.

Die winter in Brittanje maak of breek jongelinge soos Madigage, maar hy sal nie sommer handdoek ingooi nie. "Dit was nog altyd my wens, van kleintyd af, om oorsee te speel."

As alles uitwerk en ons jong ster word toegelaat om daar te speel, sal Suid-Afrikaners Skotse sokker met baie meer belangstelling volg in die seisoen wat voorlê.



Thomas Madigage

BOKS:

# Nene ruik aan wêreld-titel

Thabo Daniels

DIE Internasionale Boksfederasie (IBF) se vlieggewigkampioen, die Ier Dave McCauley, is lus vir Suid-Afrika se Vuyani Nene.

Piet Hancke, 'n prokureur en bokspromotor van Despatch, het bekend gemaak dat McCauley laat weet het dat hy sy titel teen Suid-Afrika se nasionale junior veergewig sal verdedig. Maar voordat Nene oor 'n wêreldtitel kan begin droom, moet hy eers Sondag met die Columbiaan Aquatin Garcia in Uitenhage afreken.

'n Sakeman van Panama, Marcus Quillen, wat saam met Garcia na Suid-Afrika gekom het, het die goeie nuus gebring in die vorm van 'n brief van McCauley se afrigter.

McCauley het egter 'n paar verpligtinge - hy moet sy titel op 7 Oktober teen Dodi Penalosa van die Filippyne in Belfast verdedig. Dit sal sy eerste verdediging wees sedert hy die titel by die Jamaikaans-gebore Engelsman Dume McKenzie gewen het.

"Ek hoop McCauley behou sy titel en ek sal my alles in my vermoë doen om die geveg in Desember in Suid-Afrika aan te bied," sê Hancke.

Hy is egter nie net bekommerd dat McCauley teen die Filippyn op sy baadjie kan kry nie. Die Ierse Anti-Apartheidsbeweging kan die geveg ook in die wiele ry.

Intussen is Garcia, 'n hotklou, blykbaar besonder fiks vir die geveg teen Nene - ook 'n hotklou. "Hy is piekfyn en sou meer as gelukkig gewees het as die geveg vanaand al was," het Quillen Maandag gesê.

Garcia, met die bynaam "Baby", is 'n veteraan van 30 gevegte, 20 oorwinnings, vier gelykop-uitslae en ses loesings - twee daarvan om die wêreldtitel.

Hy het opnames van Nene se laaste twee gevegte gesien en sê: "Ek skrik hom nie. Ek het al teen beter boksers geveg."

Nene het in sy laaste geveg die agste gekeurde Dominikaan Rafael Carrera met 'n uitstekende uitklophou in die eerste rondte planke toe gestuur. Nene se bestuurder, Alfred Nene, sê hulle gaan "indien moontlik" vir 'n vinnige uitklophou probeer.

"Vuyani se kanse om om die wêreldtitel te veg is besonder goed. Ek wil nie hê hy moet hom nou ooreis nie. As Garcia nie oppas gaan hy dieselfde pad as Carrera - planke toe!" - PEN


**Werk jy van jou huis af?**

Ons verkoop 'n reeks van nuwe en ou meubels van gehalte

**Office Furniture Traders**

LESSENAARS STOELE LIASSEERKABINETTE

Alle pryse onderhandelbaar

*Ons is ook bereid om te ruil!*

BYRON ANDREWS

161 COMMISSIONERSTRAAT
JOHANNESBURG

Tel: 337-2567/8


## KORTSPORT

### Moosa ver van hier

Die mense wat gewonder het wat van die twee jong Suid-Afrikaanse sokkersterre Zane Moosa en Pitso Mosimane geword het, hoef nie langer te wonder nie. Hulle is in Griekeland, waar hulle vir die eersteliga-span Unikos speel.

### Die Engelse Kom!

Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad stuur uitnodigings na die spelers wat lede gaan wees van die Wêreldspan wat aan die Raad se eeufeeswedstryde gaan deelneem.

Dit word bevestig deur die sekretaris van die Rugby-Unie in Engeland, Dudley Wood.

"Ons het die heeltyd gesê dat ons die reg van die individu respekteer om vir homself te besluit en dit is presies wat ons gedoen het," het Woods gesê. Hy het geweier om bekend te maak hoeveel briewe in die pos gegooi is.

Die Wêreldspan gaan vyf wedstryde, waarvan twee teen die Springbokke, speel.

Die eerste wedstryd is teen die Kwaggas in Durban op 19 Augustus.

### Carol pomp nou yster

Carol Cody, Amerikaanse diskusgooier wat haarself verlede jaar 'n verbod op die hals gehaal het deur in Suid-Afrika deel te neem, het haar terugkeer tot sport aangekondig - as 'n gewigopteller.

Cody was op haar dag twee keer die Amerikaanse nasionale diskuskampioen en het ook twee keer aan die Olimpiese Spele deelgeneem.

Haar terugkeer na sport via gewigoptel was moontlik omdat die Amerikaanse gewigoptelfederasie nie 'n beleid oor Suid-Afrika het nie. Sy hoop nou om die derde keer aan die Olimpiese Spele deel te neem - deur yster te pomp.

### Duran Duran Duran

Die derde wêreldtitelgeveg tussen Sugar Ray Leonard en Roberto Duran sal op 7 Desember in Las Vegas plaasvind, het promotors in New York aangekondig. Dié twee ou kennisse het aangekondig dat hulle om die super middelgewig- én middelgewigtitels gaan veg.

### Moenie Naasty wees nie

Naas Botha is terug in die ligblou-trui van Noord-Transvaal vir sy eerste wedstryd van die seisoen. Mense wat sê die Blou Bulle is poegaai is en dat die Springbokke wat waarskynlik in "toetse" teen die Wêreldspan gaan speel, te oud is, sal met Naas te doen kry.

Daar is geen plaasvervanger vir ondervinding nie, sê die blondekop-wonder. Noord-Transvaal pak die Biltongboere van Suidwes-Afrika (hulle is nog nie Namibia nie) hierdie naweek in 'n Curriebekerwedstryd in Windhoek.

### Tsipa en Snor vir wêreldkrone

Die Suid-Afrikaanse boksers Simon "Tsipa" Skosana en Pierre "Snor" Coetzer gaan binne die volgende vier maande om wêreldtitels veg. Skosana veg op 9 September teen die Wêreldboksorganisasie (WBO) se junior veergewigkampioen, Kenny "Machine Gun" Mitchell, in San Juan, Puerto Rico.

Swaargewig sersant Coetzer pak Francisco Damiani ook om 'n WBO-titel in dieselfde stad op 25 November. Diamani het Suid-Afrika se ander wit swaargewighoop, Johnny du Plooy, drie maande gelede planke toe gestuur.

### Engeland se hand in die as

Vir die eerste keer in 55 jaar wen die Australiese krieketspan die Asse in Engeland deur die vierde toets met nege paaltjies te wen.

David Gower, die Engelse kaptein, is nie eintlik die gewildste man in Engeland nie maar hy weier om die kapteinskap af te staan.

Hoewel hy skerp kritiek ontvang het sê hy: "Ek is glad nie van plan om te bedank weens druk uit die onderste deel van die pers nie. Die werk moet gedoen word en ek sien uit na die volgende twee toetse teen Australië."

Daar is nog twee toetse in 'n reeks van ses oor.

### Geen Ferrasse-ing

Die president van die Franse Rugby-Federasie, Albert Ferrasse, glo rugby gaan regkry om apartheid binne die volgende twee jaar in die see in te jaag.

Hy beweer Danie Craven se werk het die pad gelyk gemaak vir die onlangse ontmoeting tussen PW Botha en Nelson Mandela. "Wat Danie Craven gedoen het om rugby oop te maak, was net so belangrik as die rol van die anti-apartheidsbewegings," sê Ferrasse.

### Praat met ons, vra Sacos

Die South African Council on Sport (Sacos) wil met die ANC gesels oor die toestand van nie-rassige sport in Suid-Afrika. Sacos wou nie 'n uitnodiging aanvaar nie na die onlangse sporteenheidskonferensie, wat deur die National Sports Congress gereël is. Dit het tot spanning in die nie-rassige sportbeweging gelei.

Die ANC het nog nie op dié versoek gereageer nie.

### Rebelletoer-probleme

Dit is die Internasionale Krieketkonferensie (IKK) se skuld dat die komende krieketoer deur 16 van Engeland se top-spelers gaan plaasvind, sê Joe Pamensky, president van die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU).

Dié toer sou heel waarskynlik nie plaasgevind het nie as die SAKU 'n kans gegee is om sy sê te sê op 'n onlangse IKK-vergadering - wat dan 'n feitesending na Suid-Afrika kon stuur.

Die toer het skerp reaksie uit talle oorde gekry. Regerings, anti-apartheidsbewegings en sportorganisasies het gewaarsku dat die rebelletoer tot ernstige reperkussies kan lei. Die Statebondspele sal sonder twyfel deur Afrika-lande geboikot word as die toer voortgaan.

*(Nuus van AFP, Sapa en Eie Korrespondente)*

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 4 Augustus 1989



Fiona Ramsay en Jeremy Crutchley soos hulle verskyn in die Francois Swart-opvoering van As You Like It wat nou in die Staatsteater te sien is

**In Maputo het ons eie Brenda Fassie weer bewys dat afgeleefde Europese "rocksterre" soos Clapton se dae in Afrika getel is. CHARLES LEONARD vertel van sy dag by die konsert en in Maputo**

# Eric Clapton in Maputo? Gee ons eerder Brenda

EEN ding was baie duidelik. Die skare van sowat 70 000 by die Estadio da Machava in Maputo was nie daar om vir ou "Derelict Eric" te sien nie. Brenda Fassie was 'n groter aantrekkingskrag as Ou Slowhand.



Brenda Fassie, afgeneem tydens die Clapton-konsert in Maputo verlede week. *(Foto: Kevin Carter)*

Brenda het die skare op hul voete gehad - toe hulle uiteindelik deur die polisie met hul knuppels toegelaat is om op te staan - met Aggeshame Lovey.

Die Suid-Afrikaners PJ Powers, Sipho Mabuse en veral Fassie het die meeste applous ontvang.

Ander Suid-Afrikaners is ook welkom daar - al dink baie Mosambiekers dis Suid-Afrika se skuld dat hul vorige president, Samora Machel, in 'n vliegtuig-ongeluk dood is.

Maputo was verlede week en die afgelope naweek in sy partytjie-klere uitgedos vir die konsert.

Kleurryke baniere, plakkate en uithangborde het die vyfde Frelimo-kongres aangekondig. Oral in die boomryke strate was blou, geel, wit, swart, groen en rooi vlae.

Sondag was die 70 000 mense in die volgepakte Estadio da Machava geklee in 'n reënboog van kleure. Hulle was almal daar vir die laaste optrede van Eric Clapton tydens sy Suider-Afrikaanse konserttoer. Hulle was natuurlik ook daar vir Brenda Fassie, Sipho Mabuse en PJ Powers.

'n Mens kon nie help om te wonder wat Clapton van sy effens versigtige gehoor gedink het nie. Het hy die geroeste skepe in die hawe - wat die Portugese blykbaar probeer sink het toe hulle Mosambiek verlaat het - gesien?

Het hy die indrukwekkende standbeeld van Samora Machel, wat waghou oor 'n tropiese park met reuse-bome, en die wit hoofkatedraal van Maputo gesien? Hy moes die plakkerskampe, wat reg langs die talle kerke staan, uit die lug gesien het toe sy vliegtuig op die stil lughawe geland het.

Ou Slowhand was seker ook effens bekommerd nadat Renamo 'n voorstad van Maputo aangeval, vier mense se ore afgesny en drie ander vermoor het, dieselfde tyd toe pres Chissano vredesplanne vir sy hartseer, mooi land op die Frelimo-kongres aangekondig het.

Clapton moes sonder twyfel ook omgeboul gewees het deur die onvoorwaardelike vriendelikheid waarmee alle besoekers behandel is - al is jy ook afkomstig van dié land wat hulle van die moord op hul geliefde Machel verdink.

Hy het waarskynlik ook gaan afkoel in die lou Indiese Oseaan saam met talle Mosambiekers wat Sondag sorgeloos op die strand deurgebring het.

Die konsert was iets besonders. Clapton het towerklanke uit sy liggroen ghitaar gehaal. Met gunstelinge soos Layla, I Shot The Sheriff, White Room, Lay Down Sally en You Look Wonderful Tonight moes hy sekerlik heelwat nuwe aanhangers gekry het.

Dit sou uiters aanmatigend wees om na 'n daglange besoek waardeoordele oor Mosambiek te maak. Al wat ek kan sê na dié opwindende dag in die land van steurgamale en gasvrye mense, is dat 'n mens dadelik weer wil teruggaan. Suid-Afrikaners is welkom daar. Jy hoef nie vir Eric Clapton te wag om dit te gaan ervaar nie. Die hartseer van 'n uitgerekte oorlog ten spyt, behoort dit 'n verrykende ervaring te wees.

# Operasie Weissdorn moet slaag

**Albert Maritz**

OPERATION WEISSDORN, die verhaal van Robey Leibbrandt se mislukte sluipmoord-aanslag op Jan Smuts, is die enigste wyedoekproduksie waaraan op die oomblik in Suid-Afrika gewerk word.

En dit is 'n produksie - met 'n boeiende historiese verhaal, uitstekende akteurs en tegniese mense - wat die kwynende Suid-Afrikaanse rolprentbedryf weer op sy voete kan plaas, sê die vervaardiger van die prent, David Selvan.

Die Weissdorn-projek spog met vyf genomineerdes vir die AA-Vita-toekenning in sy geledere. Hulle is Manie van Rensburg, die regisseur, Ian Roberts, Marcel van Heerden, Greg Latter en Tertius Meintjies.

Boonop is Marius Weyers, Ryno Hattingh, Elize Cawood, Grethe Fox, Pierre Knoetze en Percy Sieff ook op die stel. Die filmspan is ook een van die beste op Suid-Afrikaanse bodem.

Hulle vorm almal deel van Van Rensburg en David Selvan van Zastron Films se meesterplan om 'n - onder andere finansieel - geslaagde Suid-Afrikaanse rolprent van internasionale gehalte te maak.

Nuwe wetgewing verhoed nou dat oorsese vervaardigers onregverdige voordeel put uit ons onderskatte filmbedryf en veral uit belastingskuiwergate.

'n Maatskappy wat nou films maak, wil dus nie dobbel met die gehalte van die prent nie. Dié dat Selvan onlangs aan sy span verduidelik het dat toekoms van die Suid-Afrikaanse filmbedryf van Operatio Weissdorn kan afhang.

Van die film wat reeds van die laboratorium in Londen terug ontvang is, lei Selvan af dat die spel van wêreldgehalte is - Hy het die resultate as "quite extraordinary" beskryf.

Selvan se een plan is om Weissdorn eers in Europa te versprei, waar dit sal saamval met die Europese herdenking van die Tweede Wêreldoorlog.

'n Ander plan is om die prent een keer te vertoon - soos vorige Goue Palm-wenners by Cannes - en die verspreiders dan voor 'n ultimatum van 24 uur te stel. Daarvoor sal die prent baie goed moet wees. Hoe dit ook al sy, almal wag op Operation Weissdorn...



**Vier-uur die oggend op die Marabastad-bus, 'n foto uit David Goldblatt se boek The Transported of KwaNdebele (met 'n teks geskryf deur Phillip van Niekerk en Brenda Goldblatt). Foto's uit die boek word van 6 Augustus tot 2 September in die Markgalery uitgestal. Terselftertyd is daar 'n uitstalling van foto's deur David Barkham ("Sunprints") en die Black Sash: A Celebration of South African Women - tot 13 Augustus.**

*Filmfeeste in Pretoria en Johannesburg - 2*

*Toestemming van die gode om te moor - 2*

*Kanadees skryf Mavis Taylor se nuwe stuk - 5*

*'n Eeu in 144 SA houtbeelde - 5*

# Hul god sê moor maar gerus

DIE ware verhaal van 'n geheime kultus in Indië wie se lede deur hulle godin, Kali, toestemming gegee is om te moor, is die onderwerp van The Deceivers wat vandag deur Ster Kinekor vrygestel word met Peirce Brosnan (van Remington Steele) in die hoofrol.

The Deceivers is gebaseer op 'n John Masters-novelle wat die ware ervaringe van ene William Sleeman verhaal. Sleeman was 'n belasting-insamelaar vir die Britse Oos-Indiese Kompanjie aan die begin van die vorige eeu wat die eeue-oue kultus van die Thuggees ontdek, ondersoek en blootgestel het. Die Britse owerhede het die kultus uitgewis nadat hulle meer as 'n miljoen lewens geëis het.

Lede van die kultus het gelewe as gewone lede van die Hindoe- en Moslemgemeenskappe in alle klasse en hulle regte geloof selfs van hulle families geheim gehou. Gedurende die droë wintermaande het die Thuggees (waarvan die Engelse woord "thug" afgelei is) reisende "betoos" (gewone burgers wat nie aan die godin Kali gedienstig was nie), aangeval en vermoor.

Volgens die Thuggee-mitologie het Kali, 'n blou-swart godin met ses arms, verskriklik oorlog gevoer teen 'n klomp duiwels tydens die wêreld se skepping. Sodra sy een duiwel oorwin het, is 'n ander uit sy bloed geskep.

Sy het begin huil en waar haar trane geval het, het mans ontstaan wat haar kom help het. Nadat die duiwels verslaan is, het sy dié vegters en hulle nasate beloon met die toestemming om vrylik te moor wie hulle wil - solank hulle nie bloed vergiet nie.

Om hierdie rede het die Thuggees altyd net die Rumal (Kali se "sakdoek" wat sy aan hulle gegee het om die duiwels mee te verwurg) gebruik om hulle slagoffers om die lewe te bring.

Die vervaardiger van The Deceivers, Ismail Merchant, breek met dié prent weg van sy subtiele verwerkings van EM Forster-novelles (Room with a View en Maurice). Hy wou nog altyd 'n avontuur prent maak, en as kind in Indië is hy blootgestel aan die stories van die Thuggees.

Peirce Brosnan is gekies om die rol te vertolk van William Savage wat op Sleeman se ervaringe volgens die Masters-novelle, gebaseer is. Brosnan sou Roger Moore as Bond opgevolg het as dit nie was vir sy kontrak met die bekende TV-program Remington Steele nie - (nou sit ons met die armsalige, kamp Dalton, maar nou ja).

The Deceivers wys hoe Savage tydens sy infiltrasie van die kultus, geleidelik deur die godin Kali die stille kuns, en die duistere plesiere van die daad ontdek - en hoe hy daardeur beïnvloed word.



**Peirce Brosnan (links) en sy kameraad besig om Thuggees uit te snuffel**

# Eerste vrugte van selektiewe boikot

**'n HELE aantal inheemse prente, asook die "eerste vrugte" van die selektiewe kultuurboikot sal by die Weekly Mail se derde jaarlikse filmfees te sien wees.**

**Die fees word van 4 tot 23 September in Johannesburg, Alexandra, Athlone en Kaapstad aangebied onder die titel Cinema: Crossing the Line.**

**Windprints - wat vanjaar in Namibia verfilm is deur David Wicht - beleef sy première by die filmfees. Dit vertel die ware verhaal van Nhadiep, 'n Nama-moordenaar wat 'n lewende legende geword het deur 18 maande lank vir die polisie weg te kruip in die berge van Namibia. Hy is in 1982 doodgeskiet.**

**The Native Who Caused All The Trouble is Manie van Rensburg se filmweergawe van die bekroonde stuk met dieselfde titel - geskryf deur Vanessa Cooke, Danny Keogh en Nicholas Haysom. Cooke tree saam met John Kani in die prent op.**

**Nog meer inheemse prente word verwag, maar dis nog nie gefinaliseer nie.**

**'n Hele aantal oorsese films sal as eerste vrugte van die selektiewe kultuurboikot vertoon word.**

**Hieronder tel John Sayles se nuutste, Matewan - die eerste Sayles-prent wat hier te sien sal wees. Dit gaan oor 'n bloedige konfrontasie tussen mynwerkers en bestuur in Virginia in die jare twintig.**

**Nog 'n uitvloeisel van die nuwe kultuurbeleid is dat die Britse filmmaker Stephen Frears (van Dangerous Liaisons en My Beautiful Landrette) ingestem het dat sy jongste prente, Sammy and Rosie Get Laid (oor verhoudings, geweld, rassisme en seks) en Prick Up Your Ears (oor die vermoorde dramaturg Joe Orton soos gesien deur sy minnaar Kenneth Halliwell) by die fees vertoon mag word. Albei is in 1987 gemaak.**

**Twee Marquez-verhale sal te sien wees: Ruy Guerra se Fable of the Beautiful Pigeon Fancier en Fernando Birri se A Very Old Man with Enormous Wings. Birri word beskou as die "vader van die nuwe Latyns-Amerikaanse styl" en is direkteur van die Internasionale Film en TV-skool in Kuba.**

**Uit Australië kom John Hillcoat se debuut: Ghosts of the Civil Dead. Dit is 'n deeglik nagevorste, meestal feitelik korrekte uitbeelding van 'n moderne maksimum-veiligheidstronk.**



**'n Toneeltjie uit Fernando Birri se A Very Old Man With Enormous Wings**

## Filmfees in Pretoria

LOUIS MALLE se omstrede Pretty Baby (waarin Brooke Shields 'n kinderprostituut speel), Dream Child ('n surrealistiese prent oor Lewis Carol se Alice) en die klassieke fantasie Metropolis tel onder talle interessante prente wat tot 24 Augustus in die Technikon Pretoria se Rolprentskool se filmfees te sien is.

Die fees duur tot 24 Augustus by die Transvalia, Nedbank Plaza in Arcadia, Pretoria.

Die program is:

Vry 4: 2.30 - Genocide; 5.30 - Another Country; 8 - Ghandi; 10.30 - Legend. Sa 5: 10vm - The Muppets; 12.15nm Pale Rider; 2.30 - Empire of the Sun; 5.30 - Carmen; 8 - The Moderns; 10.30 - The Lightship. Ma 7: 2.30 - In a Shallow Grave; 5.30 - Mona Lisa; 8 - Sacrifice; 10.30 - Maurice. Di 8: 2.30 - Dreamchild; 5.30 - Barfly; 8 - Siesta; 10.30 - Wings of Desire; Wo 9: 2.30 - The Moderns; 5.30 - Pale Rider; 8 - Sweet Liberty; 10 - Metropolis. Do 10: 2.30 - The Lightship; 5.30 - King David; 8 - Another Country; 10.30 - Empire of the Sun. Vry 11: 2.30 - Siesta; 5.30 - The Muppets; 8 - Night of the Shooting Stars; 10.30 - Lost Boys. Sa 12: 10 - Crossroads; 12.15 - Le Cage; 2.30 - Wings of Desire; 5.30 - Manchurian Candidate; 8 - Tree of Wooden Clogs; 10.30 - Little Shop of Horrors. Ma 14: 2.30 - Metropolis; 5.30 - Monty Python Live at the Superbowl; 8 - Francis; 10.30 - Dangerous Moves. Di 15: 2.30 - Carmen; 5.30 - Until September; 8 - Padré Pardone; 10.30 - Pretty Baby. Wo 16: 2.30 - Beethoven's Nephew; 5.30 - Prayer for the Dying; 8.30 - Le Bal; 10.30 - Clockwise; Do 17: 2.30 - Shooting Stars; 5.30 - Little Shop of Horrors; 8 - Le Cage; 10.30 - Crossroads. Vry 18: 2.30 - Saving Grace; 5.30 - Sweet Liberty; 8 - Beethoven's Nephew; 10.30 - The Chain. Sa 19: 10vm - King David; 12.15 - Francis; 2.30 - Brazilius Quartet; 5.30 - Sacrifice; 8 - Othello; 10.30 - Entre Nous; Ma 21: 2.30 - Manchurian Candidate; 5.30 - Legend; 8 - Pretty Baby; 10.30 - Le Bal. Di 22: 2.30 - Padré Pardone; 5.30 - The Chain; 8 - Until September; 10.30 - A Prayer for the Dying. Wo 23: 2.30 - Entre Nous; 5.30 - Othello; 8 - Brazilius Quartet; 10.30 - Francis; Do 24: 2.30 - Le Bal; 5.30 - Beethoven's Nephew; 8 - Saving Grace; 10.30 - Monty Python.


PAMMA REDS

BO

*Vry en Sat:*
Larry Amos and The Naughty Boys

*Wo:*
Neil Solomon en The Passengers

*Don:*
Fat City

ONDER

*Vry en Sat*
Delia Layton

*So:*
Pierre van Staden

*Di:*
Colin Shamley

*Wo:*
Ian McCormick

*Don:*
Annie


# McCartney nog vars op 46

HAKKAS

**Charles Leonard**

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**

**Queen Elvis - Robyn Hitchcock 'n' the Egyptians (10)**

Amerikaanse studente se musieksmaak verskil nogal drasties van die res van hul landgenote s'n. Daar is heelwat meer Britse musikante wie se plate op die Gavin Report se trefferparade verskyn. Die Gavin Report, wat in die Rolling Stone geplaas word, word gegrond op die lugtyd wat plate oor kollege-radiostasies kry. Kunstenaars soos Lou Reed, Elvis Costello en XTC se musiek doen goed op dié trefferslys.

Queen Elvis pryk ook hoog op dié lys.

En nie verniet nie. Dit is briljante, sagte, luisterbare rock. Nie noodwendig die soort wat jou met 'n eerste luister oorrompel nie, maar na die derde maal kan jy dit eenvoudig nie van jou draaitafel afhaal nie.

Hitchcock se lirieke is uit 'n ander wêreld. Hy het, om 'n understatement te gebruik, 'n minder gewone wêreldvisie: "Oh the veins of her Majesty the queen/ They're so regal and serene/ How I'd love to say I'd been/ Down the veins of her Majesty the Queen/ Tunnel down her beautous sheen/ And tell everyone I'd been" (Veins of the Queen).

Sy liefdesliedjies is pragtig: "Somewhere in the autumn air/ I can smell you everywhere beside me/ Though your face has disappeared" (Autumn Sea).

Hitchcock het al, sover ek weet, omtrent ses langspelers vrygestel. As jy een in die hande kry, koop dit sonder twee keer dink. Dit is bitter jammer dat dié ongelooflike kunstenaar en sy groep Egiptenare (nog) nie wyer as die Amerikaanse studente se trefferparade groot gewildheid behaal het nie.

**Flowers in the Dirt - Paul McCartney (8)**

Daar is waarskynlik min 46-jarige musikante wat Paul McCartney kan nadoen met so 'n vars, genoeglike plaat soos dié. Maar dan is daar waarskynlik ook bittermin musikante van 46 jaar oud oor.

Flowers in the Dirt is Macca se agtiende plaat en hy kielie jou oortromme met twaalf nuwe komposisies - vier daarvan het hy saam met die ander meester Elvis Costello geskryf. Ander vriende wat uithelp is David Gilmour, Peter Gabriel se kitaarspeler David Rhodes en die Average White Band se sanger en kitaarspeler Hamish Stuart.

Daar is liefde, humor en sommer net liedjies oor die wonder van die alledaagse lewe.

Macca-hulle laat jou besef dat die son nog skyn. Ek wonder wat sy ou stalmaat John Lennon hiervan sou dink. Ek is seker hy sou beïndruk gewees het.


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son — Robbie Jansen

Dins, Wo, Don — Jahnito

Tel: 836-6002/838-1769




**Nandi Nyembe in Susan Pam se Curl up and Dye wat ewe skielik as een van die gewildste voorbeelde van "relevante" teater ontpop het. En dis hoekom die speelvak by die Black Sun met vier weke verleng is. Die stuk handel oor die bewussynsverskuiwings van die jafel-agtige "regulars" in 'n grysgebied-haarkappersalon. Dit het ver verby die gewone leftie-proteste, vervelige skuldbelaaide vingerwysings en kwasi-revolusionêre cliches gevorder - met intelligensie, die vrugte van deeglike navorsing en goeie HUMOR (vir 'n verandering). Suid-Afrikaners wat hulle sout werd is moet dit nie mis nie. Kyk in gidse.**

# Twintig koppe is beter as een



"Aaa, madam, nou gaan jy vrek, madam" hoor die arme pop uit die mond van haar bediende, gespeel deur Arthur Molepo

**Tooth and Nail, werkswinkelproduksie van die Junction Avenue Teatergeselskap, met poppe van die Handspring Puppet Company. In die Laager by die Markteater. Resensie deur VICTOR MUNNIK**

WAT gebeur wanneer twintig outeurs aan een toneelstuk skryf?

Die gehoor kry toegang tot 'n kollektiewe bewussyn waarin 'n hele gemeenskap se drome en vrese kook.

Tooth and Nail begin met 'n wrede klein pop-operette wat gegrond moet wees op 'n verwarring tussen Michael K en July's People. Net voor die worshond aan die hand van die bediende ('n wreed-vrolike en baie vermaaklike Arthur Molepo) sterf, sien hy - die bediende - 'n vloed aankom.

Vir die res van die stuk word hand en tand ("Tooth and Nail") teen hierdie vloed geveg. Is dit bloed? Is dit 'n ontploffing? Is dit die revolusie? wil 'n eksistensialisties geplaagde rooikopkugel ('n nogal obsessiewe Megan Kruskal) van haar minnaar weet.

Hy (die innemende Gladwin Marumo) wonder weer of hy 'n yuppie is, maar die aktivis (stewige Ramolao Makhene) wat vuiste van vuur uitdeel, stel hom gerus: die struggle is oral. Ja nè.

Wanneer die voorvadergeeste bykom, stel hulle in plegtige Ingmar Bergman-aksente (en hulle is dalk Noors, verlore Vikings of iets) die saak van diegene wat deur Noag agtergelaat is toe die groot Bybelse vloed gekom het. Hulle is agtergelaat weens die onsuiwerheid van hulle bloed, sê die geeste, en dan word Noag gedekonstrueer totdat hy groter as die lewe deursigtig word.

Dekonstruksie, teater-van-wreedheid vigilantes wat vreesaanjaend deur die teater storm en die spookprofete van die vrye mark, hervorming en revolusie sonder einde - tesame met inheemse strydvaardige toesprake ('n les in die geskiedenis van politieke organisasie, gebou om die metafoor van die ark), toyi-toyi en die ironiese gebruik van 'n vorm wat ek herken as History Workshop: "At my baptism I was called Kate, but my real name is..." ...Mshwashwa Bo-ietsie-ietsie, baie moeilik vir whiteys om te verstaan... (deur die pragtige, waardige Daphney Hlomuka)...um is presies die oorweldigende vloed van teatergebeure wat 'n mens laat dink dat jy toegang gekry het tot 'n gemeenskap se onderbewussyn.

Maar ek moet net sê: hoewel ek baie bly is oor die dramatiese besinning oor kunstenaarsvryheid in 'n sosialistiese (hopelik nie-Stalinistiese) toekoms, was die manier waarop dit deur Basil Jones gedoen is, nie altyd lekker nie.

Tooth and Nail is 'n wonderlike kombinasie van filosofiese opstand teen hiërargie en praktiese omverwerping van apartheid - en lekker teater.

Dit verskil radikaal van die produk van die enkele verstand wat êrens, soos Nietzsche gesê het, sy derms teen 'n tafel vasdruk terwyl hy skryf.

# 'Dis Afrika. Dinge is anders hier'

**Kompromieresensie deur CHRIS DU PLESSIS**

KILL SLADE moet onder geen omstandighede gemis word nie (dit word vandag deur Nu Metro vrygestel). Want hierdie prent is die finale bewys van die belaglike drek wat die Amerikaners opgedis het met behulp van die belastingvoordele op rolprente wat oor die afgelope vier jaar in Suid-Afrika vervaardig is.

Nog 'n rede om te gaan kyk is dat hierdie swaksinnige gemors skreeusnaaks is.

Dit speel alles af in Congella, dié mees patetiese boikot-skuilnaam vir "iewers in Afrika" ooit. Behalwe miskien vir die dorp Limbasa, waar ene Jennifer Jameson (Lisa Brady "also guest star on such TV series as Knots Landing and Paper Dolls") gerugte oor die onderskepping van kosvoorrade wat die Verenigde Volke aan Afrika stuur, ondersoek. Wonderlik nuuswaardig en sosiaal kuis.

Sy openbaar haar agterdog aan ene Kostas voor sy agterkom hy is die baas van die bende van onderskeppers.

Sy is nie net ongoddelik dom en naïef vir 'n wêreldberoemde joernalis nie. Sy is ook heeltemal te mooi, op 'n Miss All-American Model of the Year manier. Nietemin, as 'n komedie-aktrise in ernstige rolle behoort Brady nog ver te kom.

Kostas en sy hoof-handlanger Flannigan (gespeel deur arme Danny Keogh wat sy bes probeer om die fliek te red... en misluk) besluit om JJ te vermoor.

Hulle huur 'n oud-huursoldaat (wat lyk soos 'n 7th Avenue boetiek-eienaar in "bos-klere") om haar te ontvoer. Sy dialoog is vol Bond-agtige pittighede-onder-gevaar wat snaakser word hoe minder dit werk. Hy vermoor haar nie. Hulle raak verlief.



Mik hoog - val hard: Danny Keogh as die nuutste slagoffer van die Amerikaanse rolprentgety

JJ en Slade se bewaarder-gevangene aantrekking tot mekaar word geleidelik deur die onnutsige (Oe!) wedersydse "beledigings" ontbloot in 'n aaklige parodie van die macho veertigerjare.

Slade ken Afrika. JJ, die sogenaamde "tough cookie" joernalis, skrik gedurig vir die rowwe terrein. Slade red haar keer op keer.

En keer op keer vra sy 'n dom vraag as sy weer veilig in sy arms is. En keer op keer sê Slade slegs: "This is Africa. Things are different here". Die hele prent is gepeper met "jungle"-clichés en ly erg aan die Ooga Booga-sindroom. Mistiese toordokters (Slade KEN hulle maniere), krokodille... weet mos.

Maar die snaakste van alles is Flannigan se vreesaanjaende bende albinos wat op die paartjie se spoor geplaas word. Soos 'n groep brandsiek recces draf hulle gedurig heen en weer oor die silwerdoek. Hulle praat min. Hulle weier dat mense hulle oplaai. Hulle dra "onheilspellende" Raybans (sonbrille). En hulle arms beweeg vir een of ander rede nie as hulle rondbeweeg met die geheimsinnige solidariteit en kameraderie wat gewoonlik net by lede van grootbek skoolbendes voorkom nie. Ek dink hulle is die "Wild dogs" of iets genoem...

Nee, watse gemors die huidige subsidie-sisteem van die regering ook al mag opdiep, ons kan die sterre dank dat hierdie soort twak iets van die verlede is. Hoe snaaks ook al.

# *Aaa marimba! Jazz!*

HOOR julle die magtige dreuning?

Dis die Chorimba and African Jazz - the sound of a new South Africa - wat tot 6 Augustus in Athlone, Kaapstad aangebied word deur MAPP - Musicians' Action for People's Power.

Koormusiek is 'n ou en gevestigde tradisie in Suid-Afrika. By die konsert word hierdie tradisie verteenwoordig deur die Langa Adult Choir, wat uit 80 mense bestaan. Hulle was al twee keer wenners van Ford se Koorkompetisie (in die Wes-Kaap) en werk nou saam met gemeenskapsorganisasies.

Ewe Suid-Afrikaans is Afrika-jazz, wat deur groot geeste soos Abdullah Ebrahim en wyle Kippie Moeketsi geskep is. Die jazz-groep by die Mapp-konsert is die Tete Mbambisa Kwintet, met Tete Mbambisa op die ivoor, Psyche Ntsele op bas, Maciek Schejbal op dromme en perkussie, Ezra Ngcukana op saksofoon en Richard Schilder ook op klawers. En sewe marimbas! Hoewel die marimba nie regtig 'n Suid-Afrikaanse instrument is nie, is dit aangegryp deur Suid-Afrikaners. Heshoo Beshoo is 'n toegewyde groep wat jazz, pop en Afrika-musiek uit hul sewe marimbas tower.

Die musikale direkteur van die produksie is Duke Ngcukana, koördineerder van Mapp se musiekskool.

Die konsert word tot 6 Augustus aangebied in die Joseph Stone-saal op die Klipfonteinpad in Athlone, elke aand om agt-uur. Saterdagmiddag drie-uur is daar 'n ekstra vertoning.

Kaartjies kos R8.00, maar groepe van meer as tien kan onderhandel vir afslag. Bel (021) 637-8116 of 637-8180 vir meer inligting.


After Dark
RESTAURANT
Queenstr. 80
Pretoria Sentraal
Tel: 325-6613

Ons is van Maandag tot Vrydag vir middagete tot laat snags

Aandetes op Saterdae en Sondae

Bel ons asseblief vir inligting oor vermaak by (012) 326-6613 of 26-0724




# Ziets sing vir Gereformeerdes

**LANGBEEN Elzabe Zietsman span Saterdagaand haar talente in ten bate van die Gereformeerde Kerk Johannesburg se Behuisingsprojek vir Christen-jongmense. Sy onderbreek daarvoor haar vertoning saam met Casper de Vries by die restaurant After Dark in Pretoria. Die kabaret, in die vorm van 'n bistro-aand, word om agt-uur in die Braamfontein-ontspanningsentrum aangebied. Kaartjies kos R10.00 en wyn kan by die deure gekoop word.**

Bel (012) 403-1245 om te bespreek.

Vanaand en Sondagaand tree sy nog by After Dark op in The Drivel and the Songs.

Dit is 'n vertoning wat goed deurdag is, skryf GWYNNE WRAY.

En as dit lyk na selfbewuste sosiale kommentaar, dink maar net oor hoe perfek dit inpas by die stad waar die vetoning aangebied word.

Die verhoog lyk erg: gemaklike chroom en swart, opgestopte meubels.

Zietsman pronk en toring uit bo die klein De Vries, maar sy skerp tong slaan deur selfs terwyl Zietsman kommentaar lewer op 'n man wat dwarsdeur die vertoning aanhou lag: "Dis natuurlik omdat hy weet van die NP se vyfjaarplan..."

En later kwinkslag hy: "Die Nasionale Party: the quest for zero effect."

De Vries se ondeunde geklets is baie slim en baie snaaks, die liedjies is goed gekies en 'n mens kan nie anders om nog veel van dié paartjie te verwag nie.


TRUK TONEEL
AS YOU LIKE IT
Regie: FRANCOIS SWART
met Jeremy Crutchley, Fiona Ramsay, Michael Richard
"Koel en klassiek" - Star
Alexander-teater: 12 Aug — 2 Sep
THE BLACKS
deur Jean Genet
Regie: DIETER REIBLE
Windybrow: tot 12 Aug
Momentum,
Staatsteater Pretoria:
18 — 26 Aug

# Was Shakespeare groter as Carème?



EK vind dit vandag moeilik om hierdie rubriek te skryf. Een of ander aap het laasnag my kar gesteel waaraan ek onlangs 'n groot klomp geld bestee het. In die kar was 'n paar van my beste kookboeke en 'n manuskrip van 'n uitgewer wat ek moes redigeer.

Ek wil die dief vra om asseblief die volgende boeke by Vrye Weekblad af te lewer: The Cuisine of Paul Bocuse, Classic Italian Cooking deur Marcella Hazan, en Ada Boni se boek oor Italiaanse kos. Kan hy asseblief ook my hotelskoolnotas oor gaarmaakmetodes, my Huishoudkunde-woordeboek en die manuskrip terugbring.

Indien hy dit nie doen nie, hoop ek ten minste die dief leer kook. Dit sal 'n jammerte wees om goeie kookboeke in die asblik te gooi.

Ek voel soms skuldig om oor hogere kos te skryf in 'n land waar baie broodgebrek ly. Maar my liefde vir goeie kos kan ek eenvoudig nie afsweer nie. Dis 'n passie wat my nie wil los nie. Ek wil nie eendag doodgaan sonder dat ek 'n klein restaurantjie oopmaak nie.

Die kos sal Franse kos wees. Daar sal hier en daar 'n hogere gereg wees, maar ook eenvoudige geregte van die Franse platteland. Ek wil ook 'n Suid-Afrikaanse gereg of twee op die spyskaart sit: Ek sal my eie boerewors maak, want goeie boerewors is 'n wonderlike gereg.

Dit sal 'n bistro-tipe restaurant wees, want die kos raak te duur in deftige restaurante. Die gewone man moet ook my kos kan bekostig. En as hy net sop wil eet, kan hy net sop eet.

Die spyskaart sal nie groot wees nie. Ek sal hard werk en met liefde my kos kook en voorsit.

"Jy kan net goed koskook as jy met liefde kook en vriendskap en broederskap om jou tafel kweek." Hierdie wysheid kom van Fernand Point, daardie ou guru wat in die laat vyftigerjare dood is en onder wie 'n groot aantal van vandag se topsjefs gewerk het.

Ek is 'n skaamtelose aanhanger van Franse kos, hoewel ek enige goeie kos waardeer. Ek dink die Franse kookkuns is een van die rykste kultuurgoedere van die Westerse wêreld, en hiermee sluit ek letterkunde, kuns, argitektuur ens. in.

WEG Louw het in 'n voorwoord vir een van Leipoldt se kookboeke die kookkuns op 'n effe laer trappie as ander kunsvorme geplaas. Ek wil van Louw verskil. Wat maak Shakespeare groter as Carème, daardie geniale grondlegger van die Franse kookkuns?

Oubaas Carème het uitsluitlik sy eie resepte in sy kookboeke geplaas: Hy kan met 'n groot uitvinder vergelyk word. Hy was 'n genie wat 'n kombuis soos 'n orkes bespeel het. Sonder Carème sou die Franse kookkuns nie naastenby gewees het waar hy vandag is nie.

Ongelukkig het ek nou nie die regte aanhaling hier nie, maar Carème het iets in dier voege gesê: Die bakkerskuns is die hooftak van die argitektuur. Moontlik het hy dit nie ernstig bedoel nie.

Kyk, die Franse was op hulle dag barbare wat niks van goeie kos af geweet het nie. In die dae van die De Medici's is die beste kos in Europa in Italië aangetref. Toe die De Medici's om politieke redes Frankryk toe vlug, het hulle hul sjefs saamgeneem.

Die Franse het by hulle leer kook, en toe hulle die snuf in die neus kry, het hulle 'n revolusie in die kookkuns teweeggebring.

Italiaanse kos was nog altyd redelik eenvoudig. Die Franse het metafisika van kos gemaak - ingewikkelde souse, ellelange resepte - maar interessant genoeg is Franse kos vandag besig om weer eenvoudig te word.

Van vandag se topsjefs, soos Michel Guerard en die Roux-broers, kook steeds ingewikkeld, maar ander soos die Troisgros-broers (een is 'n rukkie gelede dood) kook bitter eenvoudig. Mens wil lag as jy na die Troisgros-broers se resepte kyk - dit lyk of dit vir kinders geskryf is.

Maar die geheim lê in die bestanddele. Die Troisgros-broers gebruik net die heel beste produkte wat hierdie planeet oplewer. Al gebruik ons hul resepte en ons beste bestanddele, sal ons kos nooit soos hulle s'n smaak nie.

Ek het een keer vir Etienne Bonthuys by Buitenverwachting gevra hoe sy restaurant met die bestes in Europa vergelyk. Ons het oor die Michelin-stelsel gepraat wat aan restaurante een, twee of drie sterre toeken. Daar is net 24 of 25 driester-restaurante in die wêreld, die meeste daarvan in Frankryk. (Die afgelope paar jaar het 'n Italiaanse en 'n Japànse restaurant ook drie sterre gekry.) Daar is heelwat meer tweester- en eenster-restaurante.

Etienne sê toe sy restaurant kan nooit naby 'n eenster-restaurant kom nie. Ons plaaslike bestanddele is net nie goed genoeg. Die Franse het alles, het hy gesê nie. Die beste vleis, die beste wyn, die beste seekos, die beste groente, die beste ...

Miskien wil julle wil weet waarom ek vandag my kaarte op die tafel sit en my ongeveinsde hartstog vir Franse kos uitspreek. Dit is omdat my kar gesteel is. Binne-in my kar was my aantekeninge oor gaarmaaktegnieke, waaroor ek vandag wou skryf. Ek skryf op 'n ander dag daaroor.

Mooiloop, en kook met liefde.

**KOOS COETZEE**

# Malans is vindingryke mense

**BJ LANKWARDEN skryf oor Simonsig-landgoed**

TE goed bekend maak dikwels onbemind in die wynwêreld. Party mense soek altyd daardie spesiale skaars wyn op 'n wynlys en laat staan die bekende wyne. Arme mense!

Hulle moet onthou dat 'n restaurateur sy wynlys gou verander as hy sien 'n produk verkoop nie. Daarom is daardie name op die lys: Hulle verkoop so goed want hulle smaak so goed.

Een van die algemeenste name op wynlyste is dié van Simonsig-landgoed, maar moenie jou neus vir hul wyne optrek nie.

Simonsig het 'n groot wynreeks. Dit is een van die grootste wyneiendomme in die land en hulle het rooi- en witwyne in verskillende style en smake.

Eienaar Frans Malan, een van die stigters van die Wynroete, het nou drie seuns saam met hom op die plaas en hulle doen goeie werk.

Wynmaker Johan sal baie mense verbaas met die uitstekende gehalte rooiwyne wat nou deur Simonsig geproduseer word.

'n Hele tydjie terug het ek 'n goeie wyn, Simonsig Shiraz 1984, geproe. Ek was verbaas aangesien die plaas nie vir sy shiraz bekend was nie. Toe die wyn later geproe is, was dit eenvoudig verbluffend. Ryk rooiwyn met baie vrugtigheid en 'n stylvolle, goeie houtsmaak.

Ek dink dit is die beste shiraz wat nog in Suid-Afrika gemaak is. Simonsig het nog nie weer so iets geproduseer nie, maar dit kan te doen hê met die wispelturige 1985-wynjaar.

Jy kan ook baie vriende maak met die 1984 Cabernet Sauvignon. Dit is duidelik dat daar vanjaar groot wyne op die landgoed gemaak is.

Die Adelberg is 'n baie drinkbare, aangename rooiwyn en is meesal 'n veilige keuse.

Daar is 'n groot keuse droë en soet wyne op Simonsig se wynlys. Aan die droë kant is daar die gewilde Vin Fumé, 'n wyn wat nou beter smaak as vier jaar gelede. Miskien het ek daaraan gewoond geraak maar ek dink dat hulle meer aandag daaraan gee of die versnit verander het. 'n Baie veilige wyn.

Vir hulle wat iets spesiaals wil hê is daar die 1988 Simonsig Chardonnay. Hier is die towerkuns wat so goed gewerk het met die 1984-wyne weer terug en versamelaars van ernstige wyn moet dit nie misloop nie. Hierdie wyn sal baie gesog word nadat jy die eerste bottel geproe het.

Die Malans is vindingryke mense. Frans is nog daar om sy teenwoordigheid te laat voel, sy seun Johan maak die wyn en Pieter doen die bemarking. Hy doen dit met entoesiasme en kry daarom resultate. Francois sien na die wingerde om.

Dit is duidelik dat ons meer van dié plaas sal hoor. My raad is dat jy Simonsig se wyne op wynlyste en in drankwinkels soek aangesien hulle interessant en goeie waarde vir geld is.

Die soet wyne van Simonsig is dikwels uitstekend en daar is planne om die reeks te verklein sodat die publiek makliker kan kies.

Die volgende wyne gaan uitgefaseer word: Bukettraube, Morion Muscat, Muscat Ottonel, Kerner en Mistelle, wat 'n gefortifiseerde wyn is.

Dié uitfasering is slim aangesien hierdie druifsoorte nie die klassieke soort is nie. Kultivars soos bukettraube en morio muscat moet vermy word. Kerner bereik ook selde groot hoogtes in ons land.

Simonsig, wat naby Stellenbosch in ons voorste wyngebied lê, moet konsentreer op klassieke variëteite wat hulle soveel beter as ander produsente kan lewer. Indien hulle dit doen, het hulle 'n goeie toekoms.


HARRIDANS RESTAURANT
by die Mark-Teater
GEKIES AS EEN VAN DIE TOP TIEN-RESTAURANTE AAN DIE RAND
Ons is oop Dinsdag tot Vrydag vir middag- en aandete
Saterdae slegs aandete
Mark-Teater
Breëstraat, Newtown
Telefoon 838-69660



THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER



ONTHOU
Koala Blu Restaurant
is elke middag en aand oop
482-2477/8
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië




## ETE EN DRINKE

# Roosmaryn hou nagmerries op stal

INDIEN bose geeste jou kwel en lastig val, bied die magiese roosmaryn die uitkoms. Plant die krui in die hoeke van jou tuin, en slaap rustig.

'n Roosmaryntakkie onder 'n kind se kopkussing behoort ook die nagmerries op stal te hou.

Die Grieke en die Romeine het roosmaryn - die Tswana's gebruik Mphephu - as wierook by hul godsdienstige feeste gebrand om die "vibes" reg te kry.

**Krui vir jou...**



Rosemary

**Rosemarinus officinalis**

Maar roosmaryn verdryf nie net die boosheid nie. 'n Roosmaryntakkie in die hare of 'n koppie roosmaryntee vóór 'n eksamen sal die geheue opkikker. (Onnodig om te sê: moenie vergeet om ook 'n bietjie te studeer nie.)

Roosmaryn word gebruik in die behandeling van hartkwale, en 'n sterk tee - met heuning versoet - behoort hoofpyne doeltreffend teë te werk.

Roosmaryntee kan ook verligting bring by menstruele pyne, moegheid, swak bloedsirkulasie, lae bloeddruk en senuspanning.

Volgens Margaret Roberts word roosmaryntee vandag met welslae gebruik in die behandeling van skeelhoofpyne, geelsug, floutes, sirose van die lewer, galstene, rumatiek en vetsug.

Maak 'n treksel van die bloeiselpunte, 30 - 50 gram per een liter kookwater. Bedek en laat trek vir 10 minute. Drink 'n koffiekoppie opgewarmde tee, versoet met heuning, ná maaltye. In gevalle waar die lewer aangetas is, drink 'n teekoppie vol voor ontbyt en aandete, en 'n koffiekoppie vol voor middagete.

**RYK HATTINGH**

# Kanadees skryf uit SA bediendekamer

**Na 'n opwindende maar siellose lewe as internasionale model vir modebase soos Johnny Casablancas het die Kanadees Colleen Craig een aand - sewe jaar gelede - in Parys 'n Suid-Afrikaner ontmoet.**

**Sy het hierheen verhuis en haar indrukke begin neerskryf. Mavis Taylor so beïndruk met haar sienings oor die land en oor vroue dat sy een van haar toneelstukke eersdaags by die Baxter op die planke gaan bring.**



Colleen Craig

**Marion Tom**

'n TOEVALLIGE ontmoeting sewe jaar gelede met 'n Afrikaner in Parys het die Kanadese dramaturg, Colleen Craig se lewe verander.

Haar eerste toneelstuk "Crossing the Line" begin op 10 Augustus by die Baxter-Teater in Kaapstad. Die stuk weerspieël die indruk wat hierdie land met al sy desperaatheid, ironie en uitdagings op haar gemaak het. As 'n mens dink dat die meeste oorsese mense die Republiek in dieselfde kategorie as ander oorloggeteisterde gebiede soos die Libanon of Nicaragua plaas, wonder 'n mens wat het Suid-Afrika wat ander lande nie het nie.

"Na twee jaar in Parys, was ek op pad terug na Kanada. Terug na 'n goeie werk, na ten minste tien afstandbeheerde kanale op televisie, na 'n elektroniese motorhuisdeur, na luukse winkelsentrums met lewendige dolfyne en 'n gemaklike voorstedelike lewe.

"En toe, sjoe, is daar net hierdie intense vriendskap (wel, eintlik verhouding) en die moontlikheid om na 'n plek te gaan wat ek nog nooit aan gedink het nie. Ek het met 'n drie maande-kaartjie gekom en nooit die retoerdeel gebruik nie."

Toe Colleen in Suid-Afrika aankom het sy besef dis anders as enige ander land waar sy voorheen was - en sy het al in baie lande in Europa en die Verre Ooste gewoon.

"Op die oppervlak lyk dit baie soos by die huis. Maar ek het gou besef dat daar onder hierdie beskaafde oppervlak komplekse politieke en persoonlike onrus is.

"Die mense wat ek ontmoet het, was ontevrede. Hulle vra vrae en worstel met lewensbelangrike vraagstukke wat jong Kanadese nooit eers aan dink nie.

"Ek het mense met allerhande verskillende politieke oortuigings ontmoet. Ek het ook baie tyd saam met Afrikaners deurgebring en het baie van hulle taal geleer en verstaan nou hoekom hulle anders as Engelssprekende Suid-Afrikaners is."

Dit is verstaanbaar dat Colleen as skrywer deur hierdie milieu geboei is.

"Dit het my vier jaar geneem voor ek iets geskryf het. Suid-Afrika is 'n baie komplekse land en ek het gevoel ek is nog nie reg om daaroor te skryf nie.

"Ek het eers kortverhale wat hier afspeel geskryf en toe vir die teater begin skryf."

Sy het "Crossing the Line" begin skryf toe sy agter in iemand se tuin in Johannesburg gewoon het.

"Die hele idee van "bediendekamers" het my gefassineer. Sommige is so groot soos tuinhuisies, party het geen elektrisiteit- of watergeriewe nie en tog woon 'n hele bevolkingsgroep in sulke kamers agter in gerieflike wit tuine."

Crossing the Line speel af in twee sulke bediendekamers. Die een is 'n nuut opgeknapte kothuis waar 'n kunstenaar en haar aktivissuster woon en die ander die bouvallige een van die bediende en haar vriende.

"'n Mens sien nie eintlik die bediende op die verhoog nie, net haar skaduwee en hoor die stemme in haar kamer. Ek voel dit gee perspektief aan alles wat in die ander kamer plaasvind. Ek probeer die omstandighede waarin vroue leef, te ondersoek. Ek dink vroue se lewens is baie interessant. Daar is baie konflik in die stuk met karakters wat insig kry in hulself en in hul motiewe oor wat hulle in Suid-Afrika doen."

Belinda Koning, Michele Maxwell, Ingrid Emslie, Gaynor Young en David Haynes speel daarin.

# 'n Eeu se houtkuns opgesom in 144 beelde

**Images of Wood: aspects of the history of sculpture in twentieth-century South Africa, by die Johannesburgse Kunsmuseum tot 13 Augustus, word bespreek deur JOHAN BRUWER**

AS jy hou van visuele stimulasie, gaan maak gerus 'n draai by die tentoonstelling Beelde van Hout in die Johannesburgse Kunsmuseum, want anders gaan jy later spyt wees dat jy dit misgeloop het. Die 144 beelde wat hier byeengebring is, gee nie net 'n boeiende beeld van die geskakeerde verskeidenheid van die huidige eeu se beeldhoukuns in Suid-Afrika nie, maar laat 'n mens opnuut verstom oor die verrassende moontlikhede van die medium.

Die werke wat deur Elizabeth Rankin gekies is, boei nie net uit 'n kunshistoriese perspektief nie, maar is deurgaans van so 'n hoë gehalte dat 'n mens kort-kort met 'n skielike opwelling van plesier of ontroering in jou spore vassteek.

Hoe breed die spektrum van uitdrukkingsmoontlikhede is wat verteenwoordig word, word onderstreep wanneer jy twee stukke van vergelykbare grootte en kompleksiteit vergelyk: Noria Mabasa se Carnage II en Willem Boshoff se Tafelboek.

Albei vul min of meer dieselfde vloerruimte - maar die ruimtelike ervaring waarby hulle die kyker betrek, is volslae verskillend.

Boshoff se werk bestaan uit talle houtbalkies wat vernuftig aanmekaargeheg is om 'n plat tafel te vorm wat oopgevou kan word. In die oopgevoude vorm word die tafel 'n stad of 'n Sasolburg: 'n hoekige konstruksie van vertikale en horisontale lyne wat danksy die houtmedium 'n organiese lewenskrag uitstraal. (Dieselfde konstruksie in metaal sou 'n heel ander aanslag gehad het.)

Die bedrywige lynstruktuur van Boshoff se werk wek die indruk van knetterende energie. Daarenteen vloei die sagte rondinge van die krokodil en mensfigure in Mabasa se werk saam in 'n geheel wat 'n weemoedig stil stemming skep.

Die beeld, wat vir verlede jaar se Kaapstadse Triënnale geskep is, herdenk die verwoestende effek van die oorstromings in Natal.

Anders as Boshoff se beeld, waarin die serebrale geometrie van 'n tegnologiese wêreld op die houtmedium oorgeplaas is, "groei" Mabasa se figure uit die natuurlike rondings en krommings van die vyehout waaruit dit gesny is.

Die sagte tekstuur van die ongepoleerde hout herinner aan opdrifselhout en versterk die simboliek van die vloed.

Tussen dié twee teenpole van geometriese abstraksie en organiese ekspressiwiteit bied die tentoonstelling 'n wye reeks ervarings wat 'n mens maklik 'n dag of meer geboei kan hou. Die houtmedium is as tema gekies omdat dit 'n baie ou tradisie in Suid-Afrika het.

Rankin noem tereg in haar katalogus dat vroeë "gebruiksartikels" soos waterpotte en kopstutte van hout nie net as "handwerk" nie, maar ook as beeldende kuns gewaardeer moet word. Dit geld nie net stukke wat figure uitbeeld nie, maar ook geometriese abstraksies soos die pragtige Swazi- of Nguni-houtpot (no 9).

Dit is ook boeiend om te sien hoe 'n vroeë stuk "volkskuns" soos die Merry-go-round" (voor 1898), wat met 'n slinger gedraai kan word, latere ontwikkelings soos die "kinetiese beeld" sou vooruitloop.

Die tentoonstelling en die katalogus is omvangryk genoeg om 'n goeie indruk te gee van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse beeldhoukuns in dié eeu en illustreer die invloed wat verskillende opleidingsentra en individuele leermeesters gehad het. Dit is gevul met soveel lewenskrag dat selfs die toevalligste besoeker nie koud gelaat kan word nie.



## Amadeus is terug!

**Wolfgang Amadeus Mozart was 'n aantreklike kind, maar hy was 'n verwaande en ongepoetste man, was die regisseur Milos Forman se beskrywing van die hoofkarakter in die prent Amadeus, wat nou vir die tweede keer, na vyf jaar in SA uitgereik word. Forman, van One Flew Over the Cuckoo's Nest- en Hair-faam, het destyds die land besoek om die prent bekend te stel. Rolprentkritici was verdeeld oor die prent, sommiges het gemeen dit was parmantig en meesterlik, ander het weer gemeen dit was vulgêr en neerhalend. Volgens Forman het hy die gees van Mozart presies vasgevang, hoewel hy doelbewus 'n "jeugdige, Amerikaanse" aanslag gehad het. Amadeus se benadering van klassieke musiek en opera is verfrissende nie-elitisties. Links is F Murray Abraham as Salieri**


die week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard
Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulan Seiphemo.

UPSTAIRS-TEATER
IN A DIFFERENT LIGHT
deur Reza de Wet
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
TOOTH AND NAIL
"Antagonismes en liefde..."

WAREHOUSE BY DIE MARK
INYANGA WOMEN OF AFRICA
Dins tot Vry: 8nm
Sat: 6nm tot 9nm Son 6nm

KIPPIES BY DIE MARK
Dins - Don: 8.30 (Ingangsfooi R6)
Vry - Son: 8.30nm (Ingangsfooi R8)
TSIDI LELOKA met ANANSI

MARKGALERYE
Groot Galery
Peter Magubane
Kinderarbeid in Soweto
Klein Galery
David Goldblatt
Kwandebele Foto's

EKSPERIMENTELE MUUR
Sunprints deur David Barkham

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm, en op Sondag van 9vm op die Mary Fitzgerald-plein

## MUSIEK

### Kaapstad

**Base: Vanaand, Saterdag- en Sondagaand tree Bayete op en Woensdagaand is weer reggae-aand.**

**Tatler's, Silversands, Seepunt: Rumours speel vanaand en Saterdagaand. Sondagaand is Jeff Weiner en Mainstream aan die beurt. Rumours tree weer Woensdag- en Donderdagaand op.**



**Ntemi Piliso van die Jazz Pioneers**

# Pioneers in Melville

**Jameson's Bar,** Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Briljante Kaapstadse mbaqanga/klopse jazz- veteraan Robbie Jansen speel vanaand, Saterdag en Sondagaand. Van volgende Dinsdag af is die groep Jahnito aan die beurt.

**Koala Blu,** Melville: Jazz elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

**Roxy Rhythm Bar,** Mainstraat, Melville: Vanaand: Die fantastiese African Jazz Pioneers is terug uit die buiteland. Saterdag: Jack's Band. Maandag: Wendy Oldfield. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Rush Hour. Donderdag: The Jive.

**Kipples,** Markteater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. Tsidii Leloka sing elke aand tot 13 Augustus.

**Harbour Cafe:** Rockeystraat. Net om te RELAX met ander leep-oog pseudo-intellektueles. Goeie kos. Swak bediening. Nice ou en nuwe musiek. Beste laatnagplek in die dorp.

**Panama Reds,** hv Hendrik Verwoerd en Jan Smuts, Crossroads winkelkompleks, Randburg: Bo speel Neil Solomon and the Passengers Woensdag-aand, Die Fat Cats Donderdagaand en Vrydag en Saterdag Larry Amos and the Naughty Boys. Onder speel Neil Solomon Vrydag- en Saterdag-aand

**The Junction,** h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies. Aanbeveel vir denkende jollers.

**The Thunderdome,** h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae.

**Rumours,** Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

**Late Nite Duke's,** Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Club Manzattan,** Moletsane, Soweto: Hoërinkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word.

**Idols,** bokant van Endstraat: Yuppie-paradys! Lang toue van baie entoesiastiese jollers buite. Almal irriterend mooi.

**King of Clubs,** h/v Marken Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

## TEATER

Malcolm Purkey en die Junction Theatre se werkswinkelproduksie **Tooth and Nail** is in die Mark se Laagerteater te sien tot 9 September. Om 8:00 nm.

Pieter Toerien bied aan:
**We and Them** - die verhaal van die hertogin van Windsor, gespeel deur Lena Farugia, by die Leonard Rayne-teater tot 9 September. Ook met Chris Weare; **Blithe Spirit** met Sandra Duncan, Vanessa Cooke en Paddy Canavan by die Alhambra-teater tot 9 September. In die André Huguenet-teater, Hillbrow, speel **Who Goes Bare** met Errol Hart, Eleni Cousins en Malcolm Terrey tot 5 Augustus. **Two and Two Make Six** begin op 11 Augustus in sy plek.

**My Children! My Africa!** die omstrede nuwe Fugard-stuk. Hoofteater, Markteater, Newtown.

By die Adcock-Ingram, Windybrow, wys Jean Genet se **The Blacks** geregisseer deur Dieter Reible met Peter Se Puma, Nomsa Nene, Solli Philander en Bill Curry. Maandag tot Vrydag om 8 nm en Saterdag 5:30 nm en 8 nm.

Elsabé Zietsman en Casper de Vries tree op by After Dark in Queenstraat, Pretoria. Tot 6 Augustus.

**Inyanga Women of Africa** by die Markteater se Warehouse. Vier vroue harmoniseer oor ons kontinent se vroue-kwessies. Tot 3 September.

Black Sun: (Louis Bothalaan - Orange Grove).
**Steve Newman en Edi Nederlander** tree vanaand en Sondagaand om 10.30 saam op. Nog 'n nuwe vertoning **Nice and Easy** deur Minouche Kaftel en met Waldo Malan op die klavier is Saterdagaand om 10.30 te sien. Tot 12 Augustus.

Die beste stuk in die stad tot dusver hierdie seisoen - Susan Pam se **Curl Up and Dye** - is terug! Met Val Donald-Bell, Lilian Dube, Nandi Myembe, Sue Pam en Debra Watson. Daagliks om 8.15 en Saterdag en Sondag om 5.30 en 8.30. **Puppet in a Bell Jar** met Isabel Smit, Anandre Stapelberg en Annecke Campbell is elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30 te sien.

**In a Different Light** deur Reza de Wet is in die Markteater se Upstairs tot 12 Augustus.

**Blonde Sisters** by Windybrow se Dalro-teater. Met Judy Broderick, Sue Marshall, Barbara Puren, Mandy Kunene en Brian Schimmel op die klavier.

### KAAPSTAD

Baxter-teater, Mainstraat: Hoofteater: **Die Osprey-filmfees** duur tot Saterdagaand en dan - van 7 tot 19 Augustus - is dit **Max Collie**. Stagedoor: **A Room with a Review** is verleng tot 12 Augustus. In die Studio is dit Pieter-Dirk Uys se **Just Like Home** tot 5 Augustus. Van 7 tot 26 Augustus is dit **Crossing the Line** met Belinda Koning, Michele Maxwell, Ingrid Emsley, David Haynes en Gaynor Young.

Nico Malan, Strandgebied: In die Teater is **Macbeth**, soos oorgeskryf deur Heiner Müller te sien tot 12 Augustus. Paul Slabolepszy se Grahamstad-treffer **Smallholding** word in die Arena opgevoer. Tot 19 Augustus.

## KUNS

**Kuns uit Venda** is tot 19 Augustus te sien by die Sanderling-galery in die Smalstraatkompleks.

**Johannesburgse Kunsmuseum,** Joubertpark, Kleinstraat: Beelde: Images in Wood. Duur tot 13 Augustus.

**Kim Sacks-galery,** Cavendishstraat, Bellevue: Klere, krale- en handwerk uit Botswana. Kuns van die San, Herero en Mbukushu.

**Markteater,** Newtown: Foto-uitstalling van Peter Magubane genaamd Child Labour in Soweto. Tot 5 Augustus.

**Gallery on the Market,** Newtown: Steve Cohen se uitstalling van suggestiewe meublement 'Living Room' duur tot 23 Augustus.

**Galery 21:** Izak de Villiers se uitstalling van skilderye en etswerke duur tot 12 Augustus.

**Natalie Knight-galery,** Hyde Park: Twee uitstallings: Changing Patterns in Black Life deur verskeie kunstenaars en Mirror Images.

**KAAPSTAD**

**Baxter-kunsgalery:** From the Centre is 'n nuwe uitstalling van drukwerke op papier en materiaal deur Philippa de Beer. Van 2 tot 26 Augustus. Nuwe tel: 685-7880.

**Gallery 709,** Adderleystraat: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en andere. Beeldhouwerke deur Eduardo Villa en David Brown. Ook bekende internasionale kunstenaars.

**Cape Gallery,** Kerkstraat 60: Galeryversameling van onder andere Ruth Squibb, Nico Verboom en Douglas Treasure.

**Kunskamer,** Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

**Gallery International,** St Georges-sentrum: Etswerke deur John Clarke.


NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 4 August - 10 August
OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
VILLAGE 44-6096
1 THE 'BURBS — Comedy (A) — Tom Hanks, Carrie Fisher — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 — AUGUST 7 & 10, 9.45 a m SOLD OUT
2 THE PRINCESS BRIDE — A Comic Tale of Love and Adventure (A) — Mandy Patinkin, Chris Sarandon — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 — AUGUST 10, 9.45 a m SOLD OUT
MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 Her Alibi — Romantic Thriller (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 TIMOTHY DALTON as IAN FLEMING'S JAMES BOND 007 LICENCE TO KILL (PG 2-10) — MON-SAT: 6.00, 8.30
150 POLICE ACADEMY 6 — A Riotous Comedy (A) — Bubba Smith, Michael Winslow — MON-SAT 6.00, 8.30
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 4 AUGUST-10 AUGUST BOOK AT COMPUTICKET
NU METRO CITY 1-8 CLAIM STREET 337-3033
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE 'BURBS — Tom Hanks, Carrie Fisher (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KILL SLADE — Patrick Dollaghan, Lisa Brady (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TEQUILA SUNRISE — Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
POLICE ACADEMY 6 — Bubba Smith, Michael Winslow (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MARKET ST. METRO 29-8493
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HYDE PARK METRO 447-3091
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BALFOUR PARK METRO 887-8548
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ALBERTON METRO 907-2362
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MOON WALKER — Michael Jackson, Sean Lennon (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEBA KLERKSDORP (018) 24564
SPLIT DECISIONS — Gene Hackman (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LICENCE TO KILL — Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 LICENCE TO KILL — Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) — MON-SAT: 6.00, 8.30
150 POLICE ACADEMY 6 — Bubba Smith, Michael Winslow (A) — MON-SAT. 6.00, 8.30
HILLBROW METRO 724-2511 1-7
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KILL SLADE — Patrick Dollaghan, Lisa Brady (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE 'BURBS — Tom Hanks, Carrie Fisher (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE PRINCESS BRIDE — Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
A TOUCH OF INFIDELITY — Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KILL SLADE — Patrick Dollaghan, Lisa Brady (A) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS — Tom Hanks, Carrie Fisher (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RANDBURG METRO 787-0340
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
7 ARTS NORWOOD 483-1680
MY NEW PARTNER — The French 'Beverly Hills Cop' (2-14) — DAILY. 2.15, 5.30, 7.45, 10.00
SHARE THEATRES 835-1704 1-8 BARAGWANATH RD.
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE — Harrison Ford, Sean Connery (A) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LICENCE TO KILL — Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAST RITES — Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KILL SLADE — Patrick Dollaghan, Lisa Brady (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RAIDERS OF THE LOST ARK — Harrison Ford as Indiana Jones (A) — DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
RIDING THE EDGE — Raphael Sbarge, Catherine Mary Stewart (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE BOYS NEXT DOOR — Maxwell Caulfield, Charlie Sheen (2-18) — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE — Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
CALL ME — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie (2-18) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE 'BURBS — Tom Hanks, Carrie Fisher (A) — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LICENCE TO KILL — Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
ROCKY III — Sylvester Stallone (A) — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Eric Stoltz THE FLY II Horror (2-18)


# Kaapstad


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 4 August - 10 August
STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 THE PRINCESS BRIDE — Romantic Comedy (A) — Mandy Patinkin, Chris Sarandon — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 Her Alibi — Romantic Thriller (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
4 Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 Her Alibi — Romantic Thriller (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
4 Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 Her Alibi — Romantic Thriller (A) — Tom Selleck, James Farentino — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 A Touch Of Infidelity — Comedy (2-14) — Ted Danson, Isabella Rossellini — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
OSCAR Adderley St. 45-2585
Call Me — Sex Thriller (2-18) — Patricia Charbonneau, Stephen McHattie — DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RONDEBOSCH METRO 685-4569
INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) — Harrison Ford, Sean Connery — DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 NICO — Action Thriller (2-18) — Steven Seagal, Sharon Stone — PLUS Three Fugitives — Comedy (A) — Nick Nolte, Martin Short — MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT. 11.00, 3.30, 8.00
2 TAP — Musical (A) — Gregory Hines — PLUS Emissary — Action (2-18) — Ted Le Plat — MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

## FILMS

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

THE GOOD MOTHER - Gegrond op die blitsverkoperboek oor 'n ma wat moet veg vir die behoud van haar dogtertjie nadat sy 'n verhouding met 'n kunstenaar aangeknoop het. Met Diane Keaton in die hoofrol.

WHEN I FALL IN LOVE - Met Jessica Lange, Timothy Hutton en Dennis Quaid. 'n Liefdesdriehoek.

***/*BAGDAD CAFE - 'n Verfrissende, fabelagtige moderne mite met genoeg straatmeriete en komiese oomblikke om die mees rebelse punk 'n traan te laat wegpink. Met Jack Palance en Marianne Sägebrecht.

***MY NEW PARTNER - 'n Komedie met Philippe Noiret en Thierry L'Hermitte. 'n Film deur Claude Zidi.

***THREE FUGITIVES - Die storie van 'n bankrower op parool wat deur 'n ander (patetiese) bankrower aangehou word. Die polisie wil hom nie glo dat hy hierdie keer die onskuldige is nie. Met Nick Nolte,. Martin Short en Sarah Rowland Doroff as die ses-jarige introverte meisietjie wat hulle avonture meemaak.

***1969 - Die Viëtnam-oorlog is alweer 'n tema in hierdie soetsappige weergawe (met dieselfde regisseur as On Golden Pond) van hoe die Hippie-era 'n klein Amerikaanse dorpie tref. Dit draai dié keer om twee kollege-vriende (Kiefer Sutherland en Robert Downey Jr).

***INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE - Harrison Ford is vir die derde keer terug met sy Pa (Sean Connery) en die pragtige Allison Doody as 'n kunshistorikus. Die prent begin met Indiana as jong seun (gespeel deur River Phoenix) en eindig met 'n geestelike ontwaking tydens 'n soektog na niks minder as die Heilige Graal nie.

***RIKKIE AND PETE - 'n Broer en suster-span (Stephen Kearney en Nina Laudis) ontvlug na die Australiese platteland. Briljante "off-beat" Australiaanse komedie.

***DANGEROUS LIASONS - 'n Briljante rolprent. Glenn Close, Michelle Pfeiffer en die wonderlike John Malkovich lewer uitstekende vertonings in die rolprent waarin seksuele en emosionele speletjies tot tragedie lei.

***MISSISSIPPI BURNING - Drie jong menseregte-aktiviste word gedurende die "Freedom Summer" van 1964 in Neshoba Country deur verregses vermoor. Willam Dafoe speel die rol van die liberaal Ward wat die CIA se moordondersoek lei. Gene Hackman is Anderson, Ward se regterhand wat tradisionele sekuriteitstruuks gebruik om die Klan-lede wat die moord gepleeg het, vas te trek.

**TAP - Die verhaal van 'n klopdanser wat na sy tronkstraf nie kan besluit oor sy toekoms nie. Met Gregory Hines (White Nights) en Suzanne Douglas.

**LICENCE TO KILL - James Bond word "gefire" en hy is vol wraakgedagtes. Ongelooflike waagtoertjies. Met Timothy Dalton.

**HAWKS - Anthony Edwards en Timothy Dalton speel die rol van twee pasiënte wat uit 'n hospitaal wegloop om die lewe te gaan geniet (in 'n bekende bordeel in Amsterdam) voor hulle sterf.

**THE PRINCESS BRIDE - Al die klassieke elemente - soos swaardgevegte, wonderwerke en ware liefde - word gesatiriseer en gemoderniseer in die prent. Met Peter Falk, Robin Wright en Britse komediante Peter Cook en Mel Smith.

**CRIMINAL LAW - Word beskou as die riller van die seisoen. 'n Moordenaar loop los op straat rond en die advokaat wat vir sy vryheid geveg het, moet kies tussen sy professie en sy eie morele standaarde. Met Kevin Bacon, Gary Oldman en Tess Harper.

**A CRY IN THE DARK - Meryl Streep vertolk die rol van Lindy Chamberlain in hierdie ware Australiese drama oor 'n getroude paar wat slagoffers van die media word. Die gesin se babadogter word tydens 'n naweekkamp deur 'n dingo weggesleep en hulle word van moord op hulle kind aangekla. Sam Neill speel die rol van Michael Chamberlain. Streep is vir 'n Oscar benoem vir haar vertolking.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak met mekaar gemoeid en die vonke begin spat as emosies en plig teen mekaar gestel word. Met Michelle Pfeiffer, Mel Gibson en Kurt Russel.

**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN - Kim Basinger is 'n wese uit die buitenste ruim en Dan Aykroyd 'n ruimtenavorser - wat uiteindelik met haar trou.

**DEAD RINGERS - Briljante wenner van 10 Kanadese Genie-toekennings waarin Jeremy Irons albei lede van 'n tweeling vertolk. 'n Regte

*Na bladsy 8*



**Diane Keaton en Asia Vieira in The Good Mother**

## Die Afrikaanse weergawe van die filmgidse kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad


SK NOW SHOWING 4th & 5th AUGUST 1989
MOVIES
CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES
CINEMAS ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● TOM SELLECK ● — In — HER ALIBI
SUPER COMEDY — THRILLER (All)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● JOHN RITTER ● — In — BLAKE EDWARDS' ADULT HIT SKIN DEEP
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● PIERCE BROSNAN ● — In — THE DECEIVERS
WAS IT MAGIC, MADNESS OR MURDER? (2-12)
★ SATURDAY at 9.45 am ★ SPIES LIKE US
DAILY: 9.30, 12.10, 2.30, 5.15, 8.00, 10.20 pm
● HARRISON FORD ● SEAN CONNERY ● INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE
Thrilling Adventure for Everyone!

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● TOM SELLECK ● — In — HER ALIBI
SUPER COMEDY — THRILLER (All)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● JOHN RITTER ● — In — BLAKE EDWARDS' ADULT HIT SKIN DEEP
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● DIANE KEATON IN THE POWERFUL DRAMA GOOD MOTHER
Every Passion has its Price. (2-18)
★ SATURDAY ONLY at 10.00 am ★ RETURN TO SNOWY RIVER

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
MARIANNE SÄGEBRECHT ● CCH POUNDER — JACK DALANCY — IN Percy Adlons BAGDAD CAFE
A COMEDY-FABLE – HIGHLY ACCLAIMED! (2-16)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
A WACKY-WILD SPIRITED COMEDY STARS AND BARS
DANIEL DAY-LEWIS ● HARRY DEAN STANTON (2-18)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
JEREMY IRONS ● GENEVIEVE BUJOLD DEAD RINGERS
TWO BODIES. TWO MINDS. ONE SOUL! COMPELING ENTERTAINMENT. (2-18)

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● TOM SELLECK ● — In — HER ALIBI
SUPER COMEDY — THRILLER (All)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● JOHN RITTER ● — In — BLAKE EDWARDS' ADULT HIT SKIN DEEP
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
TED DANSON ● ISABELLA ROSELLINI A TOUCH OF INFIDELITY
COMEDY — DRAMA (2-14)
★ SATURDAY at 9.45 am ONLY ★ WILLOW
DAILY: 9.30, 12.10, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 pm
● HARRISON FORD ● SEAN CONNERY ● INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE
Thrilling Adventure for Everyone!

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THURS: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRIDAY: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● PIERCE BROSNAN ● — In — THE DECEIVERS
WAS IT MAGIC, MADNESS OR MURDER? (2-12)
MON-THURS: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRIDAY: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● NICK NOLTE ● MARTIN SHORT ● THREE FUGITIVES
Laughter-Packed Comedy for Everyone
★ SATURDAY at 10 am ONLY ★ SPACEBALLS
Mel Brookes, John Candy. Comedy (ALL)

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● TOM SELLECK ● — In — HER ALIBI
SUPER COMEDY — THRILLER (All)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
● JOHN RITTER in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT SKIN DEEP
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.30, 12.30, 2.30, 5.15, 8.00, 10.20 pm
● TIMOTHY DALTON as James Bond LICENCE TO KILL
THE BEST BOND EVER! (P.G. 2-10)

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
MON-THURS: 10.30, 2.30, 5.30 and 8.30 pm
● PIERCE BROSNAN ● — In — THE DECEIVERS
WAS IT MAGIC, MADNESS OR MURDER? (2-12)
DAILY: as "The Deceivers" above
● DIANE KEATON ● IN THE POWERFUL DRAMA GOOD MOTHER
Every Passion has its Price. (2-18)

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-8941
FRI & SAT: 2.30 and 8.30 pm ONLY
MON-THURS: 2.30 and 8.30 pm ONLY
● NICK NOLTE ● MARTIN SHORT ● THREE FUGITIVES
Laughter-Packed Comedy for Everyone
DAILY: at 5.30 pm ONLY
EXQUISIT AND UNIQUE SET TO BECOME A CLASSIC AN AFRICAN DREAM
KITTY ALDRIDGE ● JOHN KANI
★ SATURDAY MORNING only at 10.30 am ★ WHO FRAMED ROGER RABBIT

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
FRI: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 11.00, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
MON-THURS: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
● JOHN RITTER in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT SKIN DEEP
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
MON-THURS: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
● NICK NOLTE ● MARTIN SHORT ● THREE FUGITIVES
Laughter-Packed Comedy for Everyone
FRI. 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 11.00, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
MON-THURS: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
● PIERCE BROSNAN In THE DECEIVERS
WAS IT MAGIC, MADNESS OR MURDER? (2-12)
FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
MON-THURS: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00
A WACKY-WILD SPIRITED COMEDY STARS AND BARS
DANIEL DAY-LEWIS ● HARRY DEAN STANTOW (2-18)
★ SATURDAY at 10.30 am ONLY ★ NEVERENDING STORY

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5581
FRI: 2.00, 4.30, 7.00, 9.15 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 7.00, 9.15 pm
MON-THURS: 3.00, 6.00, 8.30 pm
● TOM SELLECK ● — In — HER ALIBI
SUPER COMEDY — THRILLER (All)
FRI: 2.00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
SAT: 2.00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
MON-THURS: 2.30, 5.15, 8.00 pm
● HARRISON FORD ● SEAN CONNERY ● INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE
Thrilling Adventure for Everyone!
★ SATURDAY at 10.30 am ONLY ★ WILLOW

**DRIVE-INS**
★ NIGHTLY AT 7.30 pm ★
R9,50 per Car, Combi or L.D.V. for 2 Films
**Goodwood - Tel 54-4339**
HER ALIBI — Tom Selleck — Super Comedy-Thriller (All)
FOREVER FRIENDS — Bette Midler, Barbara Hershey
**Seabreeze - Tel 701-3309**
THREE FUGITIVES — Nick Nolte, Martin Short — Comedy (All)
GORILLAS IN THE MIST — Sigourney Weaver. Drama (All)
**Skyvue - Tel 903-5130**
SKIN DEEP — John Ritter in Blake Edwards' adult comedy (2-19)
BACK TO FREEDOM — Philip Brown, Cathy Paine. Thriller (All)

● ADGRAPHICS ●



SK STER-KINEKOR 4 – 10 AUGUST
ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET
ENQUIRIES (011) 331-9991 – ALL WELCOME
MOVIES
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

**CENTRAL**

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19)
STARS & BARS (2-18)
THE GOOD MOTHER (2-18)
THREE FUGITIVES (A)
SING (A)
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
LICENCE TO KILL (2-10)
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 11 Aug – WEEDS; 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST; 18 Aug – K-9; 25 Aug – MAJOR LEAGUE
UNDERCOVER PARKING AVAILABLE AT FRONT ENTRANCE TO KINE CENTRE

**NORTH**

**SANDTON CITY 1-7 783-4430/1**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
THREE FUGITIVES (A)
THE GOOD MOTHER (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm — OLIVER & CO (A)
Daily. 5.30, 7.45, 10.00 pm — SING (A)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm — LICENCE TO KILL (2-10)
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST; 18 Aug – K-9; 25 Aug – MAJOR LEAGUE

**EAST**

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19)
THREE FUGITIVES (A)
MOONWALKER (A)
Daily. 10.00, 12.15 pm — OLIVER & CO (A)
Daily. 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm — LICENCE TO KILL (2-10)
COMING ATTRACTION: 11 Aug – SAY ANYTHING; 11 Aug – WEEDS; 18 Aug – K-9

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Mon-Thurs. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST; 18 Aug – K-9

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Mon-Thurs: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
COMING ATTRACTION: 18 Aug – K-9

**350 BOKSBURG 52-4631**
Mon-Thurs. 12.15, 2.30, 5.20, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
Sat: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A)

**PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223**
Mon-Thurs. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
Daily: 10.00, 2.30, 7.45 pm — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A)
Mon-Thurs. 12.15, 5.30 pm; Fri-Sat 12.15, 5.30, 10.00 pm — THREE FUGITIVES (A)
COMING ATTRACTION: 11 Aug – SAY ANYTHING

**WEST**

**WESTGATE 1-3 764-2530**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLICK!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
THREE FUGITIVES (A) — THEY ROB BANKS. SHE STEALS HEARTS! A HILARIOUS COMEDY!
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – K-9

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daily. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CRICLES IN THE FOREST; 25 Aug – MAJOR LEAGUE

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Tickets: Adults R5,00. Scholars R3,50
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only (2-19)
KINJITE – FORBIDDEN SUBJECTS (2-18)
Sat 5 Aug 10.00, 12.15 pm THE DARK CRYSTAL (A)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A)
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – K-9; 18 Aug – CYBORG; 25 Aug – MAJOR LEAGUE

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
SKIN DEEP (Adults only) (2-19)
KINJITE – FORBIDDEN SUBJECTS (2-18)
Sat 5 Aug 10.00, 12.15 pm E.T. (A)
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – K-9

**PRETORIA**

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
STARS AND BARS (2-18) — A COMEDY STARRING DANIEL DAY-LEWIS!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19)
SING (A)
Daily 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.20 pm — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A)
LICENCE TO KILL (2-10)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 pm — MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12)
Daily 7.45, 10.00 pm — DEAD RINGERS (2-18)
COMING ATTRACTION: 11 Aug – WEEDS

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE GOOD MOTHER (2-18) — EVERY PASSION HAS ITS PRICE! WITH DIANE KEATON!
THREE FUGITIVES (A)
BAGDAD CAFE (2-16)
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST

**TRANSVALIA 26-8387**
FILM FESTIVAL — Please phone cinema for details

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Mon-Thurs 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLICK!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
COMING ATTRACTION: 11 Aug – SAY ANYTHING

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIC SKATING — MONDAYS – SATURDAYS
1st Session: 10.00-12.30 pm
2nd Session: 2.00-5.00 pm
Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

*"A film of warmth, humour, and surprising originality!"* LOS ANGELES TIMES
Say anything...
STARTS 11 AUGUST

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
THREE FUGITIVES (A) — NICK NOLTE AND MARTIN SHORT IN THE HIT COMEDY!
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – K-9

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST; 25 Aug – MAJOR LEAGUE

**NORTH**

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
A TOUCH OF INFIDELITY (2-14) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TED DANSON & ISABELLA ROSSELLINI!
THE GOOD MOTHER (2-18) — EVERY PASSION HAS ITS PRICE!
Sat 5 Aug 10.00 am THE GOONIES (A)
COMING ATTRACTIONS: 11 Aug – SAY ANYTHING; 18 Aug – K-9

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Mon-Thurs 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12) — KIM BASINGER AND DAN AKYROYD IN THE HIT COMEDY!
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CIRCLES IN A FOREST; 25 Aug – MAJOR LEAGUE

**POTCH**

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A) — A ROMANTIC COMEDY STARRING TOM SELLECK!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19) — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A)
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CIRCLES IN THE FOREST; 18 Aug – K-9

**VAAL**

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
THE DECEIVERS (2-12) — AN ACTION THRILLER STARRING PIERCE BROSNAN!
SKIN DEEP (Adults only) (2-19)
COMING ATTRACTIONS: 18 Aug – CRICLES IN A FOREST; 18 Aug – K-9

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daily. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
HER ALIBI (A)
THREE FUGITIVES (A)
COMING ATTRACTION: 11 Aug – SAY ANYTHING

**Sun City Theatres 014651-21174**
NOW SHOWING: OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: WEEDS (2-19); MOONWALKER (A)
CINE 1: BARE BEHIND BARS (Adult); TRINITY BROWN (Adult); LAS VEGAS MANIACS (Adult)
CINE 2: SWINGING PARTIES (Adult); MY NIGHTS WITH MESSALINA (Adult); KINKY LADIES OF BOURBON ST (Adult)

**SK THE MECCA OF QUALITY FILMS**
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at 10.00 am, 12.15 & 2.30 pm only at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: WEEDS; CAMILLE CLAUDEL; THE CHOCOLATE WAR; FAR NORTH; HANUSSEN

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — BAGDAD CAFE (2-16)
Daily: 10.00, 2.15, 5.30, 9.00 — AMADEUS (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — DEAD RINGERS (2-18)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — 1969 (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — RIKKY & PETE (2-16)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — HAWKS (2-10)

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — STARS AND BARS (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — THE GOOD MOTHER (2-18)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

**SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS**
FOUNTAINS 44-2454 — TOM HANKS IN HIS LATEST HIT COMEDY! THE BURBS (A); A FISH CALLED WANDA (2-18); 11 Aug HER ALIBI/SPLIT DECISION
SWARTKOPS 374-4902 — THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! SKIN DEEP (Adults only) (2-19); BACK TO FREEDOM (A); 11 Aug THREE FUGITIVES/MOONWALKER
WONDERBOOM 57-1108 — TOM SELLECK IN THE ROMANTIC COMEDY HER ALIBI (A); TEQUILA SUNRISE (2-18); 11 Aug. SAY ANYTHING/MY STEPMOTHER IS AN ALIEN
LYNNWOOD 87-1633 — THE SONG AND DANCE FILM OF 1989! SING (A); MARRIED TO THE MOB (2-16); 11 Aug SKIN DEEP/BACK TO FREEDOM
UITSPAN 7-2515 — NICK NOLTE AND MARTIN SHORT IN THE HIT COMEDY! THREE FUGITIVES (A); THE RESCUE (A); 11 Aug POLICE ACADEMY 6/STEEL JUSTICE
JAKARANDA 54-9115 9 — HARRISON FORD IN INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); POLTERGEIST 3 (2-12); 11 Aug THREE FUGITIVES/GORILLAS IN THE MIST
WITBANK 01351-81064 — ACTION ALL THE WAY IN THIS SUPER DOUBLE! LICENCE TO KILL (2-10); WILLOW (A); 11 Aug. POLICE ACADEMY 6/D.O.A.
RUSTENBURG 01421-29358 — FUN FILLED COMEDY DOUBLE! POLICE ACADEMY 6 (A); FUNNY FARM (A); 11 Aug. SING/BAT 21

**SK STER-KINEKOR 4 – 10 Aug DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT**
IT'S THE TALK OF THE TOWN! IT'S VERY VERY NAUGHTY! SKIN DEEP
NOW SHOWING – SPEEDY'S and BRAKPAN DRIVE-INS
SHOW STARTS 7.00 PM
CAFETERIA OPENS 6.00 PM

**CITY and COUNTRY**
TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877 — TOM SELLECK STARS IN THIS SUPER COMEDY! HER ALIBI (A); THE RESCUE (A)
STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131 — HARRISON FORD & SEAN CONNERY IN INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); WILLOW (A); SUPER FAMILY DOUBLE!
VEREENIGING 816-1444/12-3211 — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); MIRACLE ON 8TH STREET (A); BE ADVISED – COME EARLY!
MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060 — IT'S FAME, FOOTLOOSE, FLASHDANCE ALL IN ONE GREAT MOVIE! SING (A); TAP (A); 11 Aug LICENCE TO KILL/SCROOGED
KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117 — IT'S FAME, FOOTLOOSE, FLASHDANCE – ALL IN ONE GREAT MOVIE! PLUS ALL TIME FAVOURITE! SING (A); DIRTY DANCING (2-10); 11 Aug: MY STEPMOTHER IS AN ALIEN

**JOHANNESBURG NORTH and WEST RAND**
VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812 — TV'S MAGNUM PI – TOM SELLECK IN HER ALIBI (A); TEQUILA SUNRISE (2-18)
5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963 — HARRISON FORD & SEAN CONNERY IN INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); SHE'S HAVING A BABY (A); 11 Aug A FISH CALLED WANDA/NAKED GUN
STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468 — CHARLES BRONSON - SEX AND ACTION! KINJITE – FORBIDDEN SUBJECTS (2-18); A CRY IN THE DARK (A); 11 Aug RAINMAN/A FISH CALLED WANDA
HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212 — IT'S FUUUUUUNNNY! GET RID OF THE BLUES – HAVE A FUN NIGHT OUT! THREE FUGITIVES (A); NICO (2-18); 11 Aug INDINA JONES & THE LAST CRUSADE
KRUGERSDORP 412-1843/953-1959 — THE BIGGEST FAMILY DOUBLE EVER WITH TWO HIT MOVIES! OLIVER & CO (A); WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); 11 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

**EAST RAND**
ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017 — BRING THE WHOLE FAMILY! OLIVER & CO (A); BETTE MIDLER STARS IN FOREVER FRIENDS (A); 11 Aug SAY ANYTHING/MY STEPMOTHER IS ALIEN
KEMPTON PARK 816-1444/976-4905 — TOM HANKS - ARNOLD SCHWARZENEGGER & DANNY DE VITO IN THE SUPER COMEDY DOUBLE! THE BURBS (A); TWINS (A); 11 Aug ACCUSED/RAINMAN
BRAKPAN 816-1444/915-3907 — THE SEX COMEDY THAT IS THE TALK OF SOUTH AFRICA - BREAKING ALL BOX OFFICE RECORDS! SKIN DEEP (Adults only) (2-19); MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12); BE ADVISED – COME EARLY!
SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138 — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); GUNG – HO (A); SUPER FAMILY DOUBLE!
NIGEL 816-1444/739-6616 — INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE (A); POLTERGEIST 3 (2014); 11 Aug CHARLES BRONSON – KINJITE

SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129 — DUE TO THE NATURE OF THIS COMEDY IT IS NOT RECOMMENDED FOR CHILDREN! SKIN DEEP (Adults only) (2-19); BACK TO FREEDOM (A); BE ADVISED – COME EARLY!
PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411 — THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY! MY STEPMOTHER IS AN ALIEN (2-12); SING (A); 11 Aug SAY ANYTHING/THINGS CHANGE
GERMISTON 816-1444/902-1607/8 — SUPER COMEDY & DRAMA DOUBLE FOR THE WHOLE FAMILY! THREE FUGITIVES (A); FOREVER FRIENDS (A); 11 Aug. INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

# DIE WEEK SE TV

*Vanaf bladsy 7*

Cronenberg-riller. Ook met Genevieve Bujold.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.

*AN AFRICAN DREAM - 'n Koloniale verlenging van die Britse rolprentbedryf waarin die Britte probeer vergoed vir hulle misdrywe in die kolonies. Met John Kani en Kitty Aldridge.

*SING - Nog 'n Amerikaanse tienerfliek oor 'n arm buurt se laaste poging om hulle kinders se skool te red.

*POLICE ACADEMY 6 - Dieselfde klomp is terug in 'n fliek waar mense in die water val, pistole vlaggies met "BANG" op uitskiet en die verkeerde boef gevang word. (Wonder by watter nommer Rocky al trek).

*KINJITE (Forbidden Subjects) - Charles Bronson is nog nie dood nie. In Kinjite veg hy weer man-alleen teen booswigte wat dié keer mense se lewens met dwelms verwoes.



**Jeremy Irons in Dead Ringers**

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68 Vanaand: 6:00 nm Gorillas in the Mist, 8:15 nm My Stepmother is an Alien, 10:15 nm Hail Hail Rock and Roll. Saterdag om 10:00 vm en 2:30 nm An American Tale, 6:00 nm The Kitchen Toto, 7:45 nm The Night Porter, 10:00 nm Blue Velvet.

JOHANNESBURG

4AD FILM SOCIETY - Corlett City
Sondagaand: Closely Watched Trains met Vaclav Neckar en Jitka Bendova is 'n bittersoet komedie wat afspeel teen die agtergrond van Nazi-oorname van Tsjeggo-Slowakye.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow.
Vanaand en Saterdagaand wys The Cry of Reason met Beyers Naude en van 7 tot 9 Augustus kan John Cleese in Clockwise gesien word.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## Hoogtepunte

# Saterdagaand is giggel-aand

SOPHIA LOREN se storie word vanaand op TV4 vertel. Die verhaal begin by haar ma, Romalda Villani, wat 'n Greta Garbo 'look-alike' kompetisie wen en haar ouers wat haar nie wil toelaat om die prys, wat 'n reis na Amerika is, te aanvaar nie. Sy loop weg, raak verlief, raak verwagtend en voilà... Sophia.

OUTRAGEOUS FORTUNE wys Maandagaand op M-Net met niemand anders as Bette Midler en Shelley Long in die hoofrolle nie. Die twee dames vind per ongeluk uit dat hulle dieselfde dele van 'n man benodig en soos dit sulke dames betaam is hulle nie bereid om die dele te deel nie. Die spesifieke man verdwyn skielik en die twee sit hom agterna... Ook met Peter Coyote.

'n Riller gegrond op die novelle van John Katzenbach THE MEAN SEASON wys Dinsdagaand op M-net. 'n Verslaggewer word die persoonlike woordvoerder van 'n psigopatiese moordenaar. Met Kurt Russell, Mariel Hemingway en Richard Jordan.

Saterdagaand is giggel-aand op TV4 met die veteraan straat-komediant van die Amerika's Redd Foxx se sit-com om 6:03 nm en later die Tracy Ullman Show (skakel tussen-in oor ná LA Law op TV1) om 10:21 nm.

BUCK ROGERS! (ek meen Roger Moore) is terug as agent 007 in MOONRAKER op M-Net vanaand en hierdie keer moet hy 'n slegte biljoenêr wat 'n ruimtestasie wil misbruik, keer. Die kolossale Jaws (die man met die blink tande) hou nie baie van Bond nie en hy is nie skaam om dit te wys nie.

Gene Wilder se groot rolprentdeurbraak, die komedie-riller YOUNG FRANKENSTEIN wys Woensdagaand op M-net. Gene speel die rol van die oorspronklike mal dokter se kleinseun wat na Transilvanië terugkeer om sy eie monster (met moderne metodes) te skep. Ook met borreloog Marty Feldman en Peter Boyle. Die fliek is in swart en wit geskiet vir effek.

Opera-liefhebbers kan gerus Sondag kyk na die dokumentêr oor LOHENGRIN op TV1.

THE GIRLS IN THE OFFICE wat Dinsdag op M-net vertoon word, handel oor drie jong vroue wat na Texas gaan om die sakewêreld te beproef. Al drie is uiteenlopende karakters met verskillende idees oor met wie wat gedoen moet word om 'n suksesvolle sakevrou te word. Met Barbara Eden, Susan St. James, Penny Peyter en David Wayne as die drie dames se baas.

Die reeks MASADA begin Sondagaand op TV4 en handel oor die stryd tussen twee buitengewone mans teen die historiese agtergrond van die bekende Masada-berg waar honderde Jode verkies het om selfmoord te pleeg eerder as om aan die Romeine oor te gee. Met Peter O'Toole, en Barbara Carrera.

TWO OF A KIND met John "wikkellyf" Travolta en Olivia "seksie lyfie" Newton-John in die hoofrolle wat saamsaam die aarde moet red teen 'n tweede vloed deur te bewys dat daar tog nog 'n paar aardbewoners is wat iets beteken. Dit is natuurlik baie moeilik. Die fliek wys Maandagaand op M-Net.

Saterdagaand wys SOMETHING IN COMMON met Ellen Burstyn en Tuesday Weld op TV1. Dis 'n lighartige kykie na die liefde wat wentel om die lewe van 'n gesofistikeerde en aantreklike weduwee wat uitvind dat haar seun op 'n (heelwat) ouer vrou verlief geraak het. Ook met Patrick Cassidy.



**Valerie Curtin, Ed Winter en Sally Struthers in die reeks 9 to 5 op TV4.**

## VRYDAG 4

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
10.00 Laataandsessie
10.25 Prof du Plessis (Die Onwettige Huwelik)
12.05 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Sophia Loren: My Own Story - kyk onder hoogtepunte
11.31 Casino Series II

**M-NET**
10.30 About Last Night
12.20 Money Programme
2.30 Telygames
3.00 Code of Silence
4.40 60 Minutes
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Amen
Intekenare
7.00 Miss Teen USA Pageant 1989
9.00 Moonraker - kyk onder hoogtepunte
10.20 Money Programme
11.00 The Woman Next Door

## SATERDAG 5

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Something in Common - kyk onder hoogtepunte
11.05 Late Night Live
11.45 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.21 The Tracy Ullman Show
10.46 TJ Hooker

**M-NET**
11.30 Revue Plus
12.30 Redezvous
1.30 Motorsport
2.00 Boks
4.00 Rugby
5.30 Newsnight
Oop Tyd
6.00 Houston Nights
6.55 Vyf Rose-kompetisie
Intekenare
7.00 My Science Project
8.00 60 Minutes
9.00 Boks
11.00 Cop
12.45 Hot Hits

## SONDAG 6

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 The World of Audubon
3.20 Arbeiders van die See
4.15 Collage
5.20 Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Lohengrin - 'n Dokumentêr
10.30 The National Gallery
11.00 Perspektief

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Masada - kyk onder hoogtepunte
9.57 227
10.24 Sing Country
10.56 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
7.31 Anubhav
8.40 Wheels of Fire
9.10 Raas Garga
9.50 Ramayan
10.30 Portugese diens begin
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Rodo Do Fogo
Intekenare
1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
2.00 Arnold of the Ducks
2.30 A Waltz through the Hills
3.00 From Disney with Love
4.30 60 Minutes
4.50 Panorama
5.30 Run away with the rich and famous
Oop Tyd
6.00 Falcon Crest
Intekenare
7.00 Carte Blanche
7.57 JSE kompetisie
8.00 Wildlife on One
8.30 Bon Voyage
9.00 Breaker Morant
10.45 Newsnight
11.00 The Pope of Greenwich Village

## MAANDAG 7

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Webster
4.55 Filemon the Cat
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
9.35 Skoenlappers
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.45 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.12 The Beam

**M-NET**
10.30 Sudden Impact
2.30 Telygames
3.00 Code of Silence
5.00 The Incredible Hulk
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 Two of a Kind - kyk onder hoogtepunte
8.25 West 57th
9.00 Outrageous Fortune - kyk onder hoogtepunte
10.35 Newsnight
11.00 About Last Night

## DINSDAG 8

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die Onfeilbare Vennootskap
8.00 Network
9.00 Dallas
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 The Girls in the Office - kyk onder hoogtepunte
10.50 The Hit Squad
11.13 Gunsmoke

**M-NET**
10.30 The Pope of Greenwich Village
12.30 Rendezvous
2.30 Telygames
3.00 Breaker Morant
4.45 Earthfile
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.00 The Mean Season - kyk onder hoogtepunte
8.40 60 Minutes
9.00 Tennis
10.00 Carte Blanche
11.00 My Science Project

## WOENSDAG 9

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
4.55 Filemon
5.10 ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Die Ma-Plotters - Die eerste van 'n splinternuwe reeks oor die wel en weë van dié kleinhoewebewoners
12.30 Hitchcock Bied Aan...
12.55 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Garibaldi
11.48 9 to 5

**M-NET**
10.30 Cop
12.15 West 57th
2.30 Telygames
3.00 The Woman Next Door
4.40 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 The Flintstone Kids
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.00 Moonraker
8.20 60 Minutes
9.00 Young Frankenstein - kyk onder hoogtepunte
10.45 Newsnight
11.00 Deadly Intentions

## DONDERDAG 10

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Bart Nel - heruitsending van die drama oor Afrikanerpolitiek en chauvinisme met Karel Trichardt en Sandra Prinsloo in die hoofrolle
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 A Funny Thing Happened on the Way to the Forum
12.35 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.52 Cheers
10.26 Misdaad in Miami
11.32 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Outrageous Fortune
12.05 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 My Science Project
5.00 The Berenstein Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Hoogtepunte van die Silk Cut British Jumping Derby
9.00 The Silence - 'n Riller oor 'n Russiese wetenskaplike wat London toe gestuur word en in die moeilikheid beland. Met Lino Ventura en Lea Massari.
11.00 Deadly Intention

# Wie het die kookboeke gesteel? - 4